

# **DIE INKOMSTEBELASTINGGEVOLGE VAN DIE VERKRYGING VAN 'N SKULDBRIEF TEEN 'N DISKONTO**

**deur**

**Deon Bernard Malan de Villiers**

**'n Werkstuk voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die**

**graad M.Rekeningkunde (Belasting)**

**in die Fakulteit Handel en Administrasie**

**aan die Universiteit van Stellenbosch**




**Studieleier: Prof. C.J. van Schalkwyk**

**Desember 2001**

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Deon Bernard Malan de Villiers, dat hierdie werkstuk my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.



.....  
D.B.M. de Villiers

Desember 2001

## UITTREKSEL

In hierdie studie word die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto ondersoek. Die doel van hierdie studie is om te bepaal of die opbrengs met die aflossing en verkoop van sodanige skuldbrief van 'n inkomste- of kapitale aard is.

Een van die gebruiklikste metodes vir 'n maatskappy om langtermynleningsfondse te bekom, is deur die uitreiking van skuldbriewe. Skuldbriewe kan teen 'n diskonto uitgereik word. Daar bestaan 'n algemene onsekerheid in die beskikbare literatuur met betrekking tot die inkomstebelastinggevolge van 'n skuldbrief wat teen 'n diskonto verkry is.

Artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet* sluit spesifiek 'n diskonto by die omskrywing van "rente" in. Die *Inkomstebelastingwet* bevat egter nie 'n algemene omskrywing van die woorde "rente" en "diskonto" nie. Die gebrek aan 'n statutêre omskrywing van bogenoemde woorde dra by tot die onsekerheid van die inkomstebelastinggevolge van die aflossing of verkoop van 'n skuldbrief.

Die skrywer oorweeg die volgende:

- (a) die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs met aflossing en verkoop van 'n skuldbrief;
- (b) die bepalings van artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet*; en
- (c) die bepalings van die kapitaalwinsbelasting-wetgewing.

Ten einde die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs met aflossing en verkoop van 'n skuldbrief te bepaal, word die volgende aspekte bespreek:

- Die eienskappe van 'n skuldbrief vanuit 'n ekonomiese- en regs oogpunt. Die faktore wat die waarde van die diskonto van 'n skuldbrief beïnvloed, word vanuit 'n ekonomiese oogpunt oorweeg.
- Die riglyne wat algemeen ter sprake is by die bepaling van die inkomste- of kapitale aard van toevallings. Daar word spesifiek na die riglyne soos deur

die Suid-Afrikaanse geregshoue neergelê, verwys. 'n Onderskeid word kortliks getref tussen die riglyne wat vereis dat 'n belastingpligtige se doel met betrekking tot 'n bate vasgestel word en daardie riglyne wat onafhanklik van 'n belastingpligtige se doel toegepas word.

- Die algemene riglyne word op die opbrengs met aflossing en verkoop van 'n skuldbrief toegepas. Die gewone betekenis van rente asook die betekenis van rente ingevolge die *Inkomstebelastingwet* word oorweeg. Die verband tussen 'n diskonto en rente word ondersoek. Engelse, Australiese en Kanadese regspraak word oorweeg.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat 'n diskonto wat met die aflossing van 'n skuldbrief realiseer, rente van aard is. 'n Diskonto wat met aflossing realiseer is 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend en dus nie van 'n kapitale aard nie. 'n Opbrengs met die oordrag van 'n skuldbrief is nie van 'n kapitale aard nie indien dit verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.

Die skrywer is van mening dat artikel 24J die toepassing van die algemene riglyne beïnvloed. Die skrywer is van mening dat die objektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van toevallingsbedrae soos ingevolge artikel 24J bereken vas te stel. 'n Toevallingsbedrag sluit 'n proporsionele gedeelte van 'n diskonto in. Die objektiewe riglyn moet toegepas word ongeag of 'n skuldbrief tot op die aflosdatum gehou word of daarvoor oorgedra word.

Die bepaling van artikel 24J moet toegepas word voordat die kapitaalwins of –verlies ingevolge die Agtste Bylae bereken word. Die opbrengs moet verminder word met enige bedrag wat by bruto inkomste ingesluit word of in ag geneem word by die vasstelling van belasbare inkomste. Die basiskoste van 'n skuldbrief wat teen 'n premie verkry is moet aangepas word met die bedrag van die premie wat reeds in ag geneem is om die belasbare inkomste van die houër van 'n skuldbrief te bepaal.

## ABSTRACT

In this study, the income tax implications of the acquisition of a debenture at a discount is investigated. The purpose of this study is determine whether the proceeds from the redemption or disposal of the above-mentioned debenture are of a revenue or capital nature.

It is customary for companies to issue debentures in order to obtain long term finance. These debentures may be issued at a discount. There exists a general uncertainty in the academic literature regarding the income tax implications of the acquisition of a debenture at a discount to the face value thereof.

Section 24J of the *Income Tax Act* includes a discount in the definition of "interest". There is no general definition of the words "interest" and "discount" in the *Income Tax Act*. The lack of a statutory definition of these words contributes to the uncertainty regarding the income tax treatment of the sale or redemption of a debenture.

The following aspects are discussed:

- (a) the revenue or capital nature of the proceeds on redemption and transfer of a debenture;
- (b) the provisions of section 24J of the *Income Tax Act*; and
- (c) the provisions of capital gains tax.

In order to determine the revenue or capital nature of the proceeds on redemption or transfer of a debenture, the following aspects are discussed:

- The attributes of a debenture from an economic and legal perspective. The factors that determine the value of the discount of a debenture are considered from an economic viewpoint.
- The guidelines that apply in general to determine the revenue or capital nature of accruals are considered with specific reference to the guidelines laid down by the South African courts. A distinction is drawn between the

guidelines that consider the intention of the taxpayer and those guidelines that operate independently of the intention of the taxpayer.

- The general guidelines are then applied to the proceeds on redemption or transfer of a debenture. The ordinary meaning of interest and the meaning of the interest in the *Income Tax Act* are considered. The relation between a discount and interest is examined. Case law from England, Australia and Canada are also considered.

The writer comes to the conclusion that a discount that realises on redemption of a debenture is in the nature of interest. The discount is revenue derived from capital productively employed and therefore not of a capital nature. The proceeds from the transfer of a debenture is not of a capital nature if it is a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making.

The writer is of the opinion that section 24J influences the application of the general principles. The writer is of the opinion that the objective test should be applied to determine the nature of the accrual amount in terms of section 24J. The accrual amount will include a proportional amount of the discount. The objective test should be applied irrespective of whether the debenture is held until redemption or transferred before redemption.

The provisions of section 24J should be applied before the capital gain or capital loss is determined in terms of the Eight Schedule to the *Income Tax Act*. The proceeds from disposal must be reduced by any amount of the proceeds that was included in gross income or taken into account in determining the taxable income of a person. The base cost of a debenture acquired at a premium must be reduced by the amount of the premium that was allowed as a deduction in determining the taxable income of the holder of a debenture.

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsy</b>
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>	
1	AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING 2
2	OMVANG VAN DIE STUDIE 3
3	NAVORSINGSMETODE EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE 4
3.1	Regs aard en waardasie van 'n skuldbrief 4
3.2	Aard van toevallings in die algemeen 4
3.3	Betekenis van rente en aard van 'n diskonto 4
3.4	Artikel 24J en toepassing van algemene beginsels 5
3.5	Kapitaalwinsbelasting en houer van 'n skuldbrief 5
3.6	Opsomming en gevolgtrekkings 5
4	MOTIVERING VIR DIE STUDIE 5
<b>HOOFSTUK 2: REGSAARD EN WAARDASIE VAN 'N SKULDBRIEF</b>	
1	INLEIDING 7
2	REGSAARD VAN 'N SKULDBRIEF 7
2.1	Algemeen 7
2.2	Regte en verpligtinge van die lener en uitlener 8
3	WAARDASIE VAN 'N SKULDBRIEF 10
3.1	Algemeen 10
3.2	Berekeningsformule 10
3.3	Verlangde opbrengskoers en kapitaalrisiko 11
4	OPSOMMING 14

	<b>HOOFSTUK 3: AARD VAN TOEVALLINGS IN DIE ALGEMEEN</b>	15
1	INLEIDING	16
2	BRUTO INKOMSTE OMSKRYWING	16
3	TOEVALLINGS NIE VAN 'N KAPITALE AARD	17
3.1	Inleiding	17
3.2	Inkomste vanuit 'n ekonomiese oogpunt	18
3.3	Geïdentifiseerde riglyne in die regspraak	19
3.3.1	Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend	19
3.3.1.1	Algemeen	19
3.3.1.2	Bedrae voortgebring	20
3.3.1.3	Produktiewe aanwending	23
3.3.1.4	Kapitaal	25
3.3.1.5	Opsomming	27
3.3.2	Inkomste is winste verkry uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag	27
4	OPSOMMING	31
	<b>HOOFSTUK 4: BETEKENIS VAN RENTE EN AARD VAN 'N DISKONTO</b>	32
1	INLEIDING	33
2	BETEKENIS VAN RENTE INGEVOLGE DIE INKOMSTEBELASTINGWET	33
2.1	Inleiding	33
2.2	Woordeboekbetekenis van rente	34
2.3	Betekenis van rente ingevolge regspraak	36
2.3.1	Voorbeelde uit regspraak	36
2.3.2	Edgar se interpretasie	38



2.3.3	Diskonto's	40
2.4	Betekenis van rente ingevolge die Inkomstebelastingwet	42
2.5	Opsomming	43
3	INKOMSTE- OF KAPITALE AARD VAN 'N DISKONTO	44
3.1	Inleiding	44
3.2	Funksionele benadering	44
3.3	'n Kritiese evaluering van kapitaalrisiko in die konteks van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg	51
3.4	Onderskeid tussen die aflossing en oordrag van skuldbriewe	54
3.5	Aard van die opbrengs met aflossing van skuldbriewe	57
3.6	Aard van die opbrengs met oordrag van skuldbriewe	60
4	OPSOMMING	63
	<b>HOOFSTUK 5: ARTIKEL 24J EN TOEPASSING VAN ALGEMENE BEGINSELS</b>	65
1	INLEIDING	66
2	TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 24J	66
2.1	Algemeen	66
2.2	Toevalling van rente	66
2.3	Aangepaste wins met die oordrag of aflossing van 'n instrument	71
2.4	Aangepaste verlies met die oordrag of aflossing van 'n instrument	73
3	INVLOED VAN ARTIKEL 24J OP DIE ALGEMENE BEGINSELS	75
3.1	Die aard van 'n diskonto	75
3.2	Die aard van die aangepaste wins met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief	77
4	OPSOMMING	78

	<b>HOOFSTUK 6: KAPITAALWINSBELASTING EN HOUER VAN 'N SKULDBRIEF</b>	80
1	INLEIDING	81
2	DIE BEPALINGS VAN DIE AGTSTE BYLAE VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET	81
2.1	Algemeen en woordomsrywings	81
2.2	Belasbare kapitaalwinste en vasgestelde kapitaalverliese	82
2.3	Beskikking oor 'n skuldbrief	84
2.3.1	Beskikking	84
2.3.2	Tydstip van beskikking	84
2.3.3	Opbrengs met beskikking	85
2.4	Basiskoste	86
2.4.1	Basiskoste van 'n skuldbrief	86
2.4.2	Basiskoste van identiese bates	87
2.4.3	Vasstelling van basiskoste van voor-waardasiedatumskuldbriewe	88
3	VERGELYKING TUSSEN ARTIKEL 24J EN DIE AGTSTE BYLAE	89
3.1	Die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae	89
3.2	Beskikkings	90
3.3	Opbrengs met beskikking	91
3.4	Basiskoste van 'n skuldbrief	91
4	OPSOMMING	92
	<b>HOOFSTUK 7: OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS</b>	93
	<b>BYLAE A: WISSELWERKING TUSSEN ARTIKEL 24J EN AGTSTE BYLAE</b>	98
	<b>BRONNELYS</b>	107

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

<b>1</b>	<b>AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING</b>	<b>2</b>
<b>2</b>	<b>OMVANG VAN DIE STUDIE</b>	<b>3</b>
<b>3</b>	<b>NAVORSINGSMETODE EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE</b>	<b>4</b>
3.1	Regs aard en waardasie van 'n skuldbrief	4
3.2	Aard van toevallings in die algemeen	4
3.3	Betekenis van rente en aard van 'n diskonto	4
3.4	Artikel 24J en toepassing van algemene beginsels	5
3.5	Kapitaalwinstbelasting en houer van 'n skuldbrief	5
3.6	Opsomming en gevolgtrekkings	5
<b>4</b>	<b>MOTIVERING VIR DIE STUDIE</b>	<b>5</b>

## 1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Die doel van hierdie studie is om die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto te bepaal. Die skrywer sal die volgende oorweeg:

- die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs met aflossing en verkoop van 'n skuldbrief;
- die bepalings van artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet*<sup>1</sup>; en
- die bepalings van die kapitaalwinsbelasting-wetgewing.

Artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet* sluit spesifiek 'n diskonto by die omskrywing van die begrip "rente" in. Die *Inkomstebelastingwet* bevat egter nie 'n algemene omskrywing van die begrippe "rente" en "diskonto" nie. Die gebrek aan 'n statutêre omskrywing van bogenoemde begrippe skep 'n onsekerheid ten opsigte van die inkomstebelastinggevolge van die opbrengs met die verkoop of aflossing van 'n skuldbrief wat teen 'n diskonto verkry is.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens is van mening dat 'n diskonto normaalweg 'n toevalling<sup>2</sup> van 'n inkomste aard is:<sup>3</sup>

*"As interest accrued to a person is in terms of general principles normally regarded to be an accrual of a revenue nature in the hands of such person, a discount accruing to a holder of an instrument will normally constitute an accrual of a revenue nature in the hands of such holder, whether or not he holds the instrument as a dealer or investor. A discount has always been considered for tax purposes as a revenue nature." (Eie onderstreping.)*

Meyerowitz stem nie noodwendig met hierdie standpunt saam nie en huldig die volgende mening:<sup>4</sup>

---

<sup>1</sup> Die *Inkomstebelastingwet*, Wet 58 van 1962 soos gewysig. Hierna in hierdie studie "die *Inkomstebelastingwet*" genoem.

<sup>2</sup> In hierdie studie sal die verwysing na 'n "toevalling" ook 'n "ontvangste" insluit tensy die skrywer spesifiek 'n onderskeid tussen die twee begrippe tref.

*“That interest bearing stock is issued at a discount does not (ignoring section 24J) invariably mean that on redemption at face value the discount is to be treated as income... We would be surprised therefore to learn that prior to section 24J investors ever considered themselves taxable on the discount should they have held the stock to redemption or that Revenue sought to tax them.”*

Ander akademiese skrywers huldig 'n soortgelyke mening.<sup>5</sup>

Die vraag of 'n toevalling van 'n diskonto in die geval van 'n belegger van 'n inkomste- of kapitale aard is, is tot dusver nog nie deur 'n Suid-Afrikaanse geregshof oorweeg nie.

## 2 OMVANG VAN DIE STUDIE

Ten einde die probleemstelling op te los sal die skrywer eerstens die regs aard van 'n skuldbrief ondersoek. Die algemene beginsels wat by die bepaling van die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling ter sprake is, word oorweeg deur spesifiek na die riglyne te verwys wat deur die Suid-Afrikaanse geregshof neergelê is.

Die vraag ontstaan of die gewone betekenis van die begrip “rente” 'n diskonto insluit. Die gewone betekenis van rente en diskonto sal oorweeg word. Daarna word die bepaling van artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet*, asook die invloed daarvan op die algemene beginsels om die inkomste- of kapitale aard van toevallings te bepaal, ondersoek.

---

<sup>3</sup> Sien Meyerowitz *Taxation of Financial Instruments* 48 waar die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se standpunt uiteengesit word.

<sup>4</sup> Sien Meyerowitz *Taxation of Financial Instruments* 49-50.

<sup>5</sup> Holland *Interest of a capital nature* sê op 93: “In the event that the trust intends to purchase the stock as an investment with a view to sale at maturity, it can be argued the discount received represents a capital amount and hence not subject to s 24J.”

Divaris en Steyn *Silke* 3.33 sê op 3-69: “In practice, the benefit of a premium or discount on loans or debentures is not usually taxable in the hands of an ordinary investor who is entitled to a reasonable commercial rate of interest, apart from the benefit of the discount and premium.”

Meyerowitz *Income Tax* 13.6 sê op 13-5: “Where money is borrowed at a discount (eg the issue of debentures or government, local authority loans, stock, etc) ie they are repayable at their face value and not at the discounted value, or are repayable at a premium, the difference between the purchase price and the amount repayable will in the hands of the taxpayer who has acquired the instrument as an investment normally be a capital profit.”

Die bepalings van die kapitaalwinsbelasting-wetgewing word daarna op die houer van 'n skuldbrief toegepas.

Ander vorme van belasting val buite die omvang van hierdie studie.

### **3 NAVORSINGSMETODE EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE**

Die historiese metode word toegepas. Die navorsing is hoofsaaklik gerig op 'n literatuurstudie van suiwer teoretiese aspekte, aangewend deur die gebruik van gepubliseerde of ongepubliseerde empiriese gegewens. Die raamwerk hierna uiteengesit gee 'n gestruktureerde indeling volgens hoofstukke van die omvang van die studie soos in paragraaf twee beskryf.

#### **3.1 Regsaard en waardasie van 'n skuldbrief**

In hoofstuk twee word die eienskappe van 'n skuldbrief vanuit 'n ekonomiese- en regs oogpunt kortliks ondersoek. Die faktore wat die waarde van die diskonto van 'n skuldbrief beïnvloed, word vanuit 'n ekonomiese oogpunt oorweeg.

#### **3.2 Aard van toevallings in die algemeen**

In hoofstuk drie word die riglyne wat algemeen ter sprake is by die bepaling van die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling bespreek. Daar word spesifiek na die riglyne soos deur die Suid-Afrikaanse geregshoue neergelê, verwys. 'n Onderskeid word tussen die objektiewe en subjektiewe riglyne getref.

#### **3.3 Betekenis van rente en aard van 'n diskonto**

In hoofstuk vier word die gewone betekenis van rente ondersoek. Die betekenis van rente ingevolge die *Inkomstebelastingwet* word oorweeg.

Die gewone betekenis van 'n diskonto en die verband tussen 'n diskonto en rente, word ook ondersoek. Die algemene beginsels om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal word daarna op die toevallings van die houer van 'n skuldbrief toegepas.

Die skrywer is van mening dat 'n ondersoek van die Engelse, Australiese en Kanadese regspraak van waarde is ten einde die probleemstelling van hierdie studie te ondersoek.

### **3.4 Artikel 24J en toepassing van algemene beginsels**

In hoofstuk vyf word die bepalings van artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet* kortliks op die houer van 'n skuldbrief toegepas. Die invloed van artikel 24J op die algemene beginsels om die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto te bepaal, word ondersoek.

### **3.5 Kapitaalwinsbelasting en houer van 'n skuldbrief**

In hoofstuk ses word die bepalings van die kapitaalwinsbelasting-wetgewing op die houer van 'n skuldbrief toegepas. Die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet* word ondersoek. Hierdie wisselwerking word aan die hand van praktiese voorbeelde in *Bylae A* toegelig.

### **3.6 Opsomming en gevolgtrekkings**

Hoofstuk sewe gee 'n samevatting van die studie asook die gevolgtrekkings waartoe die skrywer ten aansien van die probleemstelling gekom het.

## **4 MOTIVERING VIR DIE STUDIE**

Een van die gebruiklikste metodes vir 'n maatskappy om langtermynleningsfondse te bekom, is deur die uitreiking van skuldbriewe. Daar bestaan 'n algemene onsekerheid in die beskikbare literatuur met betrekking tot die inkomstebelastinggevolge van 'n skuldbrief wat teen 'n diskonto verkry is.<sup>6</sup>

Die skrywer is van mening dat hierdie studie die probleem van die aard van 'n diskonto aanspreek ten einde groter sekerheid vir die houers van skuldbriewe aan die hand te werk.

Kapitaalwinsbelasting beklemtoon die nodigheid om tussen toevallings van 'n inkomste- en toevallings van 'n kapitale aard te onderskei. Kapitaalwinste word teen 'n laer effektiewe belastingkoers as inkomstewinste belas.

---

<sup>6</sup> Sien paragraaf een.

## HOOFSTUK 2

### REGSAARD EN WAARDASIE VAN 'N SKULDBRIEF

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>7</b>
<b>2</b>	<b>REGSAARD VAN 'N SKULDBRIEF</b>	<b>7</b>
2.1	Algemeen	7
2.2	Regte en verpligtinge van die lener en uitlener	8
<b>3</b>	<b>WAARDASIE VAN 'N SKULDBRIEF</b>	<b>10</b>
3.1	Algemeen	10
3.2	Berekeningsformule	10
3.3	Verlangde opbrengskoers en kapitaalrisiko	11
<b>4</b>	<b>OPSOMMING</b>	<b>14</b>



## 1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n skuldbrief kortliks vanuit 'n ekonomiese- en regsoogpunt te ondersoek ten einde die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto te bepaal. Die volgende aspekte word ondersoek:

- die regsaard van 'n skuldbrief; en
- die faktore wat die waarde van die diskonto van 'n skuldbrief vanuit 'n ekonomiese oogpunt beïnvloed.

## 2 REGSAARD VAN 'N SKULDBRIEF

### 2.1 Algemeen

Een van die gebruiklikste metodes vir 'n maatskappy om langtermynleningsfondse te bekom, is deur die uitreiking van skuldbriewe. Geen omvattende omskrywing van 'n skuldbrief kon nog geformuleer word nie.<sup>1</sup> Die *Maatskappywet* 61 van 1973 bevat ook nie 'n ware definisie nie.<sup>2</sup> In die gewone handelsverkeer dui die term skuldbrief op 'n dokument of sertifikaat, deur 'n maatskappy uitgereik, waarop aangedui word dat dit 'n skuldbrief is en wat die bestaan van 'n skuld<sup>3</sup> van 'n bepaalde bedrag erken asook die rentekoers, terugbetalingsdatum(s) asook terugbetalingsvoorwaardes van die skuld uiteensit.<sup>4</sup> Hierdie betekenis word vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar.

'n Skuldbriefhouer is slegs 'n besondere soort skuldeiser van 'n maatskappy.<sup>5</sup> 'n Skuldbriefhouer ontvang rente teen 'n bepaalde koers wat op die vasgestelde

---

<sup>1</sup> Sien *Korporatiewe Reg* 14.38 230 asook *Coetzee v Rand Sporting Club* 1918 WLD 74 76.

<sup>2</sup> Die *Maatskappywet* 61 van 1973 omskryf 'n skuldbrief soos volg: "ook skuldbriefeffekte, skuldbriefverbande en enige ander sekuriteite van 'n maatskappy, hetsy dit 'n las teen die bates van die maatskappy uitmaak al dan nie..."

<sup>3</sup> Hierna in hierdie studie die "hoofskuld" genoem.

<sup>4</sup> Sien *Korporatiewe Reg* 14.38 230

<sup>5</sup> In *Coetzee v Rand Sporting Club* hierbo verwys regter Ward met goedkeuring na die Engelse beslissing *English and Scottish Mercantile Investment Company v Brunton* 1892 2 Q.B. 700 en kom tot die gevolgtrekking dat 'n skuldbrief 'n erkenning van skuld is. Hy stel dit soos volg op 76-77: "It seems that there are three usual forms of debenture..... The first is a simple acknowledgement, under seal, of the debt; the second an instrument acknowledging the debt, and charging the property of the company with repayment; and the third an instrument acknowledging the debt, and charging the property with

tyd betaalbaar is. Skuldbriewe kan vryelik teen 'n diskonto uitgereik word indien die statute dit magtig.<sup>6</sup>

## 2.2 Regte en verpligtinge van die lener en uitlener

Broomberg is van mening dat die werklike aard van 'n ooreenkoms<sup>7</sup> gewoonlik die inkomstebelastinggevolge daarvan bepaal.<sup>8</sup> Meyerowitz is verder van mening dat die aard van 'n transaksie spesifiek die inkomste- of kapitale aard van die ontvangstes wat daaruit voortvloei bepaal.<sup>9</sup> Dit is belangrik om die werklike regsaard van 'n transaksie, asook die regte en verpligtinge wat daaruit voortvloei, te bepaal.<sup>10</sup> Die werklike regsaard is egter nie noodwendig deurslaggewend om die inkomste- of kapitale aard van die toevallings te bepaal nie.<sup>11</sup>

Gevolglik word die werklike regsaard van 'n skuldbrief eers oorweeg voordat die algemene beginsels toegepas word om die inkomste-of kapitale aard van die toevallings wat daaruit voortvloei te bepaal.

Soos reeds genoem, erken 'n skuldbrief die bestaan van 'n skuld. Die werklike regsaard van die verbintenis tussen die partye tot die skuldooreenkoms is dié van 'n verbruikslening.<sup>12</sup> Die uitlener moet 'n bedrag geld aan die lener lewer.

---

repayment, and further restricting the company from giving any prior charge.'... I think the word imports an acknowledgement of debt." (Eie onderstreping.)

<sup>6</sup> Sien *Korporatiewe Reg* 14.41 231.

<sup>7</sup> Die woorde "true nature of the transaction" word in Afrikaans vertaal na "werklike aard van 'n ooreenkoms".

<sup>8</sup> Broomberg *Tax Strategy* 3.1 stel dit soos volg op 22: "It has been suggested that in tax matters the essential problem is to determine the precise legal transaction that has been effected and the legal consequences that flow from it... For the most part, however, it is clear that the true nature of the contract will determine the tax consequences, and that the legal label that the parties or their lawyers attach to the agreement serves only as an aid in determining this issue." (Eie onderstreping.)

<sup>9</sup> Meyerowitz *Income Tax* 8.11 stel dit soos volg op 8-4: "*Ex hypothesi* only an enquiry into the object (origin and end) of the receipts or accruals in question is capable of ascertaining their capital or revenue nature. In other words, it is not so much the nature of the *quid pro quo* for the receipt or accrual as rather the nature of the transaction from which the receipt or accrual flows to which one must resort when determining the issue." (Eie onderstreping.)

<sup>10</sup> Broomberg *Tax Strategy* 3.1 stel dit soos volg op 22: "It has been suggested that in tax matters the essential problem is to determine the precise legal transaction that has been effected and the legal consequences that flow from it..." (Eie onderstreping.)

<sup>11</sup> Sien voetnota 8.

<sup>12</sup> Sien *LAWSA* 268 waar *verbruikleen (mutuum)* soos volg omskryf word: "A contract of loan for consumption is concluded when one party, called the lender, transfers something which can be consumed

Die eiendomsreg van die som geld moet ook oorgedra word.<sup>13</sup> Die uitlener het geen verdere plig om te presteer nadat die geld gelewer is nie.<sup>14</sup>

Die lener is onder andere verplig om 'n bedrag geld gelykstaande aan die hoofskuld asook rente op die ooreengekome datum(s) aan die uitlener te betaal.<sup>15</sup> Die verpligting is normaalweg op die lener om rente te betaal.<sup>16</sup> Die skuldbriefooreenkoms kan ook bepaal dat die rente aan die geregistreerde eienaar van die skuldbrief op spesifieke datums betaalbaar is.

---

by use to another, called the borrower, for a certain period of time or to achieve a certain object and the borrower is then bound to return a thing of the same kind, quality and quantity as the one he receives.”

<sup>13</sup> Sien LAWSA 272: “The lender must place the borrower in possession of the things lent for consumption... Transfer of possession is, however, not sufficient. The lender must also transfer title in the things lent to the borrower so that he is legally entitled to consume them... In order to transfer title the things must be delivered to the borrower with the intention of making him the owner.”

<sup>14</sup> Die aard van 'n verbruikslening is in die beslissing *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 1996 SA 264(T), 59 SATC 1 oorweeg ten einde die tydstop van toevalling van rente te bepaal. Die hof moes oorweeg of rente aan die belastingpligtige toegeval het op die tydstop wat die geld aan die lener beskikbaar gestel was. Die hof het bevind dat die belastingpligtige as uitlener nie 'n verdere verpligting het om te presteer nadat die geldsom aan die lener gelewer is nie. 'n Onvoorwaardelike reg tot rente het op die tydstop van lewering ontstaan.

Regter Southwood sê op 15-16: “The respondent undertook to lend a fixed sum of money to the borrower for a period at a fixed rate of interest and the borrower undertook to repay the capital and pay the interest to the respondent on a fixed date. In all circumstances there can be no doubt that the amounts lent were investments made by the respondent and that the fixed period, fixed rate of interest and fixed date of repayment and payment were stipulated for the benefit of both parties. The respondent had only one obligation in terms of the agreements and that was to pay over the agreed sum of money available to the borrower. There was no other continuing obligation to make the money available to the borrower for the full period of the agreement. Once the respondent had paid the money to the borrower it had no right to repayment of the capital or payment of the interest until the agreed period had elapsed.”

Die verpligtinge van 'n kredietgewer in die geval van krediet mag maandelik verskil. Die tydstop waarop rente ingevolge 'n kredietooreenkoms toeval, mag maandelik ook verskil. Artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet* reël egter die tydstop van die toevalling van rente in die geval van krediet asook 'n verbruikslening. Sien hoofstuk 5 vir 'n bespreking van die tydstop van die toevalling van rente ingevolge artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>15</sup> Sien LAWSA 273: “The borrower must return to the lender things of the same kind, quantity and quality as those which were lent to him... In the case of a loan of money the borrower has to return legal tender of the amount lent to him and not notes and coins of the same denomination as those received by him unless so specified in the agreement.” Sien ook *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* hierbo op 16: “The borrower's obligation in terms of the agreements was to repay the capital and pay interest on the agreed due date. The borrower was not entitled to repay the capital before the agreed due date unless it paid interest for the whole period of the agreement.”

<sup>16</sup> Sien paragraaf 3.4 van hoofstuk 4 waar 'n onderskeid tussen die oordrag en aflossing van 'n skuldbrief getref word. 'n Skuldbrief word normaalweg deur die uitreiker / lener afgelos en gevolglik word 'n diskonto deur die lener betaal.

### 3 WAARDASIE VAN 'N SKULDBRIEF

#### 3.1 Algemeen

Die Suid-Afrikaanse howe oorweeg die ekonomiese betekenis van inkomste en kapitaal ten einde die twee begrippe van mekaar te onderskei.<sup>17</sup> 'n Aantal ekonomiese faktore bepaal die diskonto of premie met die uitreiking van 'n skuldbrief. Dit word dus aan die hand gedoen dat dit noodsaaklik is om bogenoemde ekonomiese faktore te oorweeg voordat die inkomste- of kapitale aard van die ontvangstes wat daaruit voortvloei vasgestel word.

#### 3.2 Berekeningsformule

Die waarde van 'n skuldbrief is die huidige verdiskonteerde waarde van die toekomstige kontantvloei daaruit. Die kontantvloei word verdiskonteer teen 'n markverwante rentekoers wat van toepassing is op 'n skuldbrief of soortgelyke instrument wat 'n soortgelyke risiko dra.<sup>18</sup>

Die waarde van 'n aflosbare skuldbrief kan volgens die volgende formule bepaal word:<sup>19</sup>

$$V_d = \sum_{t=1}^n \{i/(1+r)^t\} + \{P/(1+r)^n\}$$

Waar

- $V_d$  die waarde van die skuldbrief;
- $r$  die belegger se verlangde nominale opbrengskoers;
- $n$  die aantal periodes;
- $i$  die jaarlikse rente; en

<sup>17</sup> Sien paragraaf 3.2 van hoofstuk 3.

<sup>18</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* op 7: "The value of any credit-extension instrument depends solely on the passage of time, the level of market interest rates, and the risk of default. The value is captured as the discounted present value of the known future cash flows, given a discount rate that is determined by the prevailing market rate for similar instruments with similar default risk."

<sup>19</sup> Sien Correia *Financial Management* 5.2 258.

- P die aflosbedrag is.

Die verlangde nominale opbrengskoers is die opbrengs wat 'n belegger verlang gegewe die omgewing waarin die belegging wat gemaak word.<sup>20</sup> Die verlangde nominale opbrengskoers kan volgens die volgende formule bepaal word:<sup>21</sup>

$$r = (I_r + R) + (I_r \times R)$$

Waar

- $r$  die verlangde nominale opbrengskoers;
- $I_r$  die verlangde effektiewe opbrengskoers; en
- $R$  die inflasiekoers is.

Die verskil tussen die skuldbrief se aflosbedrag en die bedrag wat die skuldbriefhouer aan die uitreiker betaal, staan ook bekend as 'n "diskonto".<sup>22</sup>

### 3.3 Verlangde opbrengskoers en kapitaalrisiko

'n Belegger se risikovoorkoor bepaal onder meer die verlangde opbrengskoers. Die begrip "risiko" in die konteks van finansiële bestuur verwys na die verwagting dat die werklike opbrengs van 'n belegging van die verwagte opbrengs sal verskil.<sup>23</sup> Hoe meer risiko die belegger bereid is om te aanvaar, hoe hoër sal die verlangde opbrengskoers wees.<sup>24</sup> Die verlangde opbrengs

---

<sup>20</sup> Sien Correia *Financial Management* 4 256: "[The required rate of return] is the return that the investor requires, given the environment in which the investment is made."

<sup>21</sup> Sien Correia *Financial Management* 5 592.

<sup>22</sup> Sien paragraaf 2.3.3 van hoofstuk 4 vir 'n omskrywing van die begrip "diskonto".

<sup>23</sup> Sien Correia *Financial Management* 2 83-84: "The word risk is usually used in the context of a potential hazard or the possibility of an unfortunate outcome resulting from a given action. In financial management, the term indicates that there exists an expectation that the actual outcome of a project may differ from the expected outcome. The magnitude of the possible difference reflects the magnitude of the risk."

<sup>24</sup> Sien Correia *Financial Management* 2.4 124.

sluit vanuit 'n ekonomiese oogpunt dus ook 'n vergoeding vir die neem van risiko in.<sup>25</sup>

Die begrip “kapitaalrisiko” in die konteks van inkomstebelasting word omskryf as die moontlikheid dat die waarde van 'n belegger se kapitaal kan verminder, byvoorbeeld indien die kapitaal nie terugbetaal word nie of die waarde van kapitaal as gevolg van inflasie verminder.<sup>26</sup>

Die invloed van kapitaalrisiko op die uitgifte van skuldbriewe deur 'n maatskappy is in die Engelse beslissing *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.*<sup>27</sup> bespreek. Lord Green oorweeg die faktore wat bepaal of 'n skuldbrief teen sy nominale waarde, 'n premie of 'n diskonto uitgereik word, wat onder meer die volgende insluit:

- Die kredietwaardigheid van die maatskappy en die sekuriteit wat verskaf word;
- beleggersvoorkeure,<sup>28</sup>
- vorige uitgifte van die maatskappy;
- politieke- en internasionale omstandighede;
- verwagtinge met betrekking tot toekomstige rentekoerse; en
- die onbestendigheid van wisselkoerse.

---

<sup>25</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* op 7 vir 'n bespreking van die vergoeding wat die lener aan die uitlener betaal en die rol wat risiko in hierdie verband speel. Die totale vergoeding in die vorm van rente sluit onder meer 'n vergoeding vir die gebruik van geld asook 'n vergoeding vir die risiko van nie-betaling in.

<sup>26</sup> Sien *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* 1943 2 All ER 255 op 255: “A payment or recompense made to the lender because there is a risk that the money lent or some part of it may never be repaid is a consideration of a different kind and is, in fact, a provision for capital depreciation.”

Parsons is van mening dat die begrip “kapitaalrisiko” ook die daling in die waarde van 'n geldeenheid as gevolg van inflasie insluit. Sien Parsons *Income Taxation* 11.253 683: “‘Capital risk’ includes the possibility of fall in purchasing power of the currency in which the loan was made. So far as the premium and discount does recoup a fall that has in fact occurred, it is in substance a return of the money lent and not a gain derived from the money lent.”

<sup>27</sup> *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* 1943 2 All ER 255.

<sup>28</sup> Die woorde “the taste of the market” word in Afrikaans vertaal na “beleggersvoorkeure”.

In sy oorweging van die invloed wat die kredietwaardigheid van 'n maatskappy op die uitgifteprys van 'n skuldbrief het, tref hy 'n onderskeid tussen maatskappye wat goeie en swak sekuriteit bied.<sup>29</sup>

'n Kredietwaardige maatskappy wat goeie en voldoende sekuriteit bied kan skuldbriewe teen hul sigwaarde en 'n normale redelike rentekoers<sup>30</sup> uitreik. Die skuldbriewe kan teen 'n premie uitgereik word indien die kredietwaardigheid en sekuriteit uitsonderlik goed is. Indien die skuldbriewe teen 'n premie uitgereik word, sal die effektiewe rentekoers wat die belastingpligtige verdien minder as die nominale of sigkoers van die skuldbrief wees.

Voorgenoemde maatskappy kan alternatiewelik skuldbriewe teen hul sigwaarde uitreik en 'n laer rentekoers betaal. In so 'n geval word die voortreflikheid van die sekuriteit in die rentekoers in ag geneem. Die skuldbriefhouer ontvang minder rente maar betaal nie 'n premie nie.

Indien 'n maatskappy se kredietwaardigheid en die sekuriteit wat gebied word sodanig is dat die maatskappy nie skuldbriewe teen hul nominale waarde kan uitreik en 'n normale rentekoers daarop betaal nie, moet sodanige maatskappy 'n hoër rentekoers betaal.<sup>31</sup>

So 'n maatskappy kan ook besluit om 'n normale rentekoers te betaal en die skuldbriewe teen 'n diskonto uit te reik. Die skuldbriewe kan ook teen hul nominale waarde uitgereik word en teen 'n premie afgelos word.

---

<sup>29</sup> Sien die bespreking op 260-261.

<sup>30</sup> Die woorde "normal reasonable rate of interest" word in Afrikaans vertaal na "normale redelike rentekoers".

<sup>31</sup> Lord Green sê op 260: "Now let me take the opposite case where the credit of the company and the security which it offers are not such as to enable it to offer its debentures at par at a normal rate of interest applicable to sound securities... It may make the issue at par but give a high rate of interest. Here the defect in the security is expressed in terms of interest. The whole of the interest is unquestionably income and is taxable as such although the high rate of interest is in part attributable to the capital risk." En op 262: "In the latter case the capital risk may, as Lord Sumner says, be the most important factor in the transaction, but it is nevertheless to be regarded as expressed in terms of interest and, if the parties choose to express a capital risk in terms of interest, it must normally be so treated and no apportionment be made."

## 4 Opsomming

'n Skuldbrief is 'n sertifikaat deur 'n maatskappy uitgereik waarop aangedui word dat dit 'n skuldbrief is en wat die bestaan van 'n skuld van 'n bepaalde bedrag erken. Die regsaaard van die verbintenis tussen die partye tot die skuldbrief is dié van 'n verbruikslening.

Uit 'n ekonomiese oogpunt is 'n skuldbrief se waarde die huidige verdiskonteerde waarde van die toekomstige kontantvloei daarvan. Kontantvloei word teen die belegger se verlangde opbrengskoers verdiskonteer. 'n Belegger se risikoorkeur bepaal onder meer die verlangde opbrengskoers. Die verlangde opbrengs sluit 'n vergoeding vir die gebruik van geld asook vir die neem van risiko in. Een van hierdie risiko's is 'n kapitaalrisiko, naamlik die risiko dat 'n belegger se kapitaal nie terugbetaal word nie.

'n Diskonto, synde die verskil tussen die sigwaarde van die skuldbrief en die uitreikings- of oordragprys, kan vanuit 'n ekonomiese oogpunt 'n vergoeding vir die gebruik van geld of die neem van risiko wees.

Die vraag ontstaan nou of kapitaalrisiko in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg toepassing vind om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling, en meer spesifiek 'n diskonto, te bepaal.

Om hierdie vraag te beantwoord, word daar in hoofstuk drie aandag geskenk aan die algemene riglyne wat die Suid-Afrikaanse geregshoue geformuleer het om die inkomste- of kapitale aard van toevallings te bepaal, waarna hierdie beginsels in hoofstuk vier op 'n diskonto toegepas word.



## HOOFSTUK 3

### AARD VAN TOEVALLINGS IN DIE ALGEMEEN

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>16</b>
<b>2</b>	<b>BRUTO INKOMSTE OMSKRYWING</b>	<b>16</b>
<b>3</b>	<b>TOEVALLINGS NIE VAN 'N KAPITALE AARD</b>	<b>17</b>
3.1	Inleiding	17
3.2	Inkomste vanuit 'n ekonomiese oogpunt	18
3.3	Geïdentifiseerde riglyne in die regspraak	19
3.3.1	Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend	19
3.3.1.1	Algemeen	19
3.3.1.2	Bedrae voortgebring	20
3.3.1.3	Produktiewe aanwending	23
3.3.1.4	Kapitaal	25
3.3.1.5	Opsomming	27
3.3.2	Inkomste is winste verkry uit die beoefening van 'n besigheids- handeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag	27
<b>4</b>	<b>OPSOMMING</b>	<b>31</b>

## 1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om:

- kortliks die kriteria te identifiseer wat ingevolge die omskrywing van “bruto inkomste” in die *Inkomstebelastingwet* gestel word; en
- die riglyne te identifiseer wat die geregshowe in Suid-Afrika geformuleer het om te bepaal in watter omstandighede 'n ontvangste of toevalling van 'n inkomste- of kapitale aard sal wees.

## 2 BRUTO INKOMSTE OMSKRYWING

Die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingstelsel is op die statutêre omskrywing van bruto inkomste<sup>1</sup> in die *Inkomstebelastingwet* gebaseer. 'n Bedrag is in geval van 'n inwoner belasbaar indien dit onder meer aan die omskrywing van bruto inkomste voldoen:

- 'n Bedrag, hetsy in kontant of andersins;
- ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van so 'n persoon;
- gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag;
- met uitsluiting van ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard.

Indien 'n skuldbrief oorgedra of afgelos word en 'n bedrag geld val die belastingpligtige toe, behoort die bedrag aan die eerste drie vereistes te voldoen.

Die vraag wat in hierdie studie ondersoek word, is of die opbrengs met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief wat teen 'n diskonto verkry is, van 'n inkomste- of kapitale aard is.

Ten einde die probleemstelling op te los sal die skrywer kortliks aan die algemene beginsels aandag skenk wat by die bepaling van die inkomste- of

---

<sup>1</sup> Sien die omskrywing van die begrip “bruto inkomste” in artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*.

kapitale aard<sup>2</sup> ter sprake is deur spesifiek na die riglyne te verwys wat deur die geregshowe neergelê is.

### 3 TOEVALLINGS NIE VAN 'N KAPITALE AARD

#### 3.1 Inleiding

Die wetgewer het in die konteks van die bruto inkomste omskrywing nie die frase "van 'n kapitale aard" omskryf nie. Deur die jare het die houe 'n aantal toetse of riglyne neergelê om tussen toevallings van 'n inkomste- en kapitale aard te onderskei.<sup>3</sup>

Sekere toevallings word outomaties as inkomste of kapitaal ingedeel as gevolg van die aard van die ontvangstes sonder om die subjektiewe bedoeling van die belastingpligtige in ag te neem.<sup>4</sup> In ander gevalle is dit nodig om die subjektiewe bedoeling van die belastingpligtige vas te stel om die aard van die toevalling te bepaal.<sup>5</sup> Die objektiewe en subjektiewe riglyne<sup>6</sup> word vervolgens geïdentifiseer en die omstandighede waarin hierdie riglyne toegepas word, word ondersoek.

'n Ondersoek na die faktore wat die houe in ag neem om die belastingpligtige se doel vas te stel, val buite die omvang van hierdie studie.

---

<sup>2</sup> Hierna in hierdie studie die "aard van 'n toevalling" genoem.

<sup>3</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 (4) SA 39 (A), 54 SATC 271. Ar Smalberger sê op 279-280: "There are a variety of tests for determining whether or not a particular receipt is one of a capital or revenue nature. They are laid down as guidelines only – there being no single infallible test of invariable application."

<sup>4</sup> Sien Cronje en Stack *Belasting* par 4.7.1 62.

<sup>5</sup> Sien paragraaf 3.3.2.

<sup>6</sup> Die begrippe "objektiewe en subjektiewe riglyne" word ontleen vanaf Leon Swanepoel, Direkteur: Belastingdienste PricewaterhouseCoopers Ing. Sien ook Broomberg *Capital v Revenue* vir 'n bespreking van hierdie begrippe.

### 3.2 Inkomste vanuit 'n ekonomiese oogpunt

Die Suid-Afrikaanse howe oorweeg die ekonomiese betekenis van inkomste en kapitaal ten einde die twee begrippe van mekaar te onderskei.<sup>7</sup>

Williams is van mening dat die betekenis van die woord "inkomste" met verwysing na die gewone of ekonomiese betekenis van inkomste uitgelê moet word.<sup>8</sup> Parsons is van mening dat 'n wins voortgebring deur eiendom<sup>9</sup> ingevolge die gewone betekenis van die woord inkomste is.<sup>10</sup> Dividende, rente, huur en tantième sal byvoorbeeld winste voortgebring deur eiendom wees.<sup>11</sup>

Die riglyne wat die howe geïdentifiseer het om die aard van 'n toevalling te bepaal, word vervolgens ondersoek. Dit is belangrik dat, ongeag die riglyn wat toegepas word, die klassifikasie van 'n toevalling nie teenstrydig met die ekonomiese betekenis van inkomste en kapitaal moet wees nie.<sup>12</sup>

<sup>7</sup> Sien *CIR v George Forest Timber Company Limited* 1924 AD 516, 1 SATC 20 op 22: "In Commissioner of Taxes v Booyesen's Estate (1918, A.D. at 582) Wessels J., said that as a general rule income was revenue derived from capital productively employed. He was considering it from an economic standpoint, apart from statutory definition." (Eie onderstreping.) Sien ook *CIR v Lunnon* 1924 AD 94, 1 SATC 7 waar hr Innes op 9 sê: "Now capital there was used in contradiction to income in its economic sense." (Eie onderstreping.) Sien ook *CIR v General Motors SA (Pty) Ltd* 1982 (1) SA 196 (T), 43 SATC 249 waar r McCreath op 256 sê: "Finally, I consider that the correct approach in a matter of this nature is not that of a narrow legalistic nature. What has to be considered is the commercial operation as such and the character of the expenditure arising therefrom." Sien ook *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 op 136: "Though the words of the definition [of gross income] directs attention only to the economic meaning of capital, in finding that meaning it was at least helpful to consider whether the receipt in question could, from an economic standpoint, possibly be regarded as income." (Eie onderstreping.)

Sien ook Ferreira *Taxability of discounts* 5 en die gesag aldaar verwys. Ferreira sê op 5: "It seems that the South African courts, in interpreting tax legislation, are overcoming their previous reluctance to have regard to accounting and commercial practices." Sien ook Williams *Income Tax* 4 75-75 en die gesag aldaar verwys.

<sup>8</sup> Sien Williams *Income Taxation* 4 75 en die gesag aldaar verwys. Williams sê op 75: "...the concept of income which is implicit in the statutory definition of gross income must be interpreted in accordance with its common-law or economic meaning." (Eie onderstreping.)

<sup>9</sup> Die begrip "gain derived from property" word in Afrikaans vertaal na "wins voortgebring deur eiendom."

<sup>10</sup> Sien Parsons *Income Taxation* 2.228 87: "A gain derived from property has the character of income."

<sup>11</sup> Sien Parsons *Income Taxation* 2.234 89.

<sup>12</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo 279: "But when all is said and done, whatever guideline one chooses to follow, one should not be led to a result in one's classification of a receipt as income or capital which is, as I have had occasion previously to remark, contrary to sound commercial and good sense." (Eie onderstreping.)

### 3.3 Geïdentifiseerde riglyne in die regspraak

#### 3.3.1 Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend

##### 3.3.1.1 Algemeen

'n Algemene beginsel van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg is dat inkomste bedrae voortgebring is deur kapitaal produktief aan te wend.<sup>13</sup>

Hierdie beginsel illustreer die grondliggende onderskeid tussen inkomste en kapitaal. Inkomste word deur kapitaal voortgebring. Die begrippe "inkomste" en "kapitaal" is onderling uitsluitend.<sup>14</sup>

Hierdie riglyn bevat die volgende komponente:

- Bedrae voortgebring;
- produktiewe aanwending; en
- kapitaal.

Bogenoemde komponente sal vervolgens kortliks ondersoek word.

---

<sup>13</sup> Sien *COT v Booyens Estates, Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10. Hr Innes sê op 25: "For as remarked by Wessels J in his very able reasons, income considered in relation to capital is revenue derived from capital productively employed." (Eie onderstreping.) Sien ook *CIR v George Forest Timber Company Limited* hierbo op 25. Sien ook *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54. R Mason sê op 58: "These profits are 'revenue derived from capital productively employed' a definition of income given by Wessels J. approved by the Chief Justice. They are not 'accruals which are really capital'. They have resulted from the productive use of capital employed to earn them, and not from the realization of capital at an enhanced value." (Eie onderstreping.)

Die begrip "income is revenue derived from capital productively employed" word in Afrikaans vertaal na "inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend."

<sup>14</sup> Sien *Crowe v CIR* hierbo 136: "The assumption underlying the definition was that all receipts by the taxpayer must fall into one or the other – income or capital. Also from an economic and business point of view this must also be true, with the proviso, of course, that a stated sum might be the total of two, one being income, the other capital." Sien ook *Pyott Ltd v CIR* 1945 AD 128, 13 SATC 121. Ar Davis sê op 126: "Thirdly, I do not understand how this £9 000 could be ... "non-capital", and yet "not income". This is a half-way house of which I have no knowledge."

### 3.3.1.2 Bedrae voortgebring

Inkomste, in teenstelling met kapitaal, is *bedrae voortgebring* deur kapitaal produktief aan te wend.<sup>15</sup> Dit is dus duidelik dat 'n *bedrag voortgebring* 'n voorvereiste vir die bestaan van inkomste is.

Die Suid-Afrikaanse howe beskou inkomste as bedrae wat vanuit sekere aktiwiteite voortvloei.<sup>16</sup> Hierdie bedrae moet gerealiseer wees. Denkbeeldige bedrae word nie belas nie.<sup>17</sup> Die bedrae word deur kapitaal voortgebring wanneer dit van die kapitaal geskei word en in eie reg bestaan.<sup>18</sup>

In *CIR v King*<sup>19</sup> het die belastingpligtige sy aandeelhouding in 'n maatskappy aan sy seun verkoop ingevolge 'n ooreenkoms gedateer 6 Junie 1942. Die aandele was op 18 Junie 1942 in die seun se naam geregistreer. Die maatskappy se finansiële jaareinde sou 12 dae later eindig. Die aandele was tesame met 'n waardevolle reg, naamlik die verwagting van 'n dividend ten opsigte van die finansiële periode geëindig 30 Junie 1942, verkoop. Die hof

---

<sup>15</sup> Sien voetnota 13.

<sup>16</sup> Sien byvoorbeeld regter Wessels se opmerking in *COT v Booyens Estates, Ltd* hierbo. Hy sê op 16: "Income is, therefore, prima facie the revenue derived from capital in the year for which the assessment is made. As a general rule, income which flows from capital is calculated yearly, e.g. interest on bonds, yearly profits from a trade or profession, etc." (Eie onderstreping.) Sien ook *ITC 165 1930*, 5 SATC 82 waar regter Davis op 84 sê: "The main consideration which we must have regard to in this case is what was due to the appellant by virtue of his having lent money to the company, and the consideration which flowed to him in consequence of that transaction was the interest, plus the halfshare of the profit." (Eie onderstreping.)

'n Soortgelyke benadering word in Australië gevolg. Sien byvoorbeeld Waincymer *Income Tax Principles* 99: "The first conceptual concern is the tendency for the courts to see income as a 'thing'; a gain which 'flows' from certain categories of activity... The flow concept has two elements. First, it asserts that only realised gains are income. Gains flowing from assets are taxable. Gains to the asset's value are not. The second element is that the gain must usually flow from an earning activity to constitute income on ordinary concepts. On this legal analysis, mere gifts or chance winnings are not income."

<sup>17</sup> Sien Broomberg *Basis of Taxation* op 180-181: "The starting point, that is the basis of tax, according to this artificial theory, is thus a unitary concept. It is the gross amount coming in, before deducting any costs, outgoing or charges of any nature. The two bed-rock principles of the artificial theory are, first, that no outgoing may be deducted unless the deduction is specifically allowed in terms of the Act, and, secondly, that there must be actual income, a realized amount. The Act does not tax notional income." (Eie onderstreping.)

<sup>18</sup> In *ITC 1634 1997*, 60 SATC 235 bespreek regter Wunch die betekenis van voortgebring deur ("derived") op 247: "In Australia the relevant concept, in arriving at taxable income is, like in the Act, gross income, *ie* the gross income derived directly or indirectly. The difference between something which accrues and something which is derived does not render a reference to Australian judgements inappropriate – according to *Chambers Encyclopedic English Dictionary*, for example, to be derived means 'to come or arise from (something) or 'to obtain or produce one thing from another.'" (Eie onderstreping.) Sien ook voetnota 28.

<sup>19</sup> *CIR v King* 1947 SA 196 (A), 14 SATC 184.

moes beslis of die belastingpligtige ingevolge artikel 90<sup>20</sup> op dividende wat aan sy seun toeval, belas moes word.

Hoofregter Watermeyer oorweeg of die verwagting van die dividend wat aan elke aandeel gekleef het in werklikheid die verkoper se inkomste was. Hy stel die volgende vraag: Was die produk van die belastingpligtige se kapitaal of arbeid voldoende van die kapitaal geskei om as inkomste beskou te word, of was dit bloot deel van die kapitaal.<sup>21</sup> Hy kom tot die gevolgtrekking dat die verwagting van 'n dividend nie inkomste is nie. Dit is nie moontlik om 'n vasgestelde bedrag te bepaal voordat die dividend verklaar word nie. Indien die verwagting van 'n dividend saam met die aandeel verkoop word, is die volle opbrengs met die verkoop van die aandeel van 'n kapitale aard. Die blote feit dat die verwagting van 'n dividend die waarde van die aandeel tydelik laat toeneem, beteken nie dat die opbrengs met die verkoop van die verwagting van 'n dividend van 'n inkomste aard is nie.<sup>22</sup>

Die bedrag van die dividend kan seker wees. Indien die dividend verklaar word en betaalbaar is aan die geregistreerde aandeelhouer op 'n bepaalde toekomstige datum, sal die persone wat op dié datum die geregistreerde aandeelhouer is, op die dividende geregtig wees.<sup>23</sup> Die aandeelhouders op die datum van die verklaring van die dividend is nie op die dividend geregtig nie.

Williams pas hierdie beginsel op die houders van skuldbriewe en verhandelbare effekte toe.<sup>24</sup>

---

<sup>20</sup> Die algemene teenvermydingsbepaling in die Inkomstebelastingwet No. 31 van 1941.

<sup>21</sup> Hy sê op 196: "This valuable right was alienated with the share, and the real question is whether that constituted a transaction which enable the taxpayer to escape from paying income tax upon income which was in reality his, or of reducing its amount. The answer to that question will depend upon whether the expectation of a dividend attached to each share was in reality the seller's income. Was it the product of his capital or labour, sufficiently distinct to be regarded as income, or was it merely part of his capital." (Eie onderstreping.)

<sup>22</sup> Sien 96-97.

<sup>23</sup> Sien 200.

<sup>24</sup> Sien *Williams Income Tax in South Africa* par 8.1 56: "In the case of government or municipal stock or marketable securities in which interest is payable to the holder of the instrument at a specific date, which is prior to, or coincides with the date on which interest is actually paid, there is no accrual until the specific date, because it is only then that an 'entitlement' takes place."

In *ITC 268*<sup>25</sup> het die belastingpligtige munisipale effekte op 23 Oktober 1931 aangekoop. Die rente op die effekte was ses maandeliks op 1 Januarie en 1 Julie betaalbaar. Die belastingpligtige het meer as die nominale waarde vir die effekte betaal. Hierdie premie was ten opsigte van die opgelope rente vanaf 1 Julie tot 23 Oktober 1931 betaal. Die Kommissaris het die volle bedrag van rente, soos op 1 Januarie 1932 betaal, by die belastingpligtige se belasbare inkomste ingesluit.

Regter Manfred Nathan beslis dat daar geen verskil is tussen die koper van regeringseffekte en 'n persoon wat aandele *cum dividende* koop, dit wil sê tesame met enige dividende wat toeval.<sup>26</sup> Indien die aandele *cum dividende* aangekoop word, betaal die belastingpligtige 'n verhoogde prys vir die aandele asook die reg tot dividende. Die koper neem ook die aanspreeklikhede wat met die reg tot dividende verband hou vanaf die verkoper oor. Een van die aanspreeklikhede is om belasting op die dividend te betaal. Die verkoper het van sy reg tot inkomste tesame met sy aanspreeklikheid om die belasting te betaal afstand gedoen.<sup>27</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende beginsels vanuit bogenoemde regspraak afgelei kan word:

- 'n Bedrag word deur kapitaal voortgebring wanneer dit *realiseer*. 'n *Bedrag* verwys na 'n *gerealiseerde* of *werklike* bedrag. Denkbeeldige bedrae word nie belas nie.

---

<sup>25</sup> *ITC 268* 1933, 7 SATC 159.

<sup>26</sup> Sien 160.

<sup>27</sup> Regter Manfred Nathan sê op 163: "It seems to us further that there is no difference in principle between ordinary shares and Government securities or Municipal securities. That is confirmed by the case of *Monks v Fox's Executors* (13 T.C. 171). That being the case shortly stated, the real essence of the transaction from the income tax point of view and from the point of view of the law is that the purchaser, that is the taxpayer in this case, paid the enhanced price for the shares for the consideration of getting the right to the dividends, and whatever liability that right carried with it. One of those liabilities was the liability to pay tax on the dividend earned, which was income. The seller divested himself of his right to that income together with the liability to pay tax, and passed all that over to the purchaser."



- Inkomste moet van kapitaal geskei word. Alvorens die skeiding plaasvind, is die inkomste deel van die kapitaal en bestaan die inkomste nie in eie reg nie.<sup>28</sup>

### 3.3.1.3 Produktiewe aanwending

Inkomste is bedrae wat voorspruit uit die produktiewe aanwending van kapitaal. Om te bepaal of bedrae uit hoofde van die aanwending van kapitaal voortspruit, oorweeg die howe onder meer die werk wat die belastingpligtige verrig of teenprestasie wat gegee word in ruil vir die bedrag ontvang.<sup>29</sup>

'n Belastingpligtige kan byvoorbeeld die volgende werk verrig of teenprestasie lewer:<sup>30</sup>

- 'n Besigheid kan bedryf word;<sup>31</sup>
- 'n onderneming kan aangepak word;
- 'n fisiese of verstandelike aktiwiteit kan verrig word; of
- kapitaal kan produktief aangewend word, hetsy deur die kapitaal self aan te wend om inkomste te verdien of om die gebruik van kapitaal aan 'n persoon te leen.

---

<sup>28</sup> In die beslissing *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 1996 (T), 59 SATC 1 bevestig regter Wunch die beginsel dat inkomste feitelik deel van kapitaal is voordat dit geskei word. Hy sê op 26: "Until income or fruits (whether natural or civil) produced by property are separated from it, ie accrue in their own right, they are factually or notionally part of the property. Thus, consideration paid for property pregnant with income is not, for that reason, partly expenditure of a capital nature (*Commissioner for Inland Revenue v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516.)..."

<sup>29</sup> Sien *Tuck v CIR* 1988 SA 819(A), 50 SATC 98. Ar Corbett sê op 113: "In the case such as the present, however, it seems to me that most problems of characterization could appropriately be dealt with by applying the simple test indicated by Watermeyer CJ in the passage quoted from his judgement in the *Lever Bros* case (supra) viz by asking what work, if any, did the taxpayer do in order to earn the receipt in question, what was the quid pro quo which he gave for the receipt." (Eie onderstreping.)

<sup>30</sup> Sien *CIR v Lever Bros & Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1. Hr Watermeyer sê op 8-9: "...the source of receipts, received from income, is not the quarter whence they come, but the originating cause of their being received as income, and that this originating cause is the work which the taxpayer does to earn them, the quid pro quo which he gives in return for which he receives them. The work which he does may be a business which he carries on, or an enterprise which he undertakes, or an activity in which he engages and it may take the form of physical exertion, mental or physical, or it may take the form of employment of capital either by using it to earn income or by letting its use to someone else. Often the work is some combination of these."

<sup>31</sup> Sien paragraaf 3.3.2 vir 'n bespreking van winste verkry uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.

Bedrae wat uit beleggings ontvang word sal van 'n inkomste aard wees.<sup>32</sup> Soortgelyk is bedrae ontvang in ruil vir die verlening van 'n reg aan 'n ander persoon om 'n bate te gebruik, ook van 'n inkomste aard, byvoorbeeld rente<sup>33</sup>, huur en tantième.<sup>34</sup>

In *ITC 165*<sup>35</sup> het die belastingpligtige 'n bedrag geld aan 'n maatskappy geleen en rente gehef. Die leningsooreenkoms het bepaal dat die lenings slegs terugbetaal sou word wanneer die maatskappy oor voldoende opgelope winste beskik het. Die leningsooreenkoms het verder bepaal dat die belastingpligtige op 'n bedrag gelykstaande aan die helfte van die wins met die verkoop van sekere van die maatskappy se eiendom ("die winsgedeelte"), geregtig sou wees. Regter Davis bevind dat die rente en winsgedeelte beide uit hoofde van die leningstransaksie voortvloei en vergoeding vir die toestaan van die lening is.<sup>36</sup> Die belastingpligtige het sy kapitaal produktief aangewend en beide bedrae is van 'n inkomste aard.<sup>37</sup>

In *Modderfontein B Gold Mining Co, Ltd v CIR*<sup>38</sup> was die belastingpligtige die geregistreerde eienaar van 'n bewaarplaats op die plaas Modderfontein. Die regering was ingevolge wetgewing geregtig om mynboubedrywighede op die bewaarplaats te beoefen. Die regering was ook ingevolge wetgewing verplig om die geregistreerde eienaar van die bewaarplaats te vergoed uit die gelde wat aan die regering toegeval het uit hoofde van die verhuring of verkoop van die mineraalregte. Die regering het besluit om hul regte uit te oefen om mynboubedrywighede op Modderfontein voort te sit. Die regering het 'n bedrag

---

<sup>32</sup> Sien Meyerowitz en Spiro *Income Tax* paragraaf 8.132 8-36. Sien ook Huxham en Haupt *Aantekeninge* par 2.7.4 23.

<sup>33</sup> Sien hoofstuk 4 vir 'n bespreking van die begrip "rente".

<sup>34</sup> Sien Cronje en Stack *Belasting* par 4.7.1 62; Parsons *Income Taxation* 2.270 98; Divaris en Steyn *Silke* 3.1 3-3.

<sup>35</sup> *ITC 165* 1930, 5 SATC 82.

<sup>36</sup> Sien 84: "The main consideration which we must have regard to in this case is what was due to the appellant by virtue of his having lent money to the company, and the consideration which flowed to him in consequence of that transaction was the interest, plus the halfshare of the profit."

<sup>37</sup> Sien 85: "The appellant has employed the capital lent to the company productively, and that the capital sum is unaffected by the payment of the sum at issue, which is the direct fruit of such employment of capital. Therefore if one were to apply a general principle such as which I have referred to in the Booyesen's case to the circumstances in this case, the amount is clearly income." (Eie onderstreping.)

<sup>38</sup> *Modderfontein B Gold Mining Co, Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202.

van £12 888 aan die belastingpligtige betaal. Die Kommissaris het die belastingpligtige op die ontvangste belas. Die belastingpligtige het aangevoer dat die bedrag van 'n kapitale aard is en dat dit gevolglik nie by sy bruto inkomste ingesluit moes word nie.

Hoofregter Innes is van mening dat die werklike aard van die ooreenkoms en die oorsaak van die ontvangste ondersoek moet word.<sup>39</sup> Hy beslis dat die ontvangste nie van 'n kapitale aard was nie aangesien dit jaarliks ontvang is en soortgelyk aan huurbetalings was.<sup>40</sup>

Vir die doeleindes van hierdie studie word die belastingpligtige se kapitaal produktief aangewend indien 'n bedrag geld uitgeleen of 'n belegging gemaak word en vergoeding daarvoor ontvang word.

#### 3.3.1.4 Kapitaal

Soos reeds aangetoon, oorweeg die Suid-Afrikaanse howe die ekonomiese betekenis van inkomste en kapitaal ten einde die twee begrippe van mekaar te onderskei.<sup>41</sup>

Die metafoor van die boom en sy vrugte word gebruik om die onderskeid tussen kapitaal en inkomste te illustreer. Inkomste is die vrugte terwyl kapitaal die boom is.<sup>42</sup> Hierdie metafoor word ook in die Amerikaanse en Australiese reg gebruik.<sup>43</sup> Die metafoor verskaf bloot breë riglyne en kan nie in alle omstandighede toegepas word nie.<sup>44</sup>

---

<sup>39</sup> Sien 206.

<sup>40</sup> Sien 208.

<sup>41</sup> Sien paragraaf 3.2.

<sup>42</sup> Sien *CIR v Visser* 1937 TPD 77, 8 SATC 271. Regter Maritz sê op 276: "If we take the economic meaning of "capital" and "income", the one excludes the other. "Income" is what "capital" produces, or something in the nature of interest or fruit as opposed to principal or tree."

<sup>43</sup> Sien Parsons *Income Taxation* par 2.229 en 2.230 88. Professor Parsons verwys na die Amerikaanse beslissing *Eisner v. Macomber* 252 U.S. 189 (1919) waar regter Pitney op 206-7 sê: "The fundamental relation of 'capital' to 'income' has been much discussed by economists, the former being likened to the tree or the land, the latter to the fruit or the crop; the former depicted as a reservoir supplied from springs, the latter as the outlet stream, to be measured by its flow during a period of time. Here we have the essential matter: not a gain accruing to capital, not a growth or increment of value in the investment; but a gain, a profit, something of exchangeable value, proceeding from the property, severed from the capital however invested or employed, and coming in, being 'derived', that is received or drawn by the recipient

In *CIR v George Forest Timber Company Limited*<sup>45</sup> oorweeg hoofregter Innes daardie kenmerke van kapitaal wat dit van inkomste onderskei, wat hy as volg identifiseer:<sup>46</sup>

- Kapitaal word beskou as welvaart wat aangewend word met die doel om nuwe welvaart te skep.<sup>47</sup>
- Vaste kapitaal verskil van bedryfskapitaal. Vaste kapitaal bly ongeskonde indien dit nuwe welvaart produseer.<sup>48</sup>
- Kapitaal word belê ten einde 'n inkomste te lewer.<sup>49</sup>
- Kapitaal is die inkomste-gewende struktuur van 'n onderneming. Kapitaal word belê ten einde in die toekoms herhaaldelik winste te lewer.<sup>50</sup>

Hoofregter Innes tref dus 'n duidelike onderskeid tussen die struktuur van 'n besigheid en die winste wat die struktuur lewer.<sup>51</sup>

---

(the taxpayer) for his separate use, benefit and disposal; - that is income derived from property." Die Amerikaanse belastingwetgewing verskil egter van die Australiese en Suid-Afrikaanse wetgewing. In Amerika is kapitale winste en verliese aan inkomstebelasting onderhewig. Die wetgewer verleen spesifieke belastingverligting, byvoorbeeld vrystellings ten opsigte van sekere toevallings. Die waarde van bogenoemde beslissing word dus beperk tot die algemene opmerkings wat gemaak is. Sien ook *Waincymer Income Tax Principles* 109-110; *Edgar Financial Instruments* vn 6 396.

<sup>44</sup> Sien *Waincymer Income Tax Principles* op 110: "Where the tree/fruit analogy is concerned, because the ultimate question is a factual one, the comment can never be more than a rough guide and is in itself subject to the same factual ambiguities... Like many unsatisfactory guides, it works best in easy cases where it probably isn't needed and gives no objective guidance on how to deal with the more difficult cases that arise in the real world."

<sup>45</sup> *CIR v George Forest Timber Company Limited* 1924 AD 516, 1 SATC 20.

<sup>46</sup> Hr Innes sê op 22: "The words "of a capital nature" occurred in both sections, having relation in the one case to incomings and in the other to outgoings. In order to appreciate their affect, it was necessary to bear in mind the distinguishing characteristics of capital, that which differentiates it from income."

<sup>47</sup> Hy sê op 22: "Similarly, and also as a general rule, capital, as opposed to income might be said to be wealth used for the purpose of producing fresh wealth."

<sup>48</sup> Sien 23: "Capital, it should be remembered, might be either fixed or floating. The substantial difference was that floating capital was consumed and disappeared in the very process of production, while fixed capital did not; though it produced fresh wealth it remained intact."

<sup>49</sup> Sien 25: "In the absence of any authoritative and comprehensive definition of capital expenditure, it was well to bear in mind the characteristic quality of capital; that it was wealth employed in creating fresh wealth, invested to produce an income." (Eie onderstreping.)

<sup>50</sup> Sien 25: "Money spent in creating or acquiring an income-producing concern must be of a capital nature. It was invested to yield future profit and while the outlay did not recur, the income did. There was a great difference between money spent in creating or acquiring a source of profit and money spent working it."

### 3.3.1.5 Opsomming

Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend. Bedrae word deur kapitaal voortgebring indien dit van die kapitaal geskei word en in eie reg bestaan. Slegs gerealiseerde of werklike bedrae word belas. Kapitaal word produktief aangewend indien die gebruik daarvan aan 'n ander persoon geleen word.

Bedrae uit beleggings ontvang is ingevolge hierdie algemene riglyn van 'n inkomste aard. Bedrae ontvang in ruil vir die verlening van 'n reg aan 'n ander persoon om 'n bate te gebruik, byvoorbeeld rente, huur en tantième, is van 'n inkomste aard. Hierdie bedrae word outomaties beskou as bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aangewend sonder dat die belastingpligtige se doel vasgestel moet word.<sup>52</sup>

### 3.3.2 Inkomste is winste verkry uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag

Dit is gevestigde reg dat indien 'n bate verkoop word bloot as gevolg van 'n verandering van belegging, daar geen verskil is in die aard van die toename in die waarde van die belegging en die opbrengs met verkope nie. Indien die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag, dan is die opbrengs met verkoop van die bate 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aangewend en gevolglik van 'n inkomste aard.<sup>53</sup>

---

<sup>51</sup> Hierdie benadering word ook in Australië gevolg. Sien Waincymer *Income Tax Principles* op 114: "As we will see, capital is sometimes judicially described as the structure of a business while income is the profits flowing from that structure, following the horticultural analogy in *Eisner v Macomber*."

<sup>52</sup> Sien Broomberg *Taxation of Profits on Property Transactions* 448: "If the contract falls within certain legal pigeonholes, for example a lease or an interest bearing loan, then the receipts flowing from it will be of an income nature, regardless of intention".

<sup>53</sup> Sien *Overseas Trust Corporation Limited v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71. Hr Innes sê op 75: "It had been pointed out in *Commissioner of Taxes v Booysen's Estate* (1918, A.D. p 576) that the profit resulting from the sale of an asset might be either capital or income, according to the circumstances. If the transaction were a mere realisation of capital at an enhanced value, the entire proceeds would remain capital; but if it were an act done in the ordinary course of the vendor's business, then the resulting gain would be income. The reason for the distinction is clear. Where an asset was realised at a profit as a mere change of investment there was no difference in character between the amount of enhancement and the balance of the proceeds. But where the profit was..."a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making," then it was revenue derived from capital productively employed, and must be income." (Eie ondersteuning.) En verder op 75: "There was no difference between the

Wanner 'n bate gerealiseer word, is die toepaslike riglyn om te oorweeg of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.<sup>54</sup> Waar die belastingpligtige 'n enkele transaksie aangegaan het, verwys die howe daarna as die uitvoering van 'n skema van winsbejag.<sup>55</sup> Waar 'n reeks transaksies aangegaan is, verwys die howe daarna as die beoefening van 'n besigheid.<sup>56</sup>

Meyerowitz is van mening dat die frase “beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag” verwys na ontvangstes en toevallings wat nie toevallig is nie, maar wat opsetlik gesoek en waarvoor gewerk is.<sup>57</sup> Toevallige ontvangstes en toevallings behoort van 'n kapitale aard te wees.<sup>58</sup>

Die toepassing van hierdie riglyne vereis dat die belastingpligtige se bedoeling<sup>59</sup> vasgestel moet word.<sup>60</sup> Die bedoeling van die belastingpligtige verwys na die belastingpligtige se doel met betrekking tot die aankoop van die bate.<sup>61</sup>

---

realisation of an asset and the fructification of an asset, if the benefits received amounted to a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making.”

<sup>54</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo op 279: “There are a variety of tests for determining whether or not a particular receipt is one of a capital or revenue nature. They are laid down as guidelines only – there being no single infallible test of invariable application... The appropriate test in a matter as such as at the present is a well established one. The receipts accruing to the Trust will be revenue if they constitute 'a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making'...” (Eie onderstreping.)

<sup>55</sup> Sien Williams *Income Tax* 8 110 vir 'n bespreking van die faktore wat die howe in ag neem ten einde te bepaal of 'n belastingpligtige 'n skema van winsbejag uitvoer.

<sup>56</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo 279-280: “The phrase from Californian Copper Syndicate has undergone some measure of refinement in the cases of *Natal Estates Ltd v SIR* and *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SIR* to the extent that a distinction is drawn between carrying on of a business and the pursuance of a profit-making scheme. The basis for such distinction is that it is more appropriate to refer to a profit-making scheme where a single transaction is involved. I accept that a series of transactions is characteristic of the carrying on of a business.”

Sien Williams *Income Tax* 7 88 vir 'n bespreking van die faktore wat die howe in ag neem ten einde te bepaal of 'n belastingpligtige 'n besigheid beoefen al dan nie.

<sup>57</sup> Sien Meyerowitz en Spiro *Income Tax* par 8.21 8-8: “The rather clumsy phrase ‘operation of business in carrying out a scheme for profit-making’ in plain language really means that receipts or accruals bear the imprint of revenue if they are not fortuitous, but designedly sought for and worked for.”

<sup>58</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo waar ar Smalberger op 281 sê: “In my view, therefore, any receipts accruing to the Trust were not intended or worked for, but purely fortuitous in the sense of being an incidental by-product. They were therefore non-revenue.”

<sup>59</sup> Sien Meyerowitz *Income Tax* 8.23 tot 8.65; Divaris en Steyn *Silke* 3.1 tot 3.11; Huxham en Haupt *Aantekeninge* 2.7.1 tot 2.7.3; Broomberg *Taxation of Profits on Property Transactions* 50-61 en die gesag aldaar verwys vir 'n bespreking van die faktore wat die Suid-Afrikaanse geregshowe in ag neem om die bedoeling van natuurlike en regs persoon vas te stel.

Die howe oorweeg die belastingpligtige se getuienis met betrekking tot sy bedoeling.<sup>62</sup> Die getuienis word teen die objektief waarneembare feite getoets.<sup>63</sup>

Die belastingpligtige se doel ten tye van die verkryging van die bate moet oorweeg word. Dit is 'n baie belangrike faktor wat deurslaggewend is tensy 'n ander faktor daarop dui dat die bate ooreenkomstig 'n skema van winsbejag verkoop is.<sup>64</sup> Die blote besluit om 'n bate te verkoop is nie voldoende om die opbrengs met verkope na 'n inkomste aard te verander nie.<sup>65</sup> Iets meer is nodig om die aard van die bate te verander, byvoorbeeld dat die belastingpligtige begin om met die betrokke bate handel te dryf of om die bate ingevolge 'n skema van winsbejag te verkoop.<sup>66</sup>

---

<sup>60</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo. Ar Smalberger sê op 280: "The application of this test involves a consideration of the objectives of the taxpayer (the Trust) and what was its purpose, or if there was more than one, what was its dominant purpose." (Eie onderstreping.) Sien ook *Broomberg Capital vs Revenue* op 71: "The reference to 'an operation of business in a scheme of profit-making' in the *Californian Copper Syndicate* case, presupposes that a profit making purpose is the distinguishing feature."

<sup>61</sup> Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Limited* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87. Ar Botha sê op 106: "In an enquiry as to the intention with which a transaction is entered into for the purposes of the law relating to income tax, a court of law is not concerned with that kind of subjective state of mind required for the purposes of criminal law, but rather with the purpose for which the transaction was entered into." (Eie onderstreping.)

<sup>62</sup> Sien *ITC 1071* 1963, 27 SATC 185. R. Snyman sê op 187: "We attach considerable weight to his statement of what his intention was, but we must, of course, bear in mind that even honest men can never quite free themselves of the influence of their personal interests, and it is necessary for us to test his evidence of his intention against, and in the light of, the surrounding circumstances and outward manifestations." (Eie onderstreping.)

<sup>63</sup> Sien *CIR v Visser* hierbo. R. Maritz sê op 276: "His intention is not necessarily determined by what he says was his intention, but by the inference as to the intention to be drawn from the facts of the case." (Eie onderstreping.)

<sup>64</sup> Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253. Ar Wessels sê op 261-262: "It was unnecessary to go so far as to say that the intention with which the article or land was bought was conclusive as to whether the proceeds derived from a sale were taxable or not. It was sufficient to say that the intention was an important factor and unless some other factor intervened to show that when the article was sold in pursuance of a scheme of profit-making, it was conclusive in determining whether it was capital or gross income."

<sup>65</sup> Sien *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 SA 415(A), 38 SATC 87. Ar Wessels sê op 103-104: "Moreover, my understanding of the cases that deal with the matter is that the mere change of intention to dispose of an asset hitherto held as a capital asset does not per se subject the resultant profit to tax."

<sup>66</sup> Sien *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* hierbo 103: "Something more is required in order to metamorphose the character of the asset and so render its proceeds gross income. For example, the taxpayer must already be trading in the same or similar kinds of assets, or he then and there starts some trade or business or embarks on some scheme for selling such asset for profit and, in either case, the asset in question is taken into or used as his stock-in-trade." Sien *CIR v Stott* hierbo op 262: "As had been pointed out in *Booyesen's Estate* case, there was no definite test which could always be applied in order to determine whether a gain or profit was income or capital, but in order to convert what was on the face of it an ordinary investment of surplus funds into a profitmaking business there must be some proof of some

Om te bepaal of 'n belastingpligtige met 'n betrokke bate handel dryf of die bate ingevolge 'n skema van winsbejag verkoop, oorweeg die howe die belastingpligtige se aktiwiteite as 'n geheel en vergelyk dit dan met die gewone kommersiële begrip van die beoefening van 'n besigheid.<sup>67</sup>

Indien 'n bate gerealiseer word in die loop van die beoefening van 'n bestaande besigheid, sal die opbrengs met die verkoop daarvan van 'n inkomste aard wees.<sup>68</sup>

Indien die hof bevind dat die belastingpligtige se aktiwiteite vanuit 'n kommersiële oogpunt as die beoefening van 'n besigheid beskou kan word, oorweeg die hof die belastingpligtige se doel met die aankoop en verkoop van die bate. Indien die belastingpligtige nie die bate aangekoop het met die doel om 'n wins te maak nie, mag die hof bevind dat 'n besigheid nie bedryf word nie.<sup>69</sup>

---

special acts which in the ordinary experience of men showed that the taxpayer had conceived some scheme for profit-making and had made it his business to carry it out. (Eie onderstreping.)

<sup>67</sup> Sien *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 (4) SA 177(A), 37 SATC 193 op 220.

<sup>68</sup> Sien *COT v Booyens Estates, Ltd* hierbo op 16: "Where the profit or gain is derived from land which is bought with the intention of being sold as to afford a revenue or income through dealings with land, there is little or no distinction between the enhanced capital and income. If a person's business is to derive his revenue or income from the buying and selling of land the law draws no distinction between revenue or income and enhanced capital." (Eie onderstreping.)

<sup>69</sup> Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* hierbo. Ar Smalberger sê op 180-181: "But even if the Trust could be said in a broad sense to have been conducting a business, it was not a business carried out as part of a scheme of profit-making... Nicholas AJA accepts, in my view correctly, that the purpose of the scheme was not one of profit-making. If that is so it seems impossible to conclude, as a matter of logic, that any business conducted in pursuance of the scheme, and according to the strict letter thereof (which is essentially the case here) could be part of a scheme of profit-making."



## 4 Opsomming

In hierdie hoofstuk is gepoog om die riglyne wat die Suid-Afrikaanse geregshowe neergelê het om tussen toevallings van 'n inkomste- en kapitale aard te onderskei, kortliks te identifiseer.

Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend. 'n Belastingpligtige wend sy kapitaal produktief aan wanneer die gebruik daarvan uitgeleen word. Bedrae word deur kapitaal voortgebring wanneer dit van die kapitaal geskei word en in eie reg bestaan. Slegs gerealiseerde of werklike bedrae word belas.

Bedrae uit beleggings ontvang, byvoorbeeld rente, is ingevolge hierdie algemene riglyn van 'n inkomste aard. Rente word outomaties beskou as bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aangewend sonder dat die belastingpligtige se doel vasgestel moet word. Rente is vanuit 'n ekonomiese oogpunt ook van 'n inkomste aard.

Wanneer 'n bate gerealiseer word, is die toepaslike riglyn om te oorweeg of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Waar die belastingpligtige 'n enkele transaksie aangegaan het, verwys die houe daarna as die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Waar 'n reeks transaksies aangegaan is, verwys die houe daarna as die beoefening van 'n besigheid. Die toepassing van hierdie riglyne vereis dat die belastingpligtige se doel met betrekking tot die aankoop van die bate ten tye van die verkryging van die bate asook die verkoop van die bate vasgestel moet word.

Die vraag ontstaan nou watter riglyn toepaslik is om die aard van 'n diskonto met die verkryging van 'n skuldbrief vas te stel. Is 'n diskonto objektief beskou 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aangewend? Alternatiewelik moet oorweeg word of die diskonto 'n wins verkry uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag is, in welke geval die belastingpligtige se doel met betrekking tot die aankoop van die skuldbrief vasgestel moet word. Hierdie vraag word in hoofstuk vier ondersoek.

**HOOFSTUK 4****BETEKENIS VAN RENTE EN AARD VAN 'N DISKONTO**

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>33</b>
<b>2</b>	<b>BETEKENIS VAN RENTE INGEVOLGE DIE INKOMSTEBELASTINGWET</b>	<b>33</b>
2.1	Inleiding	33
2.2	Woordeboekbetekenis van rente	34
2.3	Betekenis van rente ingevolge regspraak	36
2.3.1	Voorbeelde uit regspraak	36
2.3.2	Edgar se interpretasie	38
2.3.3	Diskonto's	40
2.4	Betekenis van rente ingevolge die <i>Inkomstebelastingwet</i>	42
2.5	Opsomming	43
<b>3</b>	<b>INKOMSTE- OF KAPITALE AARD VAN 'N DISKONTO</b>	<b>44</b>
3.1	Inleiding	44
3.2	Funksionele benadering	44
3.3	'n Kritiese evaluering van kapitaalrisiko in die konteks van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg	51
3.4	Onderskeid tussen die aflossing en oordrag van skuldbriewe	54
3.5	Aard van die opbrengs met die aflossing van skuldbriewe	57
3.6	Aard van die opbrengs met die oordrag van skuldbriewe	60
<b>4</b>	<b>OPSOMMING</b>	<b>63</b>

## 1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto te bepaal. Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word:

- die betekenis van die begrip "rente" ingevolge die *Inkomstebelastingwet* oorweeg; en
- die riglyne wat die geregshowe geïdentifiseer het om die inkomste- of kapitale aard van toevallings te bepaal, op die houer van 'n skuldbrief toegepas.

Die bepalings van artikel 24J van die *Inkomstebelastingwet*<sup>1</sup> word vir die doeleindes van hierdie hoofstuk buite rekening gelaat. In hoofstuk 5 word die invloed van artikel 24J op die gewone beginsels om die aard van 'n diskonto vas te stel, oorweeg.

## 2 BETEKENIS VAN RENTE INGEVOLGE DIE INKOMSTEBELASTINGWET

### 2.1 Inleiding

Die *Inkomstebelastingwet* bevat nie 'n algemene omskrywing van die begrip "rente" nie. Die volgende artikels van die *Inkomstebelastingwet* is van toepassing indien 'n toevalling of onkoste as "rente" geklassifiseer word:

- Artikel 24J ag onder meer dat rente aan die houer van 'n inkomste-instrument toeval.<sup>2</sup>
- Artikel 8(4)(l) ag onder meer dat rente of verwante finansieringskoste verhaal of vergoed is indien enige verpligting ten opsigte van rente aan 'n ander persoon oorgedra word.
- Artikels 9(6) en 9(7) ag enige rente (soos in artikel 24J omskryf) ontvang of toegeval uit 'n bron binne die Republiek te wees, waar daardie rente uit die

---

<sup>1</sup> Hierna in hierdie studie "artikel 24J" genoem.

<sup>2</sup> Sien hoofstuk 5 vir 'n bespreking van artikel 24J.

gebruik of aanwending in die Republiek van enige fondse of krediet wat ingevolge enige vorm van rentedraende reëling, verkry is.

- Artikel 10(1)(hA) stel rente toegeval aan 'n persoon wat onder meer gewoonlik buite die Republiek woonagtig is, of 'n maatskappy wat buite die Republiek bestuur en beheer word, vry van belasting.
- Artikel 10(1)(i)(xv) stel R4 000<sup>3</sup> van rente toegeval aan 'n natuurlike persoon vry van belasting.
- Artikel 11(bA) laat onder meer 'n aftrekking van inkomste toe ten opsigte van rente (met inbegrip van verwante finansieringskoste) wat aangegaan is op 'n lening deur die belastingpligtige aangewend by die verkyging van enige masjinerie en wat aangegaan is ten opsigte van 'n tydperk vóór die ingebruikneming van bedoelde masjinerie vir die doeleindes van die belastingpligtige se bedryf.
- Praktyknota 31 sit die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se praktyk uiteen ingevolge waarvan 'n persoon (wat nie 'n geldskieder is nie) wat rente verdien op kapitaal belê, daardie uitgawes wat aangegaan is in die voortbrenging van sodanige rente, mag aftrek van sy belasbare inkomste. Die aftrekking word beperk tot die rente inkomste.

Die gewone grammatikale betekenis asook die betekenis van die begrip "rente" vanuit die regspraak word vervolgens ondersoek ten einde die betekenis van rente ingevolge die *Inkomstebelastingwet* vas te stel.

## 2.2 Woordeboekbetekenis van rente

Dit is 'n erkende beginsel by die vertolking van wetgewing dat die woorde van 'n wetsbepaling in hul gewone, grammatikale betekenis verstaan moet word tensy dit uit die samehang van die betrokke Wet sou blyk dat so 'n vertolking aanleiding tot 'n absurditeit sou gee of tot 'n resultaat sou lei wat strydig met die duidelike bedoeling van die Wetgewer sou wees, in welke geval 'n hof bevoeg

---

<sup>3</sup> Ten opsigte van jare van aanslag geëindig 28 Februarie 2002 of 30 Junie 2002.

sou wees om van die gewone grammatikale betekenis van die woorde af te wyk ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee.<sup>4</sup>

Gevolglik moet gelet word op die grammatikale betekenis wat standaard woordeboeke aan die woord "rente" heg:<sup>5</sup>

Die *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*:

*"opbrengs van uitgeleende of belegde geld; vergoeding vir die gebruik van geld."*

*The Oxford Concise*:<sup>6</sup>

*"money paid for the use of money lent or for not exacting repayment of debt"*

*The Shorter Oxford English Dictionary*:<sup>7</sup>

*"money paid for the use of money lent (principal) or for forbearance of a debt, according to a fixed ratio (rate per cent)." (Eie onderstreping.)*

*The Websters New Twentieth Century Dictionary*:<sup>8</sup>

*"(a) money paid for the use of money; (b) the rate of such payment, expressed as a percentage per unit of time." (Eie onderstreping.)*

Die gemeenskaplike betekenis van "rente" in al hierdie omskrywings in die woordeboeke is dat hulle verwys na vergoeding vir die gebruik van geld. Rente word verder bereken as 'n vaste verhouding of persentasie per tydseenheid van die hoofskuld.<sup>9</sup>

---

<sup>4</sup> Sien *Flemming v KBI* 1995 (1) SA 574 (A), 57 SATC 73 op 77 en die gesag aldaar verwys.

<sup>5</sup> Hierdie benadering is in Ferreira *Taxability of discounts* gevolg.

<sup>6</sup> Sien Edgar *Concept of Interest* 286 voetnota 23.

<sup>7</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 4.

<sup>8</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 4-5.

<sup>9</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 7.

Hierdie betekenis blyk ook die gewone gemeenregtelike betekenis van rente te wees.<sup>10</sup>

## 2.3 Betekenis van rente ingevolge regspraak

### 2.3.1 Voorbeelde uit regspraak

Die howe het die betekenis van rente in verskeie beslissings oorweeg.

Hoofregter Watermeyer in *Commisioner of Inland Revenue v Lever Brothers & Unilever Ltd*:<sup>11</sup>

*"In the case of a loan of money the lender gives the money to the borrower, who in return incurs an obligation to repay the same amount of money at some future time and if the loan is one which bears interest, he also incurs an obligation to pay that interest. Though I use the words 'gives the money' this must not be taken literally as the usual way of making a loan. As a rule the lender either gives credit to the borrower or transfers to him certain rights of obtaining credit which had previously belonged to the lender, and this supply of credit is the service which the lender performs for the borrower, in return for which the borrower pays him interest. Consequently this provision of credit is the originating cause or source of the interest received by the lender."*<sup>12</sup>

Lord Wright in die Engelse beslissing *Riches v Westminster Bank Ltd*:<sup>13</sup>

*"...the essence of interest is that it is a payment which becomes due because the creditor has not had his money at the due date. It may be regarded either as representing the profit he might have made if he had the use of money or conversely the loss he suffered because*

---

<sup>10</sup> Sien LAWSA 277: "The parties may agree expressly or implied that the borrower is to remunerate the lender by paying interest on money lent to him. At common law this interest is usually expressed as a percentage of the money lent calculated either for a fixed period or from the time of the receipt of the loan until it is repaid." (Eie onderstreping.)

<sup>11</sup> *CIR v Lever Brothers & Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1.

<sup>12</sup> Sien 9.

<sup>13</sup> *Riches v Westminster Bank Ltd* [1947] 1 All ER 469.

he had not had that use. The general idea is that he is entitled to compensation for the deprivation."<sup>14</sup>

Regter Rand in die Kanadese beslissing *Reference re Saskatchewan Farm Security Act*.<sup>15</sup>

"Interest is, in general terms, the return or consideration or compensation for the use or retention by one person of a sum of money, belonging to, in the colloquial sense, or owed to, another...

But the definition, as well as the obligation, assumes that interest is referable to a principal in money or an obligation to pay money. Without that relational structure in fact and whatever the basis of calculating or determining the amount, no obligation to pay money or property can be deemed an obligation to pay interest."<sup>16</sup> (Eie onderstreping.)

Regter Mason in die Australiese beslissing *FCOT v Meyer Emporium Limited*:<sup>17</sup>

"Interest is regarded as flowing from the principal sum (*Federal Wharf Co. Ltd. v. Deputy Federal Commissioner of Taxation* (1930) 44 CLR 24, at p 28) and to be compensation to the lender for being kept out of the use and enjoyment of the principal sum: *Riches v. Westminster Bank Limited* (1947) AC 390, at p 400. A covenant to pay interest on a principal sum may, according to the terms of the lending agreement, be independent of or accessory to a covenant to repay the principal sum or the covenants may be integral parts of a single obligation, but it is of the essence of interest that it be referable to a principal sum:...The source of interest is never the mere covenant to pay....If a lender who sells a right to interest severed from the debt were regarded as disposing of an income-producing right, Paget would indicate that the price should be treated as capital. But the contractual right is not the source of the interest to which it relates: a contractual right severed from the debt is not the structure which produces that income." (Eie onderstreping.)

<sup>14</sup> Sien 472. Sien ook Ferreira *Taxability of discounts* 3 en Sims *Simon's Taxes* B 5.201 2922.

<sup>15</sup> *Reference re Saskatchewan Farm Security Act* [1947] 3 DLR 689.

<sup>16</sup> Sien 703. Sien ook Edgar *Concept of Interest* 285.

<sup>17</sup> *FCOT v Meyer Emporium Limited* (1987) 163 CLR 199.

In *Cactus Investments (Pty) Limited v CIR*<sup>18</sup> tref appèlregter Hefner 'n onderskeid tussen rente gehef op 'n verbruikslening en krediet wat toegestaan word. Appèlregter Hefner is van mening dat rente nie vergoeding vir die gebruik van geld in die geval van 'n verbruikslening is nie.<sup>19</sup> Tog ontstaan die reg om rente in die toekoms te ontvang sodra die uitlener die fondse aan die lener beskikbaar stel.<sup>20</sup>

Parsons is egter van mening dat rente as vergoeding vir die gebruik van geld beskou kan word ongeag die feit dat eienaarskap van die geld op die lener oorgaan.<sup>21</sup>

### 2.3.2 Edgar se interpretasie

Edgar is van mening dat die Inkomstebelastinghowe in Nieu-Seeland en Australië die begrip "rente" uitleë met verwysing na die regs- of gemeenregtelike

---

<sup>18</sup> *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* 1999 1 All SA 345(A), 61 SATC 43.

<sup>19</sup> Appèlregter Hefner sê op 46-47: "I say this because Mr Solomon referred us to Watermeyer CJ's judgement in *Commissioner for Inland Revenue v Lever Bros and Another* 1946 AD 441. In that case the Chief Justice, in an entirely different context and dealing with 'loans' in the form of credit given to the 'borrowers', said (at 451) that the 'supply of credit is the service which the lender performs to the borrower, in return for which the borrower pays him interest'. In the present case Cactus did not give its customers credit; we are dealing with ordinary loans for consumption and with money actually paid to the borrowers. The interest which they were obliged to pay was certainly not to compensate Cactus for any services rendered to them. In the *Lever Bros* case Watermeyer CJ illustrated his remarks by way of analogy to the relationship between a lessor and a lessee, Mr Solomon sought to do likewise. In the situation which the learned Chief Justice envisaged the analogy of a lease may have been apt but in the present situation it is not a true analogy at all. Rent can obviously be regarded as compensation to the lessor for the use of his property and the lessor can (depending on the terms of the agreement) rightly be said to have continuing obligations apart from making the subject of the lease available to the lessee. But, bearing in mind again that we are dealing with loans for consumption which brought about that each borrower became the owner of money received, the interest cannot be compensation to Cactus for the use of Cactus's money. Moreover, Mr Solomon rightly contended that no physical performance was required of Cactus apart from paying the amount of each loan to the borrower. He was unable to explain the content of the continuing obligation for which he contended." (Eie onderstreping.)

<sup>20</sup> Appèlregter Hefner sê op 48: "I have also indicated that at common law, unless the parties otherwise agree, a lender of money becomes entitled to the right to receive interest on the stipulated future date, as soon as he has made the funds available to the borrower."

<sup>21</sup> Sien Parsons *Income Taxation* 2.272 98: "Money lent becomes the property of the borrower, and it will be said that the interest he pays cannot be regarded as being for the use of that property. Principles of tax law are almost inevitably framed in language which attracts the possible application of principles belonging to some other area of law. The interpretation of principles of tax law in this manner is unacceptable, more especially when the principle is no more than an attempt to formulate the ordinary usage notion of income. Where a receipt is for the use of one's money by another, the notion of one's money being understood in a way that transcends strict notions of property, it may be described as interest as a term of tax law identifying one kind of gain derived from property and income in that character." (Eie onderstreping.)



betekenis van rente.<sup>22</sup> 'n Bedrag moet aan drie vereistes voldoen alvorens dit ingevolge die regsbetekenis van die woord as *rente* beskou word.<sup>23</sup>

Die bedrag moet

1. vergoeding vir die gebruik van geld wees;
2. na 'n hoofskuld<sup>24</sup> verwys; en
3. bereken word met verwysing na die periode waarvoor die hoofskuld uitstaande is.

Die eerste vereiste is algemeen van aard en dui moontlik daarop dat rente volgens die breë betekenis van die woord alle bedrae insluit wat die koste van geleende fondse verteenwoordig.<sup>25</sup> Die vereiste dat rente die vergoeding vir die gebruik van geld is, blyk duidelik vanuit die gewone woordeboekbetekenis van rente asook die betekenis daarvan in die regspraak. Die Suid-Afrikaanse houe erken ook hierdie vereiste.<sup>26</sup>

Die eerste vereiste veronderstel dat die geld geleen moet word in teenstelling met bydraes tot aandeelkapitaal.<sup>27</sup> Dividende is die vergoeding wat aan die verskaffers van aandeelkapitaal betaal word.

Volgens Edgar beteken die tweede vereiste moontlik dat 'n bedrag geld werklik uitgeleen moet word of dat krediet toegestaan moet word ten opsigte waarvan rente betaal word.<sup>28</sup> Die vergoeding moet dus nie met verwysing na 'n denkbeeldige bedrag bereken word nie. Daar word veronderstel dat 'n

---

<sup>22</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* 44. Die woorde "legal or common law definition" word in Afrikaans vertaal na "regs- of gemeenregtelike betekenis van rente". Hierna in hierdie studie die "regsbetekenis van rente" genoem.

<sup>23</sup> Sien Edgar *Concept of Interest* 284.

<sup>24</sup> Die woorde "principal sum" word in Afrikaans vertaal na "hoofskuld".

<sup>25</sup> Sien Edgar *Concept of interest* 284.

<sup>26</sup> Sien paragraaf 2.3.1.

<sup>27</sup> Die onderskeid tussen skuld en ekwiteit val buite die omvang van hierdie studie.

<sup>28</sup> Sien Edgar *Concept of Interest* 284.

hoofskuld / verskuldigde bedrag<sup>29</sup> moet bestaan alvorens 'n bedrag as rente beskou kan word.<sup>30</sup>

Die laaste vereiste, naamlik dat die rente bereken moet word met verwysing na die periode waartydens die hoofskuld uitstaande is, is baie meer beperkend as die eerste twee vereistes. Rente is hivolgens slegs daardie bedrae wat bereken word met verwysing na 'n vaste persentasie van die hoofskuld van 'n skuldverpligting wat periodiek oor die termyn van die lening betaalbaar is.<sup>31</sup> Hierdie vereiste blyk ook duidelik uit die gewone woordeboekbetekenis van rente.<sup>32</sup>

### 2.3.3 Diskonto's

Die *Oxford English Dictionary*<sup>33</sup> omskryf die begrip "diskonto" soos volg:

*"The deduction made from the amount of a bill of exchange or promissory note, by one who gives value for it before it is due, this deduction being calculated at a defined rate per cent for the time the document has to run; practically the interest charged by a banker or a bill-discounter for advancing the value of a bill before it is due."*

<sup>29</sup> 'n Skadevergoedingsbedrag word ook hierby ingesluit. Sien byvoorbeeld *Riches v Westminster Bank Ltd* hierbo.

<sup>30</sup> Sien Tiley *UK Tax Guide* 516-517 9:42: "...the fact that time is used to measure a payment does not suffice to make the payment interest when there is no principal debt. So, suppose that A buys whisky in bond for £100 and A then gives B an option to buy that whisky at any time within six months for £100 plus "interest" at the rate of 12% per annum from the time that A bought the whisky until B exercise the option. If B exercise the option after three months and pays £103 this would be a simple purchase for £103 and not a purchase for £100 plus £3 interest." (Eie onderstreping.)

Sien ook Edgar *Concept of interest* 327: "That an amount must be paid pursuant to a borrower-lender relationship, or the broader category of debtor and creditor, in order to be considered interest follows logically from the essential characteristic of interest as compensation for the use of borrowed funds. In short, there must be a borrowing of money or extension of credit before any amount can be considered interest." (Eie onderstreping.)

<sup>31</sup> Edgar is verder van mening dat die derde vereiste ook beteken dat 'n bedrag op 'n daaglikse basis moet toeval. Sien Edgar *Financial Instruments* 44: "This requirement effectively means that any amount must accrue on a daily basis, which is the most restrictive of the three characteristics of the legal definition of interest. This requirement effectively means that any amount must be fixed from the outset of a borrowing (or calculable on a daily basis) and payable solely with the passage of time for the use of the borrowed money. Only in that case can the amount be apportioned prospectively over the term of a borrowing and be said to accrue on a daily basis in the sense that it can be apportioned between two creditors in succession at any time."

Hierdie beginsel is nie noodwendig waar in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg in die geval van 'n verbruikslening nie. Sien byvoorbeeld *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* hierbo 48 waar die appèlhof beslis het dat rente toeval op die tydstop wat die uitlener die geldsom aan die lener lewer.

<sup>32</sup> Sien paragraaf 2.2.

<sup>33</sup> Sien Sims *Simon's Taxes* B5.401 3051.

Edgar omskryf die begrip "diskonto" as die verskil tussen die sigwaarde of hoofskuld van 'n skuldverpligting en die bedrag wat die uitlener aan die lener gegee het of die bedrag wat die koper vir die vorderingsreg betaal het.<sup>34</sup> Die bedrag wat die uitlener of die koper vir die vorderingsreg betaal word onder meer deur die uitlener of koper se verlangde opbrengskoers bepaal.<sup>35</sup>

'n Diskonto word gewoonlik bereken met verwysing na 'n persentasie en tydsverloop<sup>36</sup> en die vraag ontstaan of 'n diskonto aan die regsbetekenis van rente voldoen.

Edgar is van mening dat 'n diskonto nie aan die regsbetekenis van rente voldoen nie. 'n Diskonto is deel van die hoofskuld wat tydens die aflossing van die skuld terugbetaal word.<sup>37</sup> Rente is nie deel van die hoofskuld nie en gevolglik kan 'n diskonto nie rente ingevolge die regsbetekenis van die woord wees nie. Hierdie streng regsuitleg ignoreer egter die feit dat die belegger 'n opbrengs op sy belegging verkry soortgelyk aan periodieke rentebetalinge op 'n hoofskuld.<sup>38</sup> 'n Diskonto kan in sekere gevalle as rente ingevolge die breë betekenis van die woord beskou word.<sup>39</sup>

---

<sup>34</sup> Sien Edgar *Concept of interest* 319: "As already noted, a 'discount' is taken to mean the difference between the face amount or stated principal of a debt obligation and the amount advanced by the lender or paid by a purchaser of the obligation. Where it arises on the issue of a debt obligation, a discount is commonly referred to as 'original issue discount'..."

<sup>35</sup> Sien paragraaf 3.3 van hoofstuk 2 vir 'n bespreking van die faktore wat die geldwaarde van 'n diskonto bepaal.

<sup>36</sup> Sien paragraaf 3.1 van hoofstuk 2 waar die waardasie van 'n skuldbrief en die berekening van 'n diskonto bespreek word.

<sup>37</sup> Sien Edgar *Concept of interest* 320: "The more difficult problem is the requirement that an amount must be referable to a principal sum. On a strict reading of this requirement that includes only those amounts calculated as a percentage of the principal sum, [the original issue discount] cannot qualify. Even on a broader reading that includes any amount payable for the use of borrowed funds, [the original issue discount] might not qualify because it is, in form, a part of the principal sum and accordingly not referable to it." (Eie onderstreping.)

<sup>38</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* 46: "This formalistic approach ignores the fact that an [original issue discount] obligation provides cash flows that are equivalent to the payment and reinvestment of periodic interest at the same rate of return on the [original issue discount] obligation."

<sup>39</sup> Sien paragraaf 3 hieronder.

## 2.4 Betekenis van rente ingevolge die *Inkomstebelastingwet*

Die vraag ontstaan nou of die woord “rente” in die *Inkomstebelastingwet* na die breë of eng betekenis van die woord verwys.<sup>40</sup> Die breë betekenis verwys bloot na bedrae wat vergoeding vir die gebruik van geld is. Die eng betekenis stel 'n verdere vereiste, naamlik dat 'n bedrag bereken moet word met verwysing na 'n persentasie van die hoofskuld en die tydperk waarvoor die hoofskuld uitstaande is.<sup>41</sup>

Ferreira is van mening dat die woord “rente” in die *Inkomstebelastingwet* volgens die eng betekenis daarvan uitgelê moet word.<sup>42</sup> Die onderstaande dien as gesag vir hierdie standpunt:

- Artikel 24J tref 'n onderskeid vir die doeleindes van die omskrywing van “rente” tussen rente, verwante finansieringskoste en diskonto's. Verwante finansieringskoste, byvoorbeeld leningskommissie, sal kostes insluit wat nie noodwendig deur die termyn van die lening beïnvloed word nie. Die betekenis van rente word dus uitgebrei om spesifiek verwante finansieringskoste en diskonto's in te sluit wat andersins nie rente sou wees nie.<sup>43</sup>
- Artikel 11(bA) tref 'n soortgelyke onderskeid tussen rente en verwante finansieringskoste.
- Artikel 9(5)<sup>44</sup> was van toepassing op 'n bankaksep<sup>45</sup> of soortgelyke stuk wat in die Republiek of 'n buurstaat uitgereik is. 'n *Wins* wat by die verjaring of

---

<sup>40</sup> Sien paragraaf 2.1 vir voorbeelde van artikels in die *Inkomstebelastingwet* wat na die woord “rente” verwys.

<sup>41</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* waar Ferreira hierdie onderskeid op 7 tref: “However, there is a narrower meaning of 'interest': besides being compensation for the use of money it must, in addition, be referable to a principal sum or payable according to a fixed ratio or expressed as a per unit of time.”

Die woorde “narrower meaning of interest” word in Afrikaans vertaal na “die eng betekenis van rente”.

<sup>42</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 7-8.

<sup>43</sup> Sien Meyerowitz *Income Tax* 13.40 13-27. Meyerowitz veronderstel dat verwante finansieringskoste en diskonto's nie andersins “rente” sal wees nie.

<sup>44</sup> Die artikel is geskrap vanaf 1 Januarie 2001.

<sup>45</sup> 'n Bankaksep word teen 'n diskonto tot sy sigwaarde uitgereik.

vervreemding van die bedoelde stuk gemaak is deur 'n persoon gewoonlik in die Republiek woonagtig, is geag ontvang of toegeval te wees uit 'n bron in die Republiek. Die *Inkomstebelastingwet* beskou dus 'n diskonto wat met die oordrag of aflossing van 'n bankaksep 'realiseer' as 'n *wins* en nie *rente* nie.<sup>46</sup>

- Praktyknota 2 van die *Inkomstebelastingwet* bepaal onder meer dat *winste* verkry deur houers van bankaksepte óf met die verkoop van óf aflossing daarvan *inkomste*, en nie noodwendig *rente*, in die hande van die houers verteenwoordig.

## 2.5 Opsomming

Die gewone woordeboekbetekenis van die begrip "rente" dui op vergoeding vir die gebruik van geld. Dit dui verder daarop dat rente bereken moet word met verwysing na 'n vaste verhouding of persentasie van die hoofskuld asook die tydperk waarvoor die hoofskuld uitstaande is. Die gewone betekenis sluit by die regsbetekenis aan wat vir die doeleindes van die *Inkomstebelastingwet* geld.

Soos aangetoon, blyk dit dat die regsbetekenis van rente nie 'n diskonto insluit nie. Die vraag ontstaan nou in watter gevalle 'n diskonto vergoeding vir die gebruik van geld is. Indien dit vergoeding vir die gebruik van geld is, behoort die diskonto van 'n inkomste aard te wees.<sup>47</sup> Hierdie vraag word vervolgens ondersoek.

---

<sup>46</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 6.

<sup>47</sup> Sien hoofstuk 2 vi: 'n bespreking van die algemene beginsels om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal.

### 3 INKOMSTE- OF KAPITALE AARD VAN 'N DISKONTO

#### 3.1 Inleiding

Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend.<sup>48</sup> Indien 'n wins verkry word uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag, is die opbrengs met verkoop van die bate ook van 'n inkomste aard.<sup>49</sup> Die vraag ontstaan nou watter riglyn toegepas moet word om die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto vas te stel.<sup>50</sup> Die blote feit dat 'n diskonto in die vorm van 'n rentekoers as 'n persentasie van die hoofskuld uitgedruk kan word, beteken nie noodwendig dat die diskonto van 'n inkomste aard is nie.<sup>51</sup>

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word buitelandse beslissings kortliks oorweeg, waarna die riglyne wat deur die Suid-Afrikaanse geregshowe geïdentifiseer is op die houer van 'n skuldbrief toegepas word.

#### 3.2 Funksionele benadering

Edgar is van mening dat die Engelse howe 'n funksionele benadering<sup>52</sup> volg om vas te stel of 'n diskonto vergoeding vir die gebruik van geleende geld is.<sup>53</sup> Die funksionele benadering behels 'n ondersoek na die omstandighede wat daarop dui dat 'n diskonto vergoeding vir die gebruik van geleende geld is.<sup>54</sup> Die diskonto se ekonomiese funksie word dus oorweeg.<sup>55</sup>

<sup>48</sup> Sien paragraaf 3.3.1 van hoofstuk 3.

<sup>49</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk 3.

<sup>50</sup> Die vraag het ontstaan tydens 'n gesprek tussen die skrywer en Swanepoel. Hy het oorweeg of die objektiewe of subjektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van 'n diskonto by oordrag en aflossing van 'n skuldbrief vas te stel.

<sup>51</sup> Sien byvoorbeeld *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.*, 1943 2 All ER 255 waar Lord Green op 258 sê: "It is stated in the case that the interest, discount and premiums taken together represented a return of about 7 per cent on the amount outstanding. The fact that such a calculation can be made is, of course, no justification for asserting that the discount and the premium ought to be treated as income for the purposes of the Income Tax Act." (Eie onderstreping.)

<sup>52</sup> Die woorde "functional approach" word in Afrikaans vertaal na "funksionele benadering".

<sup>53</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* voetnota 45 404-405 asook Edgar *Concept of Interest* 321,330.

<sup>54</sup> Sien Edgar *Concept of interest* 321: "A factual approach to the characterization of [the original issue discount] is, in essence, a search for those circumstances in which a discount can be considered compensation for the use of borrowed money and therefore interest on that basis alone."

In *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.*<sup>56</sup> het die belastingpligtige 'n bedrag van £319 000 aan 'n volfiliaal geleen. Die volfiliaal het 'n besigheid as houtpulpvervaardiger in Finland bedryf. Die volfiliaal het 680 verhandelbare skuldbriewe<sup>57</sup> met 'n sigwaarde van £500 elk aan die belastingpligtige uitgereik om die skuld van £319 000 te finansier. Die totale sigwaarde van die skuldbriewe was £340 000. Die skuldbriewe is dus teen 'n diskonto van £20 400, synde ses persent van die sigwaarde van die skuldbriewe, uitgereik.<sup>58</sup> Die koeponkoers was een persent meer as die Bank van Finland se laagste diskontokoers. Die skuldbriewe moes oor 'n tydperk van twintig jaar afgelos word teen 'n premie van twintig persent per jaar onderhewig daaraan dat die volfiliaal sekere winste behaal het. Die hof moes besluit of die diskonto en premie met aflossing van die skuldbriewe van 'n inkomste- of kapitale aard was.

Die hof het aanvaar dat die koeponkoers 'n gewone kommersiële rentekoers<sup>59</sup> was.<sup>60</sup> Die hof het ook aanvaar dat die belastingpligtige bewus was van die risiko dat die kapitaal moontlik nie terugbetaal sou word nie.<sup>61</sup>

---

<sup>55</sup> Sien Edgar *Concept of interest* 319: "In general, [original issue discounts], bonuses, and rate reduction payments are provided for in place of stated interest calculated as a fixed percentage of the principal sum; thus they are surrogates for interest in the strict sense under the legal definition. Consistent with this economic substance, the courts and Revenue Canada have tended to focus on the question whether these amounts represent compensation for the use of borrowed money." En 330: "...the apparent emphasis is on the economic function of the payments as compensation for the use of borrowed money." (Eie onderstreping.)

<sup>56</sup> *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.*, 1943 2 All ER 255.

<sup>57</sup> Die woorde "notes which were freely assignable" word in Afrikaans vertaal na "verhandelbare skuldbriewe".

<sup>58</sup> *Lord Green* sê op 257: "The Finnish company agreed to issue to the appellants 680 notes (which were freely assignable) of £500 each amounting in all to £340,000, i.e. £20,400 more than the £319,600 outstanding in respect of the principal: in other words, these notes were to be issued at what is commonly called a "discount" of 6 per cent."

<sup>59</sup> Die woorde "ordinary commercial rate" word in Afrikaans vertaal na "gewone kommersiële rentekoers".

<sup>60</sup> *Lord Green* sê op 257: "The rate of interest provided for by the notes is on the face of it what appears to be an ordinary commercial rate."

<sup>61</sup> *Hy* sê op 258: "The secretary of the appellants gave evidence which was accepted by the Special Commissioners to the effect that as to the repayment of the advances the appellants had always in mind 'the element of risk which might arise through trouble between Finland and Russia.'" En op 261: "The element of capital risk was quite obviously a serious one and the parties were entitled to express it in the form of capital rather than in the form of interest if they bona fide so chose."

*Lord Green* is van mening dat die bepalings van die ooreenkoms, met in ag neming van die omringende omstandighede, normaalweg die inkomste- of kapitale aard van die ontvangste bepaal.<sup>62</sup> In sekere gevalle is die interpretasie van die ooreenkoms egter nie van enige hulp nie. Elke geval moet op sy eie feite beoordeel word. *Lord Green* gebruik die onderstaande twee voorbeelde om te verduidelik dat algemene reëls nie geformuleer kan word om die aard van 'n premie vas te stel nie.

Indien A byvoorbeeld £100 aan B leen en die ooreenkoms bepaal slegs dat B 'n bedrag van £110 aan die einde van twee jaar aan A moet terugbetaal, word slegs B se verpligtinge in die ooreenkoms uiteengesit.<sup>63</sup> Die ooreenkoms as sodanig verduidelik nie die aard van die £10 nie. *Lord Green* is van mening dat die vermoede in so 'n geval bestaan dat die ooreenkoms 'n kommersiële transaksie is, in welke geval die uitlener rente sou vra.<sup>64</sup> Die vermoede regverdig die gevolgtrekking dat die £10 rente vir twee jaar is. Indien die £10 'n redelike kommersiële rentekoers<sup>65</sup> verteenwoordig, is dit 'n verdere faktor wat daarop dui dat die £10 rente is.

Indien A £100 aan B teen 'n redelike kommersiële koers leen en die ooreenkoms bepaal dat B £120 op die beëindigingsdatum van die lening moet terugbetaal, is die vraag rakende die ware aard van die £20 meer ingewikkeld.<sup>66</sup> *Lord Green* is van mening dat indien A kan bewys dat die £20 as 'n vergoeding vir 'n kapitaalrisiko vereis is, die £20 moontlik van 'n kapitale aard is. Daarteenoor kan die £20 bloot uitgestelde rente wees. Die tydperk van die lening is 'n faktor wat in ag geneem sal word om die aard van die £20 te bepaal. *Lord Green* is van mening dat kapitaalrisiko toeneem hoe langer die tydperk

---

<sup>62</sup> Hy sê op 260: "Each case must, in my opinion, depend on its own facts and evidence *dehors* the contract must always be admissible in order to explain what the contract itself usually disregards, namely, the quality which ought to be attributed to the sum in question."

<sup>63</sup> Sien *Lord Green* se verduideliking op 258.

<sup>64</sup> Sien ook Meyerowitz *Income Tax* 13.6 13-5 waar 'n soortgelyke uitgangspunt gevolg word: "Each case must however be decided on its own merits, and where the loan has been made as between a particular lender and borrower any premium payable to the lender can well be regarded as income. So if A were to lend B 90 upon condition that B must repay 100 on account of the capital, the difference of 10 may well be regarded as income, being in truth no more than additional interest."

<sup>65</sup> Die woorde "reasonable commercial rate" word in Afrikaans vertaal na "redelike kommersiële rentekoers".

<sup>66</sup> Sien *Lord Green* se verduideliking op 259.



van die lening is. Indien die lening vir 'n tydperk van twee jaar toegestaan is, is dit makliker om die £20 as uitgestelde rente te beskou. Indien die tydperk byvoorbeeld tien jaar is, is die £20 waarskynlik nie bedoel om uitgestelde rente te wees nie.

*Lord Green* formuleer die volgende drie beginsels:<sup>67</sup>

- i) Geen vermoede bestaan dat 'n diskonto of premie rente van aard is nie indien die lening toegestaan is teen 'n gewone kommersiële rentekoers wat toepaslik is op 'n lening wat redelike goeie sekuriteit bied nie.
- ii) Die werklike aard van die diskonto of premie word vanuit die omringende omstandighede vasgestel en is 'n feitevraag.
- iii) Indien die werklike aard van die diskonto of premie nie uit die ooreenkoms bepaal kan word nie, moet die volgende belangrike faktore in ag geneem moet word om die aard daarvan te bepaal:
  - die termyn van die lening;
  - die rentekoers wat uitdruklik in die ooreenkoms beding is;
  - die aard van die kapitaalrisiko; en
  - die mate waarin die partye die kapitaalrisiko uitdruklik of redelikerwys in ag geneem het om die voorwaardes van die ooreenkoms vas te stel.<sup>68</sup>

*Lord Green* kom tot die gevolgtrekking dat die diskonto en premie in die onderhawige geval 'n vergoeding vir kapitaalrisiko<sup>69</sup> is wat nie in die vorm van rente uitgedruk is nie<sup>70</sup> en gevolglik van 'n kapitale aard is.<sup>71</sup>

---

<sup>67</sup> *Lord Green* maak die gevolgtrekkings op 262-263: "It may be convenient to sum up my conclusions in a few propositions. (i) Where a loan is made at or above such a reasonable commercial rate of interest as is applicable to a reasonably sound security there is no presumption that a 'discount' at which the loan is made or at the premium at which it is payable is in the nature of interest. (ii) The true nature of the 'discount' or the premium (as the case may be) is to be ascertained from all the circumstances of the case and ... will fall to be determined as a matter of fact by the Commissioner. (iii) In deciding the true nature of the 'discount' or premium, in so far as it is not conclusively determined by the contract, the following matters together with any other relevant circumstances are important to be considered, viz. the term of the loan, the rate of interest expressly stipulated for, the nature of the capital risk, the extent to which, if at all, the parties expressly took or may reasonably be supposed to have taken the capital risk into account in fixing the terms of the contract."

In *Commissioners of Inland Revenue v Thomas Nelson & Sons, Ltd.*<sup>72</sup> is die aard van 'n premie oorweeg. Die belastingpligtige het 'n lening aan 'n maatskappy toegestaan. Die leningsooreenkoms het bepaal dat rente teen drie persent per jaar betaalbaar was. Die ooreenkoms het verder bepaal dat 'n premie tesame met die kapitaal terugbetaal sou word. Die bedrag van die premie is bepaal deur die tydstip waarop die kapitaal terugbetaal sou word. Indien 'n gedeelte van die kapitaal in die eerste jaar terugbetaal word, sou die premie twee persent van die kapitaal terugbetaling wees. In jaar twee sou die premie vier persent wees waarna dit met 2.5 persent per jaar vir die volgende vyf jaar en drie persent per jaar vir die laaste drie jaar sou toeneem.

*Lord Normand* is van mening dat die premies van 'n inkomste aard is. Dit was nie nodig dat die premies "rente" moes wees ten einde belasbaar te wees nie.<sup>73</sup> Die premies is vergoeding vir die gebruik van die geleende kapitaal. Die hof oorweeg onder meer die ooreenkoms om die aard van die premies vas te stel.<sup>74</sup> Die hof het die volgende faktore in ag geneem om tot die gevolgtrekking te kom dat die premies van 'n inkomste aard is:

- i) Die premie is bereken met verwysing na die periode waarvoor die kapitaal uitstaande was.<sup>75</sup>

---

<sup>68</sup> Sien ook Divaris en Stein *Silke* par 3.33 3-69. Divaris en Stein is ook van mening dat hierdie faktore in ag geneem moet word om te bepaal of die diskonto of premie rente van aard is.

<sup>69</sup> Sien ook die Australiese saak *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited* waar regter Gummow die vergoeding vir kapitaalrisiko in die *Lomax*-beslissing op 1296 oorweeg: "In particular, there was a threat of non-payment by the Finnish company if war broke out. The premium and the discount were seen as compensation for the risk of losing the capital or for the depreciation which the capital suffered by reason of that risk."

<sup>70</sup> Sien 261.

<sup>71</sup> Sien 263.

<sup>72</sup> *Commissioners of Inland Revenue v Thomas Nelson & Sons, Ltd.*, 1938 22 TC 175.

<sup>73</sup> Sien ook Sims *Simon's Taxes* par B5.202 2922: "The premium was held to be income. It was not necessary for the premium to be treated as 'interest' in order for it to be taxable in the recipient's hands."

<sup>74</sup> Sien ook *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* hierbo waarin *Lord Green* op 258 sê: "The case before him turned on 'the specialities of the contract' and forms a good example of a case where the contract itself gives the answer to the question."

<sup>75</sup> Sien ook *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* hierbo waarin *Lord Green* op 258 sê: "From this it appears that the amount to be paid by way of premium must have been calculated by reference not to any element of capital risk, but to the period of the loan whatever it might turn out to be, a circumstance which, prima facie at any rate, stamped the premium with a revenue character." (Eie onderstreping.)

- ii) Die rentekoers van drie persent was besonder laag vir 'n onversekerde lening van daardie aard.<sup>76</sup>
- iii) Die premies tesame met die rente het 'n effektiewe opbrengs van ongeveer vyf persent gegee. Vyf persent was 'n redelike opbrengs vir die gebruik van geld.<sup>77</sup>

In *Davies v Premier Investment Co., Ltd.*<sup>78</sup> het die belastingpligtige aflosbare skuldbriewe<sup>79</sup> uitgereik. Geen rente is op die skuldbriewe betaal nie. Die skuldbriewe was ses jaar na die datum van uitreiking aflosbaar teen 'n premie van dertig persent. Indien die skuldbriewe voor 30 Junie 1942 afgelos sou word, sou die premie teen 'n koers van vyf persent per jaar bereken word.

In teenstelling met die *Lomax*-beslissing, het die skuldbriewe in die onderhawige geval geen rente gedra nie. Indien geen rente betaal word nie en daar geen spesiale omstandighede is wat op die teendeel dui nie, sal die premie gewoonlik rente wees. Regter Macnaghten kom tot die gevolgtrekking dat geen omstandighede bestaan wat daarop dui dat die premie nie rente is nie.<sup>80</sup> Die premie was gevolglik inkomste van aard.

In die Australiese beslissing *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited*<sup>81</sup> het die belastingpligtige 'n wissel<sup>82</sup> met 'n sigwaarde van AU\$500 000 teen AU\$442 199 gekoop. Die wissel was op 3 Januarie 1983 gekoop en op 9 Januarie 1984 afgelos. Die opbrengskoers was ongeveer 13 persent per jaar.

---

<sup>76</sup> Sien 179.

<sup>77</sup> Sien 180.

<sup>78</sup> *Davies v Premier Investment Co., Ltd.*, 1945 2 All ER 681.

<sup>79</sup> Die woorde "convertible notes" word in Afrikaans vertaal na "aflosbare skuldbriewe".

<sup>80</sup> Regter Macnaghten verwys met goedkeuring na die *Lomax* -beslissing en sê op 682: "That is a clear decision of the court that in such a case as the present one, the payment to be made when the loan is repaid, described as a premium, should, unless there are some special circumstances indicating a contrary conclusion, be regarded as 'interest of money.' In the present case there are no circumstances which indicate a contrary conclusion." Die woorde "a case as the present one" verwys na 'n instrument wat nie rente dra nie.

<sup>81</sup> *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited* (1989) 20 ATR 1293.

<sup>82</sup> Die woorde "bill of exchange" word in Afrikaans vertaal na "wissel".

Die hof moes besluit of die diskonto van AU\$57 801 ingevolge artikel 25 van die *Income Tax Assessment Act 1936*<sup>83</sup> belasbaar was.

Regter Gummow tref 'n onderskeid tussen die verkyging van fondse deur middel van die verdiskontering van wissels en die aangaan van lenings. 'n Diskonto is nie *ipso facto* soortgelyk aan rente op 'n lening vir die doeleindes van die *Income Tax Assessment Act 1936* nie.<sup>84</sup>

Die belastingpligtige het die wissel gekoop met die doel om dit tot op die aflosdatum te hou en nie voor die datum te verkoop nie. Die transaksie in die onderhawige geval was die enigste transaksie wat die belastingpligtige gedurende die belastingjaar aangegaan het. Die belastingpligtige het getuienis gelewer dat hy die Bill Acceptance Corporation Limited ("Bill Acceptance") genader het ten einde 'n redelike opbrengs op sy geld te verdien sonder dat hy aan enige risiko blootgestel sou word. Die belastingpligtige het verstaan dat die effektiewe opbrengs van 13 persent die verskil tussen die sigwaarde en die koopprys van die wissel was en was bereid om 'n laer rentekoers te aanvaar gegewe die lae risiko van die belegging.

Regter Gummow is van mening dat die aard van die diskonto vergoeding vir die verlies van die gebruik van die geld is en dus van 'n inkomste aard is.<sup>85</sup> Die belastingpligtige het 'n redelike opbrengs op sy geld gegewe die risiko vereis. Die opbrengs was die verskil tussen die sigwaarde en die koopprys van die wissel.<sup>86</sup> Regter Gummow verwys na die metafoor van die boom en sy vrugte.

---

<sup>83</sup> Artikel 25 van die *Income Tax Assessment Act 1936* bepaal onder meer die volgende:

"(1) The assessable income of a taxpayer shall include:

- (a) where the taxpayer is a resident: the gross income derived directly or indirectly from all sources whether in or out of Australia; and
- (b) where a taxpayer is a non-resident: the gross income derived directly or indirectly from all sources in Australia; which is not exempt income, an amount to which section 26AC or 26AD applies or an eligible payment within the meaning of Subdivision AA..."

<sup>84</sup> Regter Gummow sê op 1294: "In the present case, I did not understand the Commissioner to submit that whatever the surrounding circumstances, the discount in respect of an accommodation bill is ipso facto to be classified for the purposes of the Act in the same way as interest received upon a loan of money."

<sup>85</sup> Hy sê op 1297: "The submission of counsel for the Commissioner was that the amount representing the discount had the character of recompense to the taxpayer for loss of the use of the moneys invested by the taxpayer during the currency of the term of the accommodation bill and thus was income according to the ordinary concepts and usages of mankind... I accept these submissions." (Eie onderstreping.)

<sup>86</sup> Regter Gummow sê op 1298: "The taxpayer was seeking a reasonable return upon an investment, albeit a secure one. That return is represented by the amount representing the difference between the face value and the purchase price of the bill."

Hy is van mening dat die wissel die boom en die diskonto die vrugte is. Die diskonto is belasbare inkomste ingevolge artikel 25 van die *Income Tax Assessment Act 1936*.

Die hof het nie die moontlikheid oorweeg of die diskonto 'n vergoeding vir kapitaalrisiko was nie en spreek *obiter* 'n mening uit dat dit nie prakties moontlik is om die diskonto tussen 'n inkomste en kapitale gedeelte te verdeel nie.<sup>87</sup>

### 3.3 'n Kritiese evaluering van kapitaalrisiko in die konteks van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg

Die vraag ontstaan nou of 'n vergoeding vir kapitaalrisiko<sup>88</sup> toepassing in die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg vind. Sommige akademiese skrywers is van mening dat 'n vergoeding vir kapitaalrisiko moontlik van 'n kapitale aard is.<sup>89</sup>

Silke is van mening dat die premie met die terugbetaling van 'n lening waarop 'n markverwante rentekoers betaal word, van 'n kapitale aard is indien die premie 'n vergoeding vir kapitaalrisiko is.<sup>90</sup> Silke verwys na die *Lomax*-beslissing as gesag vir hierdie standpunt. Meyerowitz is ook van mening dat 'n diskonto nie

---

<sup>87</sup> Regter Gummow sê op 1297: "I should add that no attempt was made by the taxpayer (and it may have been quite impracticable to make the attempt) to sever the amount in question so as to deny to a portion of it the character of income, and attribute to that portion the character of a receipt to cover "capital risk" (cf. Parsons, supra & 2"2.283, & 2"2.284). So no question arises as to whether in law such an attempt would have been successful for the taxpayer, given the remarks of Lord Sumner and Lord Cave (albeit directed to other legislation) to which I have referred." (Eie onderstreping.)

<sup>88</sup> Sien paragraaf 3.2 van hoofstuk 2 vir 'n bespreking van die begrip "kapitaalrisiko".

<sup>89</sup> Sien byvoorbeeld *Financial Mail Zero* sum 32: "By definition, zero-coupon stock is issued at a discount to par, with no interest payments or accruals during the life of the stock, but is redeemable at a premium. Any gain on redemption should be in lieu of capital risk of a capital nature and not subject to income tax." (Eie onderstreping.)

Sien ook *Golden Redemption and sale of gilts* 6 70: "[T]he gain made on the redemption of gilts will more often than not be a gain of a revenue nature. ... The most notable exception would arise where it could be shown that all or a part of any gain on redemption represented a capital sum in consideration for the risk attaching to the investment."

<sup>90</sup> Sien Divaris en Stein *Silke* par 3.33 3-69: "It is submitted that when interest is charged at a commercial rate and in addition the loan is repayable at a premium, which may be regarded as a sum for a capital risk, the premium is not taxable."

noodwendig van 'n inkomste aard is nie en verwys ook na die *Lomax*-beslissing.<sup>91</sup>

Die *Lomax*-beslissing is gebaseer op die aanname dat die rentekoers 'n gewone kommersiële rentekoers was.<sup>92</sup> Die diskonto en premie was 'n vergoeding vir kapitaalrisiko wat nie in die rentekoers in ag geneem is nie en dus van 'n kapitale aard.<sup>93</sup> *Lord Green* is van mening dat indien die kapitaalrisiko in die rentekoers in ag geneem word, die rente ten volle belasbaar is, ongeag die feit dat die rentekoers 'n element van vergoeding vir kapitaalrisiko insluit.<sup>94</sup> Dit blyk dus dat die blote feit dat die vergoeding vir kapitaalrisiko in die vorm van 'n premie of diskonto was en dus afsonderlik van die rente geïdentifiseer kon word, deurslaggewend was.

*Waincymer* is van mening dat daar geen logiese grondslag vir die *Lomax*-beslissing is nie en dat die moderne Australiese howe nie die beslissing sal volg nie.<sup>95</sup> *Edgar* is ook van mening dat die onderskeid wat in die regspraak tussen 'n diskonto van 'n kapitale aard en rente getref word, beginselloos en arbitrêr

---

<sup>91</sup> Sien Meyerowitz *Taxation of Financial Instruments* 49: "That interest bearing stock is issued at discount does not (ignoring section 24J) invariably mean that on redemption at face value the discount is to be treated as income is exemplified in the case of *Lomax v Peter Dixon & Co* 1943 (2) AER 255."

<sup>92</sup> Sien *Waincymer Income Tax Principles* 339-340: "*Lomax* clearly depended on the findings that the interest rate was in itself a commercial interest rate."

<sup>93</sup> Sien *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* hierbo op 260: "Another course which the company may take and for commercial reasons probably will take is to fix the rate of interest at a more normal level and make the issue at a discount; or it may make the issue at par and offer a premium on redemption; or it may combine both methods. Here the defect in the security is expressed in terms of capital. I venture to think that no business man would regard the discount or the premium as anything but capital matters."

<sup>94</sup> Sien *Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* hierbo op 260: "Here the defect in the security is expressed in terms of interest. The whole of the interest is unquestionably income and is taxable as such although the high rate of interest is in part attributable to the capital risk." En op 262: "In the latter case the capital risk may, as *Lord Sumner* says, be the most important factor in the transaction, but it is nevertheless to be regarded as expressed in terms of interest and, if the parties choose to express a capital risk in terms of interest, it must normally be so treated and no apportionment be made." (Eie onderstreping.)

<sup>95</sup> Sien *Waincymer Income Tax Principles* 339-340: "There is no logical basis for the decisions in *Lomax*, *Clowes* and *Milne*. *Lomax* clearly depended on the findings that the interest rate was in itself a commercial interest rate. The additional gain related to the risk factor in the investment. Yet the reason building societies offer higher interest rates than banks and finance companies offer higher interest rates than building societies, is the increased risk that the money might not be repaid. In normal circumstances the risk of an investment is simply factored into its interest rate return... Cases such as *Clowes*, which suggested that returns on investments can at times be outside the ordinary notion of income because they relate to capital risk involved with an investment, would, if correct, also support a related argument that part of an investment return is not a real gain because it merely reflects the level of inflation in the marketplace. This argument is certainly true on economic grounds. It is irrelevant for tax purposes, however. An attempt to utilise that argument under the general provisions of the Act failed in *Milosh v FCT* (1984) 84 ATC 741... For *Lomax* to apply, the taxpayer would have to show some special risk that the discount relates to. While *Lomax* has never been overruled, it is not likely to be followed by modern courts."

is.<sup>96</sup> Hy is van mening dat daar uit 'n ekonomiese oogpunt geen verskil tussen rente en 'n diskonto is nie.

In die beslissing *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited*<sup>97</sup> is regter Gummow van mening dat dit nie moontlik is om 'n gedeelte van die diskonto as 'n vergoeding vir kapitaalrisiko te beskou nie.<sup>98</sup>

Tiley bevraagteken ook die onderskeid wat in die *Lomax*-beslissing getref word tussen vergoeding vir die gebruik van geld en vergoeding vir kapitaalrisiko.<sup>99</sup>

In *ITC 416*<sup>100</sup> het die belastingpligtige geargumenteer dat 'n wins met die terugbetaling van 'n lening vergoeding was vir die risiko wat hy geneem het dat die lening moontlik nooit terugbetaal sou word nie. Die belastingpligtige was gevolglik van mening dat die wins van 'n kapitale aard was.<sup>101</sup> Regter Manfred Nathan bevind dat alhoewel die premie nie rente in die gewone sin van die woord is nie, dit 'n opbrengs is vir die risiko wat die belastingpligtige geneem het. Die wins was van 'n spekulatiewe aard. Die premie is derhalwe nie van 'n kapitale aard nie.<sup>102</sup>

Die skrywer doen aan die hand dat 'n vergoeding vir kapitaalrisiko nie noodwendig van 'n kapitale aard is nie. Die riglyne wat die geregshowe in Suid-

---

<sup>96</sup> Sien Edgar *Concept of interest* voetnota 140 323: "The court believed that the characterization issue is more complicated when a bonus is provided for in addition to any stated interest. In that instance, the bonus may not be consideration for the use of money, but rather an inducement to a lender to incur the risk of not getting the principal back in speculative circumstances. This nonsensical conclusion ignores the fact that any risk premium for the advance of borrowed funds usually takes the form of an increased interest rate. A bonus payment intended to compensate a lender for the same economic risk performs the same economic function; only the form of the payment is altered. The basic economic fact also means that the distinction in the case law between discounts that are interest and those that are capital payments is ultimately unprincipled and arbitrary." (Eie onderstreping.)

<sup>97</sup> *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited* hierbo.

<sup>98</sup> Sien voetnota 87.

<sup>99</sup> Sien Tiley *UK Tax Guide* 9.43 518: "In such cases the court is trying to distinguish payment for the use of money from insurance against the risk of loss of capital; one may wonder whether there is a real distinction here." (Eie onderstreping.)

<sup>100</sup> *ITC 416 1938*, 10 SATC 261.

<sup>101</sup> Sien 262.

<sup>102</sup> Regter Manfred Nathan sê op 263-264: "...this profit strikes us as being more in the nature of a speculative profit than anything else. There was no stipulation for the payment of interest, and it is true that the sum of money ultimately paid to the appellant was really a return for the money lent by him. Although it is not a return of interest in the ordinary sense, it seems to be a return for the risk he ran. In the circumstances it is not a capital profit." (Eie onderstreping.)

Afrika toepas ten einde die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal, vereis nie dat die kapitaalrisiko verbonde aan 'n toevalling vasgestel moet word nie.<sup>103</sup>

In die volgende afdeling word die riglyne wat die Suid-Afrikaanse geregshowe toepas om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal, op die diskonto met die aflossing en oordrag van 'n skuldbrief toegepas. 'n Onderskeid word tussen die aflossing en oordrag van 'n skuldbrief getref.<sup>104</sup>

### 3.4 Onderskeid tussen die aflossing en oordrag van skuldbriewe

Die howe het 'n verskeidenheid riglyne geïdentifiseer om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal.<sup>105</sup> Soos reeds genoem, is inkomste bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend.<sup>106</sup> Indien 'n wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag, is die opbrengs met realisering van die bate ook van 'n inkomste aard.<sup>107</sup>

Die vraag ontstaan nou watter riglyn toegepas moet word om die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto op 'n skuldbrief vas te stel.<sup>108</sup> Indien die objektiewe riglyn toegepas word, is dit nie nodig om die belastingpligtige se doel vas te stel nie.<sup>109</sup>

---

<sup>103</sup> Sien hoofstuk 3 vir 'n bespreking van die riglyne wat die Suid-Afrikaanse howe toepas om die inkomste of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal. Hierdie stelling is tydens 'n gesprek tussen die skrywer en Swanepoel gemaak. Hy was van mening dat die riglyne nie vereis dat die kapitaalrisiko verbonde aan 'n toevalling oorweeg word nie. Hy is van mening dat 'n vergoeding vir kapitaalrisiko bloot by die opbrengs ingesluit word.

<sup>104</sup> Die onderskeid is tydens 'n gesprek tussen die skrywer en Swanepoel oorweeg. Hy is van mening dat die moontlike onderskeid ondersoek moet word ten einde te bepaal watter riglyn toegepas moet word.

<sup>105</sup> Sien paragraaf 3.1 van hoofstuk 3.

<sup>106</sup> Sien paragraaf 3.3.1 van hoofstuk 3.

<sup>107</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk 3.

<sup>108</sup> Die vraag het ontstaan tydens 'n gesprek tussen die skrywer en Swanepoel. Hy het oorweeg of 'n objektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van 'n diskonto vas te stel.

<sup>109</sup> Sien paragraaf 3.3.1 van hoofstuk 3.



In *National Provident Institution v Brown*<sup>110</sup> het die hof oorweeg of die winste met verkoop van skatkiswissels as diskonto-transaksies<sup>111</sup> belasbaar was ingevolge die bepalings van die betrokke Engelse inkomstebelastingwetgewing.<sup>112</sup> Die Bank van Engeland het die skatkiswissels teen 'n diskonto uitgereik. Die skatkiswissels sou tussen drie en nege maande na uitreiking afgelos word. Die belastingpligtige het aangevoer dat die opbrengs met die verkoop van die skatkiswissels van 'n kapitale aard was en nie ingevolge die betrokke bepalings van die wetgewing belasbaar was nie.<sup>113</sup> Die *Court of Appeal* het beslis dat die winste met die *verkoop* van die skatkiswissels nie noodwendig ingevolge die betrokke belastingwetgewing belasbaar was nie. Die winste met die *aflossing* van die skatkiswissels was wel belasbaar. Die *House of Lords* het egter nie die beslissing van die *Court of Appeal* aanvaar nie en beslis dat die winste met *aflossing* én *verkoop* van die skatkiswissels ingevolge die betrokke belastingwetgewing belasbaar was.<sup>114</sup>

Die hofbeslissing het oor 'n spesifieke bepaling in die Engelse belastingwetgewing gehandel. Daar is nie 'n soortgelyke bepaling in die *Inkomstebelastingwet* nie en gevolglik vind die beslissing nie in die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg toepassing nie. Die skrywer is egter van mening dat die onderskeid wat die *Court of Appeal* in die algemeen tussen die

---

<sup>110</sup> *National Provident Institution v Brown* 1921 8 TC 57.

<sup>111</sup> Die woorde "discounting transactions" word in Afrikaans vertaal na "diskonto-transaksies".

<sup>112</sup> Die hof het oorweeg of die diskonto met die aflossing of verkoop van die skatkiswissels ingevolge *Case III van Schedule D* van die *Income Tax Act 1842* belasbaar was. Die betrokke wetgewing het die volgende bepaal: "Third Case- The duty to be charged in respect of profits of an uncertain annual value not charged in Schedule A... The profits on all securities bearing interest payable out of public revenue... and on all discounts and on all interest of money, not being annual interest, payable or paid by any person whatever, shall be charged according to the preceding rule in this case." (Eie onderstreping.)

Die wetgewing is van toepassing op winste van 'n inkomste aard op diskonto transaksies. Sekuriteite waarop geen rente betaal word nie en wat teen 'n diskonto uitgereik of teen 'n premie afgelos word, val buite die omvang van die betrokke wetsbepaling. Die betekenis van die begrip "diskonto" vir die doeleindes van die betrokke artikel is soos volg: "The deduction made from the amount of a bill of exchange or promissory note, by one who gives value for it before it is due, this deduction being calculated at a defined rate per cent for the time the document has to run; practically the interest charged by a banker or a bill-discounter for advancing the value of a bill before it is due." Sien Sims *Simon's Taxes* 5.401-5.402 3051-3052 vir 'n meer volledige bespreking van die wetgewing.

<sup>113</sup> Sien 82: "My Lords, as to the year 1916-17, since there were transactions in the bills of that year the only question which arises is whether... to eliminate the amount of any accretion to capital in the amount received for a bill due to such causes as the rise or fall in the value of money and the state of the money market, as distinguished from the difference in value by which the bill had increased by its mere advance towards maturity."

<sup>114</sup> Sien 83.

aflossing en oordrag van skatkiswissel tref, wel 'n faktor is wat in ag geneem behoort te word om die aard van 'n diskonto te bepaal.

Die *Court of Appeal* tref 'n onderskeid tussen die *aflossing* en *verkoop* van 'n skatkiswissel. Wanneer die skatkiswissel *afgelos* word, sal die volle diskonto belasbaar wees. Die diskonto wat die uitlener aan die lener betaal is rente van aard. Die posisie is moontlik anders wanneer die skatkiswissel *verkoop* word. Die markwaarde van die skuldbrief kon moontlik toegeneem het as gevolg van veranderinge in rentekoerse in die geldmark. In sodanige geval is die toename in die waarde van die skatkiswissel 'n aanwas tot die kapitaal in teenstelling met die vrugte van die kapitaal.<sup>115</sup> Hierdie toename in waarde is nie rente van aard nie.<sup>116</sup>

Edgar tref 'n soortgelyke onderskeid tussen die oordrag van 'n instrument in die sekondêre mark en aflossing daarvan deur die uitreiker.<sup>117</sup> Edgar is van mening dat waar 'n instrument na 'n persoon anders as die uitreiker daarvan oorgedra word, byvoorbeeld die oordrag van die instrument in die sekondêre mark, die toename in die waarde as gevolg van die rente wat oploop maar nie betaal is nie, van 'n kapitale aard mag wees. Indien die instrument egter deur

---

<sup>115</sup> Sien 82-83: "They held also that, in instances where the Institution had bought a bill from the Government and had held it till maturity, the whole of the accretion was rightly brought into computation as a profit on discount, being really on the balance of interest upon a sum lent. But by a majority, Lord Justice Warrington dissenting, the Court of Appeal held that the whole of the difference between the amount contracted for and the amount received for a bill which was sold or converted into War Loan during its currency, was not necessarily taxable as a profit on a discount. The difference did not necessarily represent only a profit by way of income, but might in part represent an accretion to capital. Such an accretion might be due to the state of the money market and the rise or fall in the value of money and the rates of interest thereon by which the price of the Treasury Bill might have been caused to rise or fall without strict correspondence with its progress toward maturity. The only amount to be taxed as profit on discount in such a case was, therefore, the amount by which its value had increased merely by reason of its advance towards maturity." (Eie onderstreping.)

<sup>116</sup> Sien ook *Golden Redemption and sale of gilts* 32 en verder vir 'n bespreking van die beslissing.

<sup>117</sup> Sien Edgar *Financial Instruments* voetnota 192 op 454-455: "The difference between the face amount of a debt obligation and the issue price (OID) represents the expected time-value return for a lender payable on maturity of the debt. This return is equivalent to the expected cash flows associated with a debt obligation issued for a face amount equal to the issue price, with provision for the payment of interest at a stated interest rate determined as a percentage of the face amount. If the legal form is determinative, capital gain treatment may be available for an OID obligation if the expected return is realized as appreciation in the value of the instrument on its disposition. Similarly, on a secondary market transfer of a debt obligation, the transfer price will typically include an amount that compensates the transferor for the accrued but unpaid interest. However, because the occasion for the payment is changed to a transfer of the obligation to a person other than the issuer, the appreciation in value represented by the accrued but unpaid interest may be converted into a tax-preferred capital gain. This conversion may occur even though the appreciation is the expected return that would otherwise be taxed in full as interest income to the debt holder when it is paid by the issuer." (Eie onderstreping.)

die uitreiker afgelos word, behoort die diskonto altyd van 'n inkomste aard te wees.

Parsons is ook van mening dat die opbrengs met die aflossing van 'n skuldbrief en die opbrengs met die oordrag voor aflossing, mag verskil.<sup>118</sup> Tiley tref ook hierdie onderskeid.<sup>119</sup>

Die skrywer doen aan die hand dat 'n onderskeid getref moet word tussen die oordrag van 'n skuldbrief in die sekondêre mark en die aflossing daarvan deur die uitreiker.

Die riglyne om die inkomste- of kapitale aard van die diskonto te bepaal, word eerstens in die geval van 'n aflossing en tweedens in die geval van 'n oordrag van 'n skuldbrief ondersoek.

### 3.5 Aard van die opbrengs met aflossing van skuldbriewe

Daar is geen Suid-Afrikaanse hofbeslissing wat die inkomste- of kapitale aard van diskonto met die aflossing van 'n skuldbrief oorweeg waar die belastingpligtige nie 'n besigheid bedryf ingevolge waarvan diskonto's ontvang word nie. Indien 'n skuldbrief afgelos word in die loop van 'n besigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag, sal die volle opbrengs met aflossing van

---

<sup>118</sup> Sien Parsons *Income Taxation* 2.292 103-104. "A taxpayer acquires a security – in this context a debenture – evidencing or acknowledging the indebtedness of another person. The obvious illustration is a Government issued bond. He pays an amount which involves a discount on the amount of the indebtedness... It may be asked whether any part of the amount received on redemption or sale of the security is income as a gain derived from property." Sien paragraaf 3.2 van hoofstuk 3 vir 'n kort bespreking van die begrip "income derived from property" waarna Parsons verwys. Soos reeds aangetoon, is rente 'n bedrag voortgebring deur eiendom. Parsons gaan voort en sê op 104: "It would be argued that there is no income derived from property, though, to the extent that amount received is greater than the amount paid, there is a profit that might be income of a person whose business includes buying and selling securities... The possibility that the profit is a gain derived from property, so that it may be income in the hands of a person who is not engaged in business operations... cannot be excluded. Where the security has been originally issued to the taxpayer at a discount and he holds until redemption, principles considered in [2.285]-[2.289] will be attracted. But there are analytical problems in treating the profit as income derived from property where the taxpayer has acquired a security already issued, more especially if he has sold the security as distinct from receiving payment on redemption. The proceeds of sale appear to be proceeds of realisation of the property itself." (Eie onderstreping.)

<sup>119</sup> Die volgende voorbeeld in Tiley *UK Tax Guide* 9.53 527 dui op die onderskeid wat getref word: "So if X buys the bond on issue at £70 he is taxed on the income gain arising from the transaction when in three years' time the bond is redeemed at £100. If, however, towards the end of year 2 X sells the bond to Y for, say, £92, X's gain of £22 is not treated as an income profit of £22 but as a capital gain of that amount while, when at the end of the third year, Y receives £100 he is then treated as receiving income not of £8 but of £30." (Eie onderstreping.)

'n inkomste aard wees.<sup>120</sup> Die posisie van 'n belegger wat die skuldbrief verkry het as 'n bron van toekomstige inkomste, word vervolgens ondersoek.

In die Engelse beslissings *Lomax v Peter Dixon & Co., Ltd.*, *CIR v Thomas Nelson & Sons, Ltd.* asook *Davies v Premier Investment Co., Ltd.*<sup>121</sup> het die onderskeie belastingpligtiges die finansiële instrumente tot op die aflosdatum gehou. Die howe het die sogenaamde funksionele benadering gevolg om te bepaal of 'n diskonto en premie vergoeding vir die gebruik van geld is.<sup>122</sup> Soos reeds genoem, behels hierdie benadering 'n ondersoek na die omstandighede wat daarop dui dat 'n diskonto of premie vergoeding vir die gebruik van geld is. Die diskonto se ekonomiese funksie word dus oorweeg. Indien die objektiewe feite daarop dui dat die diskonto of premie vergoeding vir die gebruik van geld is, maak die howe die gevolgtrekking dat die diskonto wel rente is. Die subjektiewe doel van die belastingpligtige was nie deurslaggewend om die aard van die diskonto en premie in die onderskeie beslissings te bepaal nie.

Die howe het onder meer die volgende objektiewe faktore oorweeg wat daarop dui dat die diskonto en premie rente van aard is:<sup>123</sup>

- Die rentekoers wat uitdruklik in die ooreenkoms beding is, was nie 'n gewone kommersiële rentekoers vir die tipe belegging nie.
- Die totale opbrengs op die belegging, met ander woorde die somtotaal van die rentes, diskonto's en premies, het 'n redelike opbrengs op die betrokke belegging gegee.
- Die diskonto of premie is bereken met verwysing na die periode waarvoor die kapitaal uitstaande was.

In die onlangse Australiese beslissing *COT v Orica*<sup>124</sup> het die howe die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n vorderingsreg teen minder

---

<sup>120</sup> Sien paragraaf 3.6 hieronder.

<sup>121</sup> Sien paragraaf 3.5 vir 'n kort bespreking van asook die volledige verwysings van die beslissings.

<sup>122</sup> Sien paragraaf 3.5.

<sup>123</sup> Sien paragraaf 3.2 hierbo.

as die sigwaarde daarvan oorweeg. In die minderheidsuitspraak het Brennan CJ op 79 die volgende gesê:

*“When capital moneys are paid out under a contract in exchange for a promise of payment of a larger sum of money at a later date, the transaction is different from a transaction in which capital money is outlaid in purchase of an asset that increases in value and which is sold at a later date to return a larger sum of money. The difference exists because the historical cost basis adopted by taxation law denies to domestic currency the capacity to change in value over time. The “tree” is always of the same size; unlike other assets, it cannot grow in value. If there be no other factor to indicate that a receipt is other than an increment upon the capital money paid out - evidence dehors the contract being admissible to explain the quality of the receipt - the increment wears the aspect of the “fruit” of the tree and has the character of income.*

*The income character of an increment on money outlaid under a contract to obtain the repayment of a larger sum at a later date does not depend upon the transaction being one in the ordinary course of the taxpayer’s business. Unless there be evidence, either within or without the contract, which stamps part of the amount received with the character of capital, the increment can be regarded only as a return to the taxpayer for the use of the money outlaid during the stipulated period. Such an increment is income when it is derived.”*

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit dat die Australiese howe die diskonto met *aflossing* van 'n skuldbrief as 'n toevalling van 'n inkomste aard beskou, synde die vrug van kapitaal.

In *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited*<sup>125</sup> het die hof bevind dat die diskonto wat tydens die *aflossing* van 'n wissel gerealiseer het, vergoeding vir die verlies aan die gebruik van geld en dus van 'n inkomste aard was.<sup>126</sup>

Dit aan die hand gedoen dat die Suid-Afrikaanse howe moontlik ook die ekonomiese funksie<sup>127</sup> van die diskonto sal oorweeg en die objektiewe riglyn sal toepas om die opbrengs met die *aflossing* van 'n skuldbrief te bepaal.

---

<sup>124</sup> *COT v Orica* 1998 HCA 33.

<sup>125</sup> *FCT v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited* hierbo.

<sup>126</sup> Sien paragraaf 3.2 hierbo.

Indien 'n skuldbrief *afgelos* word, realiseer die diskonto wat vanaf die datum van uitreiking of verkryging van die skuldbrief, seker was.<sup>128</sup> Die diskonto word ook deur die lener van die skuldbrief betaal. Die diskonto sal vanuit 'n ekonomiese oogpunt rente van aard wees.

Indien die belastingpligtige 'n skuldbrief teen 'n diskonto verkry, sal die diskonto wat met die aflossing van die skuldbrief realiseer, 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend, wees.<sup>129</sup> Die diskonto sal gevolglik van 'n inkomste aard wees, synde die vrug van die kapitaal aangewend.<sup>130</sup> Die diskonto sal rente van aard wees, naamlik vergoeding vir die gebruik van geld.<sup>131</sup> Die belastingpligtige se doel sal nie deurslaggewend wees nie.

Soos reeds aangetoon, word daar aan die hand gedoen dat 'n vergoeding vir kapitaalrisiko nie noodwendig beteken dat die diskonto van 'n kapitale aard is nie.<sup>132</sup>

### 3.6 Aard van die opbrengs met die oordrag van skuldbriewe

Indien 'n bate gerealiseer word, is die toepaslike riglyn om te bepaal of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.<sup>133</sup> Die toepassing van hierdie riglyn vereis dat die belastingpligtige se doel met betrekking tot die bate vasgestel word.

---

<sup>127</sup> Sien paragraaf 3.2 van hoofstuk 3 vir 'n bespreking van die ekonomiese benadering wat die Suid-Afrikaanse howe volg.

<sup>128</sup> Sien *Golden Redemption and sale of gilts* 6 68: "If held to redemption, any gain or loss at that point would be an amount which could have been predicted with precision when the gilt was acquired. Here, different income tax considerations arise from those which apply in the case of gains and losses from sales."

<sup>129</sup> Sien paragraaf 3.3.1 van hoofstuk 3.

<sup>130</sup> Sien ook Ferreira *Taxability of discounts* 10: "On principle, it is my view that discounts and premiums realised on the redemption of financial instruments are not of a capital nature, even if the financial instruments are held as capital investments." En op 11: "It follows that, in the hands of both an investor and dealer, the discount and or premium realised on the redemption of a financial instrument is not of a capital nature." (Eie onderstreping.)

<sup>131</sup> Sien ook *Golden Redemption and sale of gilts* 68: "While the income tax treatment for income arising from money deposits is a relatively simple matter, gilts could only fall into the same category when they are held to maturity. Here, both the annual return and the term of the investment are fixed from the outset." (Eie onderstreping.)

<sup>132</sup> Sien paragraaf 3.3 hierbo.

<sup>133</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk 3.

Dit word aan die hand gedoen dat hierdie riglyn toegepas moet word waar 'n skuldbrief verkoop word.<sup>134</sup>

Indien die belastingpligtige 'n skuldbrief aankoop met die doel om 'n bron van toekomstige rente inkomste te skep, en die doel nie verander het nie, sal die opbrengs met verkoop van die skuldbrief bloot die realisering van die kapitaalbate en gevolglik van 'n kapitale aard wees.<sup>135</sup>

Indien die belastingpligtige se doel tydens die aankoop en verkoop van die skuldbrief was om dit teen 'n wins oor te dra, sal die opbrengs met die oordrag daarvan van 'n inkomste aard wees. Indien die belastingpligtige 'n reeks transaksies aangaan en 'n besigheid beoefen ingevolge waarvan skuldbriewe verkry en verkoop of afgelos word, sal die opbrengs met die oordrag ook van 'n inkomste aard wees.<sup>136</sup>

In *ITC 1578*<sup>137</sup> het die belastingpligtige 'n besigheid as langtermynversekeraar bedryf. Die belastingpligtige het geld verdien met die koop en aflossing van skatkisbiljette, Landbankeffekte en bankaksepte. Die drie waardepapiere was diskonto geldmarkinstrumente met 'n kort looptyd. Die Kommissaris het die belastingpligtige op die opbrengs met die verkoop en aflossing van die waardepapiere belas.

Regter Conradie bespreek die aard van 'n diskonto-instrument. 'n Diskonto-instrument word nie teen 'n rentekoers uitgereik nie, maar teen betaling van 'n bedrag wat minder as die sigwaarde daarvan is. Die uitreiker bepaal die diskonto met verwysing na 'n netto-opbrengs, oftewel 'n rentekoers wat hy meen vir beleggers aanvaarbaar sal wees. 'n Belegger se verdienste op sy belegging is die verskil tussen die aankoopprys en die sigwaarde van die

---

<sup>134</sup> Sien Golden *Redemption and sale of gilts* 6 71 waar 'n soortgelyke benadering gevolg word: "Where gilts are sold before maturity, the principles to be applied in determining the capital or revenue nature of the proceeds would be the same as those used in the case of equity shares and other assets. If the dominant intention on subscribing for or purchasing a gilt is to obtain a normal return on an investment of that nature, a gain realised before maturity would invariably be of a capital nature."

<sup>135</sup> Sien ook Ferreira *Taxability of discounts* 11: "However, the position, it is submitted, is different if the discount or premium on a financial instrument, held by an investor as a capital asset, is effectively realised on the sale or disposal of an instrument. The gain made on the sale or disposal of the instrument, even if can be said to effectively result in the realisation of the discount, is of a capital nature." (Eie onderstreping.)

<sup>136</sup> Sien paragraaf 3.3.1 van hoofstuk 3.

<sup>137</sup> *ITC 1578* 1993, 56 SATC 254.

instrument indien dit tot die aflosdatum gehou word. Indien die houer die instrument voor die aflosdatum verdiskonteer, is sy verdienste die verskil tussen die aankoop- en die verkoopprijs van die instrument. Aangesien geen periodieke rente op 'n diskonto-instrument betaal word nie, is die prysverskil 'n belegger se enigste bron van inkomste.<sup>138</sup> Die Kommissaris was van mening dat die winste uit die realisering van diskonto-instrumente belasbaar was.

Regter Conradie bevind dat 'n diskonto-instrument aangekoop word met die doel om dit te verkoop of tot op die aflosdatum te hou. Dit is die enigste manier waarvolgens 'n persoon 'n wins met 'n diskonto-instrument kan maak. Hy is van mening dat 'n belegger nie die instrument sal koop indien hy nie 'n wins sal maak nie. Regter Conradie bevind dat die wins 'n "sterk rentekarakter" het en dus 'n "inkomste-agtige" voordeel vir 'n belegger is.<sup>139</sup> Regter Conradie is van mening dat die bepaling van *Praktyknota 2* van die *Inkomstebelastingwet*<sup>140</sup> ook op lewensversekeraars van toepassing is.

Dit is belangrik om daarop te let dat die hof bevind het dat die diskonto-instrumente aangekoop is met die doel om dit weer te verkoop of om dit af te los. In sodanige geval is die wins met *aflossing* en *oordrag* verkry uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Meyerowitz<sup>141</sup> is van mening dat die beslissing nie as gesag dien vir die standpunt dat die verskil tussen die aankoopprijs en die sigwaarde van 'n rentedraende effek gekoop deur 'n belegger, in teenstelling met 'n handelaar in sodanige effekte, altyd rente van aard is nie.

---

<sup>138</sup> Sien 259.

<sup>139</sup> Sien 267.

<sup>140</sup> Praktyknota 2 van die *Inkomstebelastingwet* handel oor transaksies in krediet-instrumente wat teen 'n diskonto uitgereik word. Die praktyknota bepaal onder meer die volgende: "Profyte of winste verkry deur houters van bankaksepte, skatkiswissels en Landbankwissels met die verkoop van, of ander beskikking oor, of aflossing van sodanige bates, verteenwoordig inkomste wat in die hande van die houters aan belasting onderhewig is."

<sup>141</sup> Sien Meyerowitz *The Taxpayer* March 1999 49. Hy stel dit as volg: "In our view ITC 1578 can hardly be cited as authority for claiming that the difference between the purchase price of interest bearing stock and its face value in all cases has the character of interest in the hands of an investor...It therefore does not answer the question whether an investor, prior to the introduction of section 24J, was taxable on the discount."



## 4 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto. Die gevolgtrekkings wat gemaak is word vervolgens kortliks uiteengesit.

Die gewone betekenis van rente dui op vergoeding vir die gebruik van geleende geld wat bereken word as 'n vaste verhouding of persentasie per tydseenheid van die hoofskuld. Die gewone betekenis van rente stem met die regsbetekenis van rente ooreen. 'n Bedrag voldoen aan die regsbetekenis van rente indien dit vergoeding vir die gebruik van geleende geld is wat bereken word met verwysing na 'n hoofskuld en die tydperk waarvoor die hoofskuld uitstaande is. Die begrip "rente" in die *Inkomstebelastingwet* moet met verwysing na die regsbetekenis van rente uitgelê word.

'n Diskonto voldoen nie aan die regsbetekenis van rente nie. 'n Diskonto is egter vanuit 'n ekonomiese oogpunt vergoeding vir die gebruik van geld en dus rente van aard. Die skrywer is van mening dat 'n vergoeding vir kapitaalrisiko nie noodwendig beteken dat 'n toevalling van 'n kapitale aard is nie. Die riglyne wat die Suid-Afrikaanse geregshowe toepas ten einde die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal, vereis nie dat die kapitaalrisiko verbonde aan 'n toevalling vasgestel moet word nie.

Ten einde die aard van 'n diskonto vas te stel, moet 'n onderskeid tussen die oordrag en aflossing van 'n skuldbrief getref word. Dit word aan die hand gedoen dat die Suid-Afrikaanse howe die objektiewe riglyn sal toepas om die opbrengs met die aflossing van 'n skuldbrief in die hande van 'n belegger te bepaal. 'n Diskonto wat tydens die aflossing van 'n skuldbrief realiseer is vanuit 'n ekonomiese oogpunt beskou 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend en dus van 'n inkomste aard. Die belastingpligtige se doel sal nie deurslaggewend wees nie. Indien 'n skuldbrief afgelos word in die loop van 'n besigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag, sal die volle opbrengs met aflossing van 'n inkomste aard wees, hetsy die objektiewe of subjektiewe riglyn toegepas word.

Die skrywer is van mening dat, indien 'n skuldbrief voor aflossing oorgedra word, die toepaslike riglyn is om te bepaal of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Die toepassing van hierdie riglyn vereis dat die belastingpligtige se doel met betrekking tot die skuldbrief vasgestel word.

Indien die belastingpligtige se doel tydens die aankoop en verkoop van die skuldbrief was om dit teen 'n wins te verkoop, sal die opbrengs met die oordrag van die skuldbrief van inkomste van aard wees.

Indien die belastingpligtige die skuldbrief aangekoop het met die doel om 'n bron van toekomstige rente inkomste te skep, en die doel nie verander het nie, behoort die opbrengs met die oordrag van die skuldbrief van 'n kapitale aard te wees. Die wins met die oordrag óf aflossing van korttermyn diskonto-instrumente behoort altyd van 'n inkomste aard te wees.

## HOOFSTUK 5

### ARTIKEL 24J EN TOEPASSING VAN ALGEMENE BEGINSELS

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>66</b>
<b>2</b>	<b>TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 24J</b>	<b>66</b>
2.1	Algemeen	66
2.2	Toevalling van rente	66
2.3	Aangepaste wins met die oordrag of aflossing van 'n instrument	71
2.4	Aangepaste verlies met die oordrag of aflossing van 'n instrument	73
<b>3</b>	<b>INVLOED VAN ARTIKEL 24J OP DIE ALGEMENE BEGINSELS</b>	<b>75</b>
3.1	Die aard van 'n diskonto	75
3.2	Die aard van die aangepaste wins met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief	77
<b>4</b>	<b>OPSOMMING</b>	<b>78</b>

## 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om:

- die bepalings van artikel 24J op die houer van 'n skuldbrief toe te pas;
- die algemene beginsels om die aard van 'n toevalling te bepaal in samehang met artikel 24J toe te pas; en
- te oorweeg of artikel 24J die toepassing van die algemene beginsels beïnvloed.

'n Volledige bespreking van artikel 24J val buite die omvang van hierdie studie.

## 2 TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 24J

### 2.1 Algemeen

Die bepalings van artikel 24J is veral in twee opsigte van belang. Artikel 24J ag dat rente op 'n dag-tot-dag grondslag toeval. Artikel 24J ag verder dat 'n aangepaste wins toeval of dat 'n aangepaste verlies aangegaan word by die oordrag of aflossing van 'n instrument. Die bepalings van artikel 24J word vervolgens ondersoek ten einde die tydstip van toevalling asook die bedrag van die rente, aangepaste wins en aangepaste verlies vas te stel.

### 2.2 Toevalling van rente

Indien 'n persoon die *houer*<sup>1</sup> met betrekking tot 'n *inkomste-instrument*<sup>2</sup> gedurende 'n jaar van aanslag is, word daar in die toepassing van die

<sup>1</sup> 'n *Houer* word soos volg in subartikel (1) omskryf: "met betrekking tot 'n *inkomste-instrument*—  
 (a) 'n persoon wat geregtig geword het op enige *rente* ingevolge bedoelde *inkomste-instrument*; of  
 (b) op 'n bepaalde tydstip, 'n persoon wat, indien enige *rente* betaalbaar ingevolge bedoelde *inkomste-instrument* op daardie tydstip verskuldig en betaalbaar was, geregtig is om betaling van bedoelde *rente* te ontvang..."

<sup>2</sup> 'n *Inkomste-instrument* word soos volg omskryf: "'inkomste-instrument'  
 (a) in die geval van 'n persoon behalwe 'n maatskappy, 'n *instrument*—  
 (i) waarvan die *termyn* een jaar, of redelikerwys waarskynlik een jaar, sal oorskry; en  
 (ii) wat uitgereik of verkry is teen 'n diskonto of premie of *uitgestelde rente* dra; en  
 (b) in die geval van 'n maatskappy, enige *instrument*..." (Eie kursivering.)

Sien voetnota 11 vir die omskrywing van die begrip "*termyn*".

*Uitgestelde rente* word soos volg omskryf: "ook

*Inkomstebelastingwet* geag aan bedoelde persoon 'n bedrag *rente*<sup>3</sup> toe te geval het wat gelyk is aan<sup>4</sup>

- die som van alle *toevallingsbedrae*<sup>5</sup> met betrekking tot alle *toevallingstydperke*<sup>6</sup> wat, hetsy in geheel of gedeeltelik, binne bedoelde jaar van aanslag ten opsigte van bedoelde *inkomste-instrument* val; of
- 'n bedrag ingevolge 'n *alternatiewe metode*<sup>7</sup> vasgestel.

---

(a) enige *rente* waar bedoelde *rente* (of 'n gedeelte daarvan), bereken ten opsigte van 'n *toevallingstydperk* wat binne die termyn van 'n *instrument* val deur 'n konstante *rentekoers* deurgaans gedurende die termyn van bedoelde *instrument* toe te pas, nie ingevolge bedoelde *instrument* binne een jaar vanaf die datum vanaf die begin van bedoelde *toevallingstydperk* betaalbaar of ontvangbaar is nie; en

(b) enige *rente* betaalbaar of ontvangbaar ingevolge 'n *instrument* waar bedoelde *rente* nie bereken word deur 'n konstante *rentekoers* deurgaans gedurende die termyn van bedoelde *instrument*, toe te pas nie..." (Eie kursivering.)

'n *Instrument* word soos volg omskryf: "enige vorm van rentedraende reëling, hetsy skriftelik al dan nie, met inbegrip van

- (a) 'n effek, obligasie, skuldbrief, wissel, promesse, sertifikaat of soortgelyke reëling;
- (b) 'n deposito by 'n bank of ander finansiële instelling;
- (c) 'n versekerde of onversekerde lening, voorskot of skuld;
- (d) enige verkryging of vervreemding van enige reg om *rente* te ontvang of die verpligting som *rente* te betaal, na gelang van die geval, ingevolge enige ander rentedraende reëling; of
- (e) 'n terugkoop-ooreenkoms of 'n terugverkoop-ooreenkoms,
- wat—
- (i) na 15 Maart 1995 uitgereik is of geag uitgereik te gewees het;
- (ii) op of voor 15 Maart 1995 uitgereik is en oorgedra is op of na 19 Julie 1995; of
- (iii) vir sover dit betrekking het op die houër daarvan, uitgereik op of voor 15 Maart 1995 en op 14 Maart 1996 onafgelos was (uitgesonderd enige reëling beoog in subparagrafe (i) en (ii)), maar uitgesonderd 'n huurooreenkoms (uitgesonderd 'n verkoop en terughuur reëling in artikel 23G beoog..."

<sup>3</sup> *Rente* word soos volg omskryf: "'rente' ook die

- (a) bruto bedrag van enige rente of verwante finansieringskoste, diskonto of premie betaalbaar of ontvangbaar ingevolge of ten opsigte van 'n finansiële reëling;
- (b) bedrag (of gedeelte daarvan) betaalbaar deur 'n lener aan die uitlener ingevolge enige leningsreëling wat vergoeding van 'n bedrag verteenwoordig waarop die uitlener, as dit nie vir bedoelde reëling was nie, geregtig sou gewees het; en
- (c) absolute waarde van die verskil tussen alle bedrae ontvangbaar en betaalbaar deur 'n persoon ingevolge 'n verkoop en terughuur reëling soos in artikel 23G beoog, deurgaans gedurende die volle termyn van bedoelde reëling waarby bedoelde persoon 'n party is, ongeag of bedoelde bedrag
- (i) met verwysing na 'n vaste koers van *rente* of 'n veranderlike koers van *rente* bereken word; of
- (ii) as 'n enkelbedrag of in ongelyke paaielemente gedurende die termyn van die finansiële reëling betaalbaar of ontvangbaar is..." (Eie onderstreping.)

<sup>4</sup> Sien subartikel (3).

<sup>5</sup> Sien voetnota 8 vir die omskrywing van die begrip "*toevallingsbedrag*".

<sup>6</sup> 'n *Toevallingstydperk* met betrekking tot 'n *instrument* word soos volg omskryf: "'toevallingstydperk' met betrekking tot 'n *instrument*—

- (a) waar ingevolge bedoelde *instrument* gereelde betalings met tussenposes van gelyke duur en wat nie 12 maande per tussenpose te bowe gaan nie, deurgaans gedurende die *termyn* van bedoelde *instrument* gemaak staan te word, die *tydperk* tussen bedoelde gereelde betalings; of
- (b) 'n *tydperk* van hoogstens 12 maande deur die houër of uitreiker, na gelang van die geval, gekies, welke *tydperk* deurgaans konsekwent gedurende die *termyn* van bedoelde *instrument* toegepas moet word..."

Die *toevallingsbedrae*<sup>8</sup> van elke *toevallingstydperk* word bereken deur die *aangepaste aanvangsbedrag*<sup>9</sup> met die *opbrengs tot op vervaldatum*<sup>10</sup> van die betrokke *instrument* te vermenigvuldig.

Die *opbrengs tot op vervaldatum* neem alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar gedurende die *termyn*<sup>11</sup> van die *instrument* ("die bedrae") in ag. Die houer bepaal die bedrae ten tye van die uitreiking of oordrag van die *instrument* en kan in die volgende gevalle verander in welke geval die *opbrengs tot op vervaldatum* hervasgestel moet word:

- waar die *instrument* 'n *veranderlike koers instrument* is;<sup>12</sup>

<sup>7</sup> Die alternatiewe metode word soos volg omskryf: "n metode om rente te bereken met betrekking tot 'n klas instrumente—

- (a) wat aan algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk voldoen;
- (b) wat konsekwent toegepas word ten opsigte van alle bedoelde instrumente (uitgesonderd enige instrument soos beoog in subartikel (9)) vir alle finansiële verslagdoeningsdoeleindes; en
- (c) welke metode die uitwerking het vir sover dit die tydsberekening van die toevalling of aangaan van rente betref wat nie noemenswaardig verskil nie van die uitwerking wat die toepassing van subartikels (2) (a) en (3) (a) het..."

<sup>8</sup> 'n *Toevallingsbedrag* met betrekking tot 'n *toevallingstydperk* word soos volg omskryf: "n bedrag vasgestel ooreenkomstig die volgende formule:

$$A = B \times C$$

in welke formule—

- (a) „A” die bedrag voorstel wat vasgestel moet word;
- (b) „B” die *opbrengs tot op vervaldatum* voorstel; en
- (c) „C” die *aangepaste aanvangsbedrag* voorstel..."

<sup>9</sup> Die *aangepaste aanvangsbedrag* word soos volg omskryf: "die som van die *aanvangsbedrag* en die *toevallingsbedrae* met betrekking tot alle vorige *toevallingstydperke* en enige ander betalings deur bedoelde *houer* gedurende alle bedoelde vorige *toevallingstydperke* gemaak min enige betalings deur bedoelde *houer* gedurende alle bedoelde vorige *toevallingstydperke* ontvang, ingevolge bedoelde *inkomste-instrument*. ."

<sup>10</sup> Die *opbrengs tot op vervaldatum* word soos volg omskryf: "die koers van saamgestelde rente per toevallingstydperk waarteen die huidige waarde van alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar ingevolge 'n instrument met betrekking tot 'n houer of 'n uitreiker, na gelang van die geval, van bedoelde instrument gedurende die *termyn* van bedoelde instrument gelyk is aan die *aanvangsbedrag* met betrekking tot bedoelde houer of uitreiker van bedoelde instrument..."

<sup>11</sup> Die *termyn* word soos volg omskryf: "die tydperk vanaf die uitreiking of oordrag, na gelang van die geval, tot die datum van aflossing daarvan..."

<sup>12</sup> Sien die eerste en tweede voorbehoudsbepalings van die omskrywing van *opbrengs tot op vervaldatum*.

'n *Veranderlike koers instrument* word omskryf as 'n instrument wat nie 'n *vastekoersinstrument* is nie. 'n *Vastekoersinstrument* is 'n instrument ingevolge waarvan die bedrag of bedrae betaalbaar of ontvangbaar—

- (a) 'n vasgestelde bedrag of vasgestelde bedrae;
- (b) 'n bedrag of bedrae waarvan die metode van berekening nie die toepassing van 'n veranderlike koers behels nie; of
- (c) enige kombinasie van bedrae in paragraaf (a) of (b) bedoel, is of daaruit bestaan.

'n *Veranderlike koers* is 'n koers bepaal met verwysing na 'n rente- of indekскоers of ander soortgelyke faktor, synde 'n koers of faktor wat gedurende die *termyn* van die instrument verander of mag verander.

- 'n verandering in die bedinge of voorwaardes van bedoelde *instrument* plaasvind wat 'n verandering in bedoelde koers van saamgestelde rente tot gevolg het;<sup>13</sup> of
- 'n verandering of wysiging van die regte of belange van 'n *houer* om rente te ontvang, plaasvind.<sup>14</sup>

Sien Bylae A vir voorbeelde van die berekening van die toevallingsbedrag.

Indien 'n bedrag van rente werklik ontvang reeds in ag geneem is om die *toevallingsbedrag* vas te stel, dit wil sê die koers van saamgestelde rente neem die betrokke bedrag in ag, word die bedoelde bedrag nie geag ontvang te wees by die toepassing van die omskrywing van bruto inkomste nie.<sup>15</sup>

Die bedrag van 'n geagte toevalling word by die toepassing van die *Inkomstebelastingwet* nie meer as een keer by die inkomste van 'n persoon vanweë die toepassing van artikel 24J ingesluit nie.<sup>16</sup>

Die vraag ontstaan nou of 'n bedrag van rente toegeval aan die algemene omskrywing van bruto inkomste moet voldoen en of die rente ingevolge paragraaf (n)<sup>17</sup> by bruto inkomste ingesluit word.

Paragraaf (n) sluit spesifiek 'n bedrag by bruto inkomste in wat volgens die uitdruklike voorskrif van ander bepalings van die *Inkomstebelastingwet* by die belastingpligtige se inkomste ingesluit moet word. Subartikel (3) van artikel 24J bepaal bloot dat 'n bedrag aan rente toeval en nie dat 'n bedrag by inkomste ingesluit moet word nie.<sup>18</sup> Dit word aan die hand gedoen dat artikel 24J so

---

<sup>13</sup> Die derde voorbehoudsbepaling van die omskrywing van *opbrengs tot op vervaldatum* bepaal dat die koers van saamgestelde rente hervasgestel word met verwysing na die toepaslike *aangepaste aanvangsbedrag* met betrekking tot bedoelde *instrument* voor bedoelde verandering vasgestel.

<sup>14</sup> Die bewoording van die vierde voorbehoudsbepaling is soortgelyk aan die bewoording van die derde voorbehoudsbepaling.

<sup>15</sup> Sien subartikel (5)(b) van artikel 24J.

<sup>16</sup> Sien subartikel (5A).

<sup>17</sup> Van die omskrywing van bruto inkomste in artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>18</sup> Subartikel (4A)(b) bepaal onder meer spesifiek dat 'n aangepaste wins by die oordrag of aflossing van 'n instrument by die inkomste van die uitreiker ingesluit word indien die aangepaste wins 'n toevallingsbedrag voorstel wat gedurende die bedoelde of vorige jaar van aanslag as 'n aftrekking van inkomste toegelaat is.

uitgelê moet word dat indien die artikel nie uitdruklik bepaal dat 'n bedrag by inkomste ingesluit moet word nie, die toevalling aan die vereistes van die algemene omskrywing van bruto inkomste moet voldoen. Rente toevallings ingevolge subartikel (3) word dus nie ingevolge paragraaf (n) by bruto inkomste ingesluit nie en moet dus aan die algemene omskrywing van bruto inkomste voldoen.<sup>19</sup>

Dit is duidelik dat 'n *instrument* met 'n vaste termyn moet bestaan voordat artikel 24J toepassing vind. 'n *Instrument* is onder meer enige vorm van 'n *rentedraende reëling*. Dit word aan die hand gedoen dat die betekenis van 'n *rentedraende reëling* met verwysing na die omskrywing van *rente* uitgelê moet word. *Rente* word onder meer omskryf as die bruto bedrag van enige rente of diskonto ontvangbaar ingevolge 'n *finansiële reëling*.<sup>20</sup> Die *Inkomstebelastingwet* bevat nie 'n algemene omskrywing van die woorde "finansiële reëling" of "reëling" nie. Gevolglik moet gelet word op die grammatikale betekenis wat standaard woordeboeke aan die woorde "finansiële" en "reëling" heg.<sup>21</sup>

Die *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*:

*"finansieel...wat geldsake betref; geldelik; geld-" en*

*"reëling ... handeling van te reël"*

*The Webster's New Dictionary and Thesaurus Concise Edition*:

*"arrange ... to set in a rank or row; to put in order; ... arrangement ... act of arranging" en*

*"finance ... the art of managing money; money resources ... financial ... pertaining to finance"*

---

<sup>19</sup> Sien Ferreira *Taxability of discounts* 12.

<sup>20</sup> Die begrip "finansiële reëling" word egter nie omskryf nie.

<sup>21</sup> Sien paragraaf 2.2 van hoofstuk 4 vir die beginsel dat woorde van 'n wetsbepaling in hul gewone grammatikale betekenis verstaan moet word by die vertolking van wetgewing.



Die gewone betekenis van “finansiële reëling” is algemeen van aard en behoort enige transaksie ingevolge waarvan geld betaal of ontvang word in te sluit. ‘n *Rentedraende reëling*, en dus ‘n *instrument*, is ‘n finansiële reëling ingevolge waarvan een persoon onderneem om rente, ‘n diskonto of premie aan ‘n ander persoon te betaal.<sup>22</sup>

‘n Maatskappy wie se besigheid die dryf van handel in *instrumente* behels, kan kies dat die bepaling<sup>23</sup> van artikel 24J nie van toepassing is op instrumente waarin dit handel dryf nie.<sup>24</sup> Indien die belastingpligtige die keuse uitoefen, moet die markwaarde van die betrokke instrumente ingesluit word by die waarde van handelsvoorraad wat die belastingpligtige aan die einde van ‘n jaar van aanslag besit en nie van die hand gesit het nie.<sup>25</sup> Die markwaarde moet ooreenkomstig kommersieel aanvaarde praktyk vasgestel word, wat konsekwent vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes aan sy aandeelhouders toegepas word.<sup>26</sup> Die markwaardegrondslag moet toegepas word tot die datum van aflossing of oordrag van bedoelde instrumente.<sup>27</sup>

### 2.3 Aangepaste wins met die oordrag of aflossing van ‘n instrument

Indien ‘n *instrument oorgedra*<sup>28</sup> of *afgelos*<sup>29</sup> word, moet die *oordragprys*<sup>30</sup> of *aflossingsbedrag*<sup>31</sup> in ag geneem word om die wins of verlies met oordrag of aflossing van ‘n instrument te bepaal.

<sup>22</sup> Sien ook Meyerowitz en Spiro *Income Tax* 13.40 13-27.

<sup>23</sup> Meer spesifiek subartikels (2) tot en met (8).

<sup>24</sup> Sien subartikel (9).

<sup>25</sup> Sien artikel 22(1)(b).

<sup>26</sup> Sien subartikel (9)(c).

<sup>27</sup> Sien subartikel (9)(d).

<sup>28</sup> ‘n Oordrag word soos volg omskryf: “ook—

- (a) die oordrag, verkoop of assignasie van of beskikking op enige ander wyse oor bedoelde instrument deur die houer of uitreiker daarvan, na gelang van die geval; of
- (b) die verkryging van bedoelde instrument deur die houer of uitreiker daarvan, na gelang van die geval, by wyse van ‘n oordrag, verkoop, assignasie of beskikking op enige ander wyse,

maar sluit nie die aflossing van bedoelde instrument in nie...”

<sup>29</sup> ‘n Aflossing is die aflossing van alle aanspreeklikheid om alle bedrae ingevolge bedoelde instrument te betaal.

Enige *aangepaste wins*<sup>32</sup> by die oordrag of aflossing van 'n instrument deur 'n persoon gedurende 'n jaar van aanslag bereken, word by die toepassing van die *Inkomstebelastingwet* geag aan bedoelde persoon in bedoelde jaar van aanslag toe te geval het.<sup>33</sup>

Die *aangepaste wins* betreffende die toevallingstydperk waartydens die instrument oorgedra word,<sup>34</sup> word soos volg bereken:<sup>35</sup>

Die bedrag waarmee

die som van:

- die *oordragprys of aflossingsbedrag*; en
- betalings ontvang<sup>36</sup> deur die houer ingevolge die inkomste-instrument gedurende bedoelde toevallingstydperk

die som van:

- die *aangepaste aanvangsbedrag* met betrekking tot die bedoelde toevallingstydperk;
- *toevallingsbedrag* met betrekking tot die bedoelde toevallingstydperk; en
- betalings gemaak deur die houer ingevolge die inkomste-instrument gedurende bedoelde toevallingstydperk;

oorskry.

---

<sup>30</sup> Die oordragprys word soos volg in artikel (1) omskryf: „oordragprys”, met betrekking tot die oordrag van 'n instrument, die teenprestasie betaalbaar of ontvangbaar, na gelang van die geval, vir die oordrag van bedoelde instrument”.

<sup>31</sup> Die aflossingsbetaling word soos volg in subartikel (1) omskryf: „aflossingsbetaling”, met betrekking tot 'n instrument, enige betaling gemaak of ontvang wat die effek het om bedoelde instrument af te los”.

<sup>32</sup> Sien die omskrywing van “aangepaste wins” in subartikel (1).

<sup>33</sup> Sien subartikel (4)(a).

<sup>34</sup> Hierna in hierdie studie die “bedoelde toevallingstydperk” genoem.

<sup>35</sup> Indien die alternatiewe metode nie toegepas is nie.

<sup>36</sup> 'n Voorbeeld hiervan is die rente betalings indien die skuldbrief *ex rente* verkoop word.

Sien Bylae A vir voorbeelde van die berekening van die aangepaste wins.

## 2.4 Aangepaste verlies met die oordrag of aflossing van 'n instrument

Enige *aangepaste verlies*<sup>37</sup> by die oordrag of aflossing van 'n instrument deur 'n persoon gedurende 'n jaar van aanslag bereken, word geag deur bedoelde persoon in bedoelde jaar van aanslag aangegaan te gewees het.<sup>38</sup>

Die *aangepaste verlies* betreffende 'n bepaalde toevallingstydperk word soos volg bereken:<sup>39</sup>

Die bedrag waarmee

die som van:

- die *aangepaste aanvangsbedrag* met betrekking tot die bedoelde toevallingstydperk;
- *toevallingsbedrag* met betrekking tot die bedoelde toevallingstydperk; en
- betalings gemaak deur die houer ingevolge die inkomste-instrument gedurende bedoelde toevallingstydperk

die som van:

- die oordragprys of aflossingsbedrag; en
- die betalings ontvang deur die houer ingevolge die inkomste-instrument gedurende bedoelde toevallingstydperk;

oorskry.

Sien Bylae A vir voorbeelde van die berekening van die aangepaste verlies.

---

<sup>37</sup> Sien die omskrywing van "aangepaste verlies" in subartikel (1).

<sup>38</sup> Sien subartikel (4)(b).

<sup>39</sup> Indien die alternatiewe metode nie toegepas is nie.

Indien die houer van 'n *inkomste-instrument* 'n *aangepaste verlies* aangegaan het, en die *aangepaste verlies* 'n bedrag insluit wat 'n toevallingsbedrag voorstel, welke bedrag reeds by die houer se inkomste ingesluit is, word bedoelde bedrag as 'n aftrekking van inkomste toegelaat.<sup>40</sup>

Spesifieke verligting word dus ingevolge subartikel (4A) toegestaan om te voorkom dat 'n belastingpligtige op 'n rente bedrag belas word terwyl dit nooit werklik ontvang word nie, hetsy in die vorm van rente bedrae of 'n opbrengs met die verkoop van die instrument.<sup>41</sup> Die belastingpligtige word dus slegs op gerealiseerde bedrae belas.<sup>42</sup>

Die algemene beginsels om die inkomste- of kapitale aard van 'n onkoste of verlies te bepaal, moet toegepas word om die aftrekbaarheid van die *aangepaste verlies*, tot die mate wat die verlies nie ingevolge subartikel (4A)(a) as 'n aftrekking toegelaat is nie, te bepaal.<sup>43</sup>

---

<sup>40</sup> Subartikel (4A)(a) bepaal onder meer die volgende: "Waar in die geval van 'n (a) houer van 'n inkomste-instrument 'n *aangepaste verlies* by oordrag of aflossing van bedoelde instrument wat geag is aangegaan te gewees het deur bedoelde houer ingevolge subartikel (4) (b) gedurende 'n jaar van aanslag, 'n bedrag met betrekking tot bedoelde inkomste-instrument insluit wat 'n

- (i) toevallingsbedrag; of
- (ii) bedrag vasgestel ooreenkomstig 'n alternatiewe metode, voorstel, welke bedrag by die inkomste van die houer gedurende bedoelde jaar van aanslag of 'n vorige jaar van aanslag ingesluit is, word bedoelde bedrag as 'n aftrekking van die inkomste van bedoelde houer gedurende bedoelde jaar van aanslag toegelaat".

<sup>41</sup> Sien Divaris en Steyn *Silke* 17.70 17-119: "But where an adjusted loss on transfer or redemption is calculated in relation to an instrument, the loss so calculated may consist of two elements, namely interest accrued but never received by the taxpayer, and a portion of the original purchase price forfeited. This will be the case, for example, where interest accrues in terms of s 24J and the instrument is subsequently sold at a loss. To prevent the likelihood of income accruing under s 24J and being taxed, while the taxpayer has no relief in circumstances where the income may never be received, a special rule applies..."

Sien ook Meyerowitz en Spiro *Income Tax* 13.40 13-28: "Although the income instrument is held as a capital investment, if the investor does not on sale recoup the notional amount of interest on which he has paid tax on a yield to maturity basis, he will be allowed to deduct the shortfall." En op 13-41: "Section 24J provides for adjusted gains and adjusted losses... The purpose of these provisions is to adjust the quantum of taxable income or deductible expenditure on the yield to maturity basis; in the case of an adjusted gain to make good the shortfall in taxable income or the over-deduction of expenditure and in the case of adjusted loss to reduce the over-inclusion of income or the under-deduction of expenditure."

<sup>42</sup> Sien paragraaf 3.3.1.2 van hoofstuk 3 vir 'n bespreking van die beginsel dat slegs gerealiseerde bedrae aan inkomstebelasting onderhewig is.

<sup>43</sup> 'n Ondersoek van die riglyne om die inkomste- of kapitale aard van 'n onkoste of verlies te bepaal val buite die omvang van hierdie studie.

### 3 INVLOED VAN ARTIKEL 24J OP DIE ALGEMENE BEGINSELS

#### 3.1 Die aard van 'n diskonto

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en akademiese skrywers is van mening dat artikel 24J nie die algemene belastingbeginsels om die inkomste- of kapitale aard van toevallings te bepaal, beïnvloed nie.<sup>44</sup> Die *Verklarende Memorandum oor die Inkomstebelastingwetsontwerp, 1995* huldig dat artikel 24J slegs sal handel met die tydsberekening van die aangaan en toevalling van rente.<sup>45</sup>

Silke erken egter dat die bepaling van artikel 24J 'n onsekerheid met betrekking tot die belasbaarheid van 'n premie of diskonto skep.<sup>46</sup> Silke is van mening dat die aard van die premie of diskonto eers tydens die aflossing of oordrag van die instrument bepaal kan word. Die toevallingsbedrae val gevolglik ingevolge artikel 24J toe sonder dat die inkomste- of kapitale aard daarvan oorweeg word.

Silke se uitgangspunt mag moontlik korrek wees indien aanvaar word dat die howe die subjektiewe riglyne sal toepas om die aard van die opbrengs met oordrag of aflossing van die instrument te bepaal. Met ander woorde, die hof sal

---

<sup>44</sup> Sien byvoorbeeld Broomberg *Tax Strategy* 3.6 27: "The provisions of section 24J, introduced in 1995, do not, it is submitted, change anything. The section does not deem the discounting of financial instruments to be on revenue or capital account." En 5.13 74: "It does not, it is submitted, affect the capital or revenue nature of a receipt or expense." Sien ook Divaris en Stein *Silke* 17.61 17-103; Meyerowitz *Taxation of Financial Instruments* 48.

<sup>45</sup> Sien die *Verklarende Memorandum oor die Inkomstebelastingwetsontwerp, 1995*: "Dit moet egter beklemtoon word dat die voorgestelde wetgewing nie algemene belastingbeginsels soos byvoorbeeld die bronbeginsel of die kapitale of inkomste-aard van rente toegeval of aangegaan met betrekking tot sodanige reëlins sal versteur nie, maar slegs sal handel met die tydsberekening van die aangaan en toevalling van rente." (Eie onderstreping.)

<sup>46</sup> Sien Divaris en Stein *Silke* 17.63 op 17-106 tot 17-107: "By treating premiums and discounts as 'interest', although undoubtedly part of the overall yield on the instrument, s 24J presumes that all amounts, both payable and receivable, are taxed to the extent that they form part of the overall yield. This could be questioned on the basis that in certain circumstances discounts and premiums are capital and thus do not constitute 'interest' and hence should be excluded from s 24J even though they are included in the yield to maturity of the particular instrument. In such circumstances, it is submitted that the 'accrual amount' as defined, which is obtained under the yield to maturity method, should be adjusted to exclude the effects of capital discounts and premiums from the taxable amounts. This anomaly with respect to the nature of the accrual in the hands of the holder of an instrument results from the fact that the capital or revenue nature of the accrual is determined only upon the transfer or redemption of the instrument yet, in the intervening period, an accrual is deemed to have occurred without reference to its capital or revenue nature.

Merely to state in the 'Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill, 1995' that the normal capital or revenue rules apply and are unaffected by s 24J does not adequately address the above issues and this deficiency in the wording of s 24J need to be rectified. Because of this uncertainty and anomalous result, the position should be clarified in a legislative amendment to s 24J." (Eie onderstreping.)

oorweeg of die opbrengs met die oordrag van die skuldbrief verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.<sup>47</sup>

Artikel 24J ag dat die diskonto op die *opbrengs tot op vervaldatum-grondslag* toeval. Die toevallingstydperk neem reeds 'n aanvang op die datum wat die skuldbrief aan die houer oorgedra of uitgereik word. Op hierdie stadium is dit nie seker of die belastingpligtige die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou nie.

Die toepaslike vraag is of die objektiewe of subjektiewe riglyne toegepas moet word om die aard van die geagte toevalling, wat voor aflossing of oordrag van die skuldbrief wat ingevolge artikel 24J realiseer, te bepaal. Soos reeds aangetoon, is die skrywer van mening dat die objektiewe riglyn toegepas moet word om die opbrengs met die *aflossing* van 'n skuldbrief te bepaal. Die diskonto wat tydens die aflossing van 'n skuldbrief realiseer is rente van aard. Die diskonto is 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend en dus van 'n inkomste aard.<sup>48</sup>

Die *opbrengs tot op vervaldatum* neem alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar vanaf die uitreiking of oordrag tot op die datum van *aflossing* van die instrument in ag. Die Wetgewer ag dus vir die doeleindes van die berekening van die toevallingsbedrag dat die skuldbriefhouer die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou.

Die skrywer is van mening dat die objektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van die toevallingsbedrag, wat 'n proporsionele gedeelte van die diskonto insluit, vas te stel. Die objektiewe riglyn moet toegepas word ongeag of die skuldbrief tot op die aflosdatum gehou word of voor die datum oorgedra word. Die diskonto realiseer ingevolge artikel 24J voordat die skuldbrief afgelos

---

<sup>47</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk vir 'n bespreking van die riglyn.

<sup>48</sup> Sien paragraaf 3.5 van hoofstuk 4.

word.<sup>49</sup> Die vrugte word ingevolge die statutêre bepaling van die boom geskei.<sup>50</sup>

Die gevolg van die toepassing van die objektiewe riglyn is dat die diskonto reeds voor die aflossing van die skuldbrief realiseer en dienooreenkomstig belas word ongeag of die belastingpligtige die skuldbrief tot op die aflosdatum hou en of dit voor die datum oordra.

Soos reeds aangetoon, mag die opbrengs met die oordrag van 'n skuldbrief aan 'n persoon anders as die uitreiker, byvoorbeeld 'n oordrag in die sekondêre mark, ingevolge die algemene beginsels moontlik van 'n kapitale aard wees.<sup>51</sup> Soos hierbo aangetoon, is die diskonto op 'n skuldbrief wat ingevolge artikel 24J reeds voor die datum van oordrag toeval, van 'n inkomste aard ingevolge die objektiewe riglyn. Dit was nie noodwendig die geval voor die toepassing van artikel 24J waar die skuldbrief voor die aflosdatum oorgedra is en die totale opbrengs met oordrag van 'n kapitale aard was nie.

### **3.2 Die aard van die aangepaste wins met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief**

Artikel 24J bepaal die omvang van die wins waar die instrument oorgedra of afgelos word.<sup>52</sup>

Die aard van die aangepaste wins met oordrag moet aan die hand van die algemene belastingbeginsels bepaal word.<sup>53</sup> Wanneer 'n bate gerealiseer word, is die toepaslike riglyn om te oorweeg of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.<sup>54</sup> Die hof sal oorweeg of die skuldbrief oorgedra is in die loop van die beoefening van

---

<sup>49</sup> Sien paragraaf 3.3.1.2 van hoofstuk 3 vir 'n bespreking van vereiste dat slegs gerealiseerde bedrae belas word.

<sup>50</sup> Die stelling is tydens 'n gesprek tussen die skrywer en Swanepoel gemaak. Hierdie metafoor illustreer die vrugvorming wat as gevolg van die werking van artikel 24J plaasvind.

<sup>51</sup> Sien paragraaf 3.6 van hoofstuk 4.

<sup>52</sup> Sien paragrawe 2.3 en 2.4 hierbo.

<sup>53</sup> Sien Meyerowitz en Spiro *Income Tax* 13.69 13-45.

<sup>54</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk 3.

'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag om te bepaal of die aangepaste wins van 'n inkomste aard is.<sup>55</sup>

Indien 'n skuldbrief verkry is met die doel om dit as 'n langtermyn belegging te hou, en die belastingpligtige het nie die skuldbrief in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkoop nie, behoort die aangepaste wins van 'n kapitale aard te wees.<sup>56</sup> Die kapitaalwinst sal ingevolge artikel 26A saamgelees met die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet* belas word.<sup>57</sup>

#### 4 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die effek van die bepalings van artikel 24J op die houer van 'n skuldbrief. Die algemene beginsels om die aard van 'n toevalling te bepaal is in samehang met artikel 24J toegepas en daar is oorweeg of artikel 24J die toepassing van die algemene beginsels beïnvloed.

Artikel 24J is in die algemeen van toepassing op enige ooreenkoms ingevolge waarvan een party onderneem om rente of 'n diskonto aan die ander party te betaal. Artikel 24J ag dat rente (soos omskryf) toeval. Die toevallings moet aan die algemene omskrywing van bruto inkomste voldoen en word nie ingevolge paragraaf (n) by bruto inkomste ingesluit nie.

Artikel 24J ag verder dat 'n aangepaste wins toeval by die oordrag of aflossing van 'n instrument. Die aangepaste wins met oordrag sal van 'n inkomste aard wees indien die skuldbrief oorgedra is in die loop van die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.

---

<sup>55</sup> Sien paragraaf 3.3.2 van hoofstuk 3. Sien ook Meyerowitz *Income Tax* 13.64 13-41: "Section 24J provides for adjusted gains and adjusted losses. These provisions ... concern only dealers, in the sense of taxpayers who acquire and dispose of instruments in the process of carrying on profit-earning operations..." (Eie onderstreping.)

<sup>56</sup> Sien Divaris en Steyn *Silke* 17.70 17-119: "The normal requirements of the Act, including the provisions relating to capital and revenue ... must still be satisfied before such interest, gain or loss is to be taken into account in determination of the taxpayer's taxable income. Thus the 'adjusted gain or loss on transfer or redemption' provisions are not applicable to investors who acquire income instruments as income-bearing assets to hold for investment, that is, as fixed or capital investments. They apply only to persons who acquire income instruments for the purpose of dealing in instruments or to persons who issue instruments in the process of funding their income earning operations."

<sup>57</sup> Sien hoofstuk ses vir 'n bespreking van die kapitaalwinstbelasting wetgewing.



Artikel 24J ag dat die diskonto op die *opbrengs tot op vervaldatum-grondslag* toeval. Die toevallingstydperk neem reeds 'n aanvang op die datum wat die skuldbrief aan die houer oorgedra of uitgereik word. Op hierdie stadium is dit nie seker of die belastingpligtige die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou nie. Die *opbrengs tot op vervaldatum* neem alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar vanaf die uitreiking of oordrag tot op die datum van *aflossing* van die instrument in ag. Die Wetgewer ag dus vir die doeleindes van die berekening van die toevallingsbedrag dat die skuldbriefhouer die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou.

Die skrywer is van mening dat die objektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van die toevallingsbedrag, wat 'n proporsionele gedeelte van die diskonto insluit, vas te stel. Die objektiewe riglyn moet toegepas word ongeag of die skuldbrief tot op die aflosdatum gehou word of voor die datum oorgedra word. Die diskonto realiseer ingevolge artikel 24J voordat die skuldbrief afgelos word. Die vrugte word ingevolge die statutêre bepaling van die boom geskei.

Die opbrengs met die oordrag van 'n skuldbrief aan 'n persoon anders as die uitreiker, byvoorbeeld 'n oordrag in die sekondêre mark, kan ingevolge die algemene beginsels moontlik van 'n kapitale aard wees. Die diskonto op 'n skuldbrief wat ingevolge artikel 24J reeds voor die datum van oordrag toeval is van 'n inkomste aard ingevolge die objektiewe riglyn. Dit was nie noodwendig die geval voor die toepassing van artikel 24J waar die skuldbrief voor die aflosdatum oorgedra is en die totale opbrengs met oordrag van 'n kapitale aard was nie.

Die aard van die aangepaste wins met oordrag moet aan die hand van die algemene belastingbeginsels bepaal word. Die hof sal oorweeg of die skuldbrief oorgedra is in die loop van die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag om te bepaal of die aangepaste wins van 'n inkomste aard is.

Indien 'n skuldbrief verkry is met die doel om dit as 'n langtermyn belegging te hou, en die belastigpligtige nie die instrument in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkoop nie, behoort die aangepaste wins van 'n kapitale aard te wees.

**HOOFSTUK 6****KAPITAALWINSBELASTING EN HOUER VAN 'N SKULDBRIEF**

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>81</b>
<b>2</b>	<b>DIE BEPALINGS VAN DIE AGTSTE BYLAE VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET</b>	<b>81</b>
2.1	Algemeen en woordomsrywings	81
2.2	Belasbare kapitaalwinste en vasgestelde kapitaalverliese	82
2.3	Beskikking oor 'n skuldbrief	84
2.3.1	Beskikking	84
2.3.2	Tydstip van beskikking	84
2.3.3	Opbrengs met beskikking	85
2.4	Basiskoste	86
2.4.1	Basiskoste van 'n skuldbrief	86
2.4.2	Basiskoste van identiese bates	87
2.4.3	Vasstelling van basiskoste van voor-waardasiedatumskuldbriewe	88
<b>3</b>	<b>VERGELYKING TUSSEN ARTIKEL 24J EN DIE AGTSTE BYLAE</b>	<b>89</b>
3.1	Die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae	89
3.2	Beskikkings	90
3.3	Opbrengs met beskikking	91
3.4	Basiskoste van 'n skuldbrief	91
<b>4</b>	<b>OPSOMMING</b>	<b>92</b>

## 1 INLEIDING

Die *Inkomstebelastingwet* is gewysig deur die Wysigingswet op Belastingwette 5 van 2001 ten einde vir die vasstelling van belasbare kapitaalwinste en vasgestelde kapitaalverliese voorsiening te maak.

In hierdie hoofstuk word:

- die bepalings van die *Inkomstebelastingwet* ingevolge waarvan belasbare kapitaalwinste en vasgestelde kapitaalverliese vasgestel word, spesifiek op die houer van 'n skuldbrief toegepas; en
- die wisselwerking tussen artikel 24J en artikel 26A, saamgelees met die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet*, oorweeg.

'n Volledige bespreking van die kapitaalwinstbelasting-wetgewing val buite die omvang van hierdie studie.

## 2 DIE BEPALINGS VAN DIE AGTSTE BYLAE VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET

### 2.1 Algemeen en woordomsrywings

Die belasbare kapitaalwinst van 'n persoon, soos kragtens die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet*<sup>1</sup> vasgestel, word by die belasbare inkomste van 'n persoon ingesluit.<sup>2</sup>

Die belasbare kapitaalwinst word bereken ten opsigte van bates waarvoor beskik is. 'n Bate sluit in eiendom van watter aard ookal, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, asook 'n reg tot of belang in sodanige eiendom.<sup>3</sup> 'n Skuldbrief, wat 'n vorderingsreg op die terugbetaling van 'n kapitaalsom en rente is<sup>4</sup>, is dus 'n bate vir kapitaalwinstbelasting doeleindes.

---

<sup>1</sup> Hierna in hierdie studie "die Agtste Bylae" genoem.

<sup>2</sup> Artikel 26A van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>3</sup> Sien die omskrywing van die begrip "bate" in paragraaf 1 van die Agtste Bylae.

<sup>4</sup> Sien paragraaf 2 van hoofstuk 2 vir 'n bespreking van die regs aard van 'n skuldbrief.

## 2.2 Belasbare kapitaalwinste en vasgestelde kapitaalverliese

Die *belasbare kapitaalwinst* is 50% (in die geval van 'n maatskappy) of 25% (in die geval van 'n natuurlike persoon of 'n spesiale trust<sup>5</sup>) van die *netto kapitaalwinst*.<sup>6</sup>

'n Persoon se *netto kapitaalwinst* vir die jaar van aanslag is die bedrag waarmee daardie persoon se *totale kapitaalwinst* vir die jaar daardie persoon se *vasgestelde kapitaalverlies*<sup>7</sup> oorskry.<sup>8</sup>

'n Persoon se *totale kapitaalwinst* vir 'n jaar van aanslag is die bedrag waarmee die som van 'n persoon se *kapitaalwinste* vir daardie jaar die som van sy *kapitaalverliese* vir daardie jaar oorskry; en in die geval van 'n natuurlike persoon of 'n spesiale trust, daardie persoon of trust se *jaarlikse uitsluiting* vir die jaar.<sup>9</sup> 'n Natuurlike persoon en 'n spesiale trust se jaarlikse uitsluiting ten opsigte van 'n jaar van aanslag is R10 000. Waar 'n persoon te sterwe kom, is daardie persoon se uitsluiting vir die jaar R50 000.<sup>10</sup>

'n Persoon se *totale kapitaalverlies*<sup>11</sup> vir 'n jaar van aanslag is die bedrag waarmee die som van 'n persoon se *kapitaalverliese* vir die jaar die som van die persoon se *kapitaalwinste* vir daardie jaar oorskry; en in die geval van 'n

<sup>5</sup> Soos omskryf in artikel een van die *Inkomstebelastingwet*.

<sup>6</sup> Paragraaf 10 van die Agtste Bylae. Alle verdere verwysings na paragrawe verwys na die betrokke paragraaf in die Agtste Bylae.

<sup>7</sup> Paragraaf 9 bepaal: "n Persoon se vasgestelde kapitaalverlies vir 'n jaar van aanslag, waar daardie persoon—

- (a) 'n totale kapitaalwinst vir daardie jaar het, is die bedrag waarmee daardie persoon se vasgestelde kapitaalverlies vir die vorige jaar van aanslag die bedrag van daardie persoon se totale kapitaalwinst vir die jaar oorskry;
- (b) 'n totale kapitaalverlies vir die jaar het, is die som van daardie persoon se totale kapitaalverlies vir daardie jaar en daardie persoon se vasgestelde kapitaalverlies vir die vorige jaar; of
- (c) nóg 'n totale kapitaalwinst nóg 'n totale kapitaalverlies vir die jaar het, is die bedrag van daardie persoon se vasgestelde kapitaalverlies vir die vorige jaar..."

<sup>8</sup> Paragraaf 8.

<sup>9</sup> Paragraaf 6.

<sup>10</sup> Paragraaf 5.

<sup>11</sup> Die totale kapitaalverlies word in ag geneem om die *vasgestelde kapitaalverlies* te bereken. Sien voetnota 6 vir die omskrywing van die *vasgestelde kapitaalverlies*.

natuurlike persoon of 'n spesiale trust, daardie persoon of trust se uitsluiting vir die jaar.<sup>12</sup>

'n Persoon se *kapitaalwins* vir 'n jaar van aanslag is, ten opsigte van 'n skuldbrief waaroor beskik is, onder meer gelyk aan die bedrag waarmee die opbrengs ontvang of toegeval as gevolg van sodanige beskikking die basiskoste van sodanige skuldbrief oorskry.<sup>13</sup>

'n Persoon se *kapitaalverlies* vir 'n jaar van aanslag is, ten opsigte van 'n skuldbrief waaroor beskik is, onder meer gelyk aan die bedrag waarmee die basiskoste van die skuldbrief die opbrengs verkry of toegeval as gevolg van sodanige beskikking oorskry.<sup>14</sup>

---

<sup>12</sup> Sien paragraaf 7.

<sup>13</sup> Paragraaf 3 bepaal: "'n Persoon se kapitaalwins vir 'n jaar van aanslag is, ten opsigte van 'n bate waaroor beskik is

(a) gedurende sodanige jaar, gelyk aan die bedrag waarmee die opbrengs ontvang of toegeval as gevolg van sodanige beskikking die basiskoste van sodanige bate oorskry; of

(b) in 'n vorige jaar van aanslag, gelyk aan

(i) soveel van enige bedrag ontvang deur of toegeval aan sodanige persoon gedurende die huidige jaar van aanslag, wat deel uitmaak van die opbrengs van daardie beskikking wat nie in berekening gebring is nie gedurende enige jaar by die vasstelling van die kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van sodanige beskikking; of

(ii) soveel van die basiskoste van daardie bate wat in berekening gebring is by die vasstelling van die kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van daardie beskikking, as wat herwin of verhaal is gedurende die huidige jaar van aanslag..."

<sup>14</sup> Paragraaf 4 bepaal: "'n Persoon se kapitaalverlies vir 'n jaar van aanslag ten opsigte van die beskikking oor 'n bate—

(a) gedurende daardie jaar, is gelyk aan die bedrag waarmee die basiskoste van die bate die opbrengs verkry of toegeval as gevolg van sodanige beskikking, oorskry; of

(b) in 'n vorige jaar van aanslag, is gelyk aan—

(i) soveel van die opbrengs ontvang of toegeval as gevolg van die beskikking oor daardie bate wat in ag geneem is in enige jaar by die vasstelling van 'n kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van daardie beskikking—

(aa) waarop daardie persoon nie meer geregtig is nie as gevolg van die kansellering, beëindiging of wysiging van 'n ooreenkoms, of vanweë die verjaring of afstanddoening van 'n eis of 'n kwytstelling van 'n verpligting of enige ander gebeurtenis gedurende die jaar van aanslag;

(bb) as wat onverhaalbaar gedurende die jaar van aanslag geword het; of

(cc) as wat terugbetaal is of terugbetaalbaar geword het gedurende die jaar van aanslag; of

(ii) soveel van die basiskoste van daardie bate as wat nie in ag geneem is nie gedurende enige jaar van aanslag by die vasstelling van die kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van daardie beskikking, as wat betaal is of wat verskuldig en betaalbaar geword het gedurende die lopende jaar van aanslag..."

## 2.3 Beskikking oor 'n skuldbrief

### 2.3.1 Beskikking

'n Beskikking is enige gebeurtenis, daad, toeweging of werking van die reg wat die skepping, wysiging, oordrag of vernietiging van 'n bate tot gevolg het.<sup>15</sup> Die volgende gebeurtenisse word onder meer spesifiek by die omskrywing van 'n beskikking ingesluit:

- die verkoop, skenking, onteiening, omskakeling, verlening, sessie, uitruil of enige ander vervreemding of oordrag van eienaarskap van 'n bate;<sup>16</sup> en
- die verbeuring, beëindiging, aflossing, intrekking, afgee, ontheffing, opgee, kwytskelding, laatvaarding, afstanddoening, verstryking of prysgawe van 'n bate.<sup>17</sup>

Die uitreiking van 'n skuldbrief is nie 'n beskikking oor 'n bate deur 'n persoon nie.<sup>18</sup>

### 2.3.2 Tydstip van beskikking

Die tydstip van beskikking oor 'n skuldbrief as gevolg van die verandering in eienaarskap van een persoon aan 'n ander in die geval van 'n ooreenkoms wat onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde is, is die datum waarop daardie voorwaarde nagekom word.<sup>19</sup> In die geval van 'n ooreenkoms wat nie aan 'n opskortende voorwaarde onderhewig is nie, is die tydstip van beskikking die datum waarop daardie ooreenkoms gesluit is.<sup>20</sup>

---

<sup>15</sup> Paragraaf 11.

<sup>16</sup> Paragraaf 11(1)(a).

<sup>17</sup> Paragraaf 11(1)(b).

<sup>18</sup> Paragraaf 11(2)(d).

<sup>19</sup> Paragraaf 13(1)(a)(i).

<sup>20</sup> Paragraaf 13(1)(a)(ii).

Die tydstip van beskikking oor 'n skuldbrief as gevolg van die uitwissing daarvan is die datum van die uitwissing van die skuldbrief.<sup>21</sup> Waar 'n skuldbrief deur aflossing van die hoofskuld uitgewis word, is die datum van aflossing die datum van die beskikking.

### 2.3.3 Opbrengs met beskikking

Die opbrengs van die beskikking oor 'n skuldbrief deur 'n persoon is onder meer gelyk aan die bedrag ontvang deur of toegeval aan daardie persoon as gevolg van daardie beskikking.<sup>22</sup> Indien 'n persoon gedurende enige jaar van aanslag geregtig geword het op enige bedrag wat betaalbaar is op 'n datum wat na die laaste dag van daardie jaar val, word daardie bedrag geag aan daardie persoon toe te geval het gedurende daardie jaar.<sup>23</sup>

Die opbrengs van die beskikking oor 'n skuldbrief moet verminder word met:<sup>24</sup>

- enige bedrag van die opbrengs wat ingesluit moet word of was in die bruto inkomste van daardie persoon;
- enige bedrag van die opbrengs wat in ag geneem moet word of is by die vasstelling van die belasbare inkomste van daardie persoon voor die insluiting van enige belasbare kapitaalwins;
- enige bedrag van die opbrengs wat terugbetaal is of wat terugbetaalbaar geword het aan die persoon wat oor die bate beskik het; en
- enige vermindering, as gevolg van die kansellering, beëindiging of wysiging van 'n ooreenkoms, van 'n toegevalle bedrag wat deel uitmaak van die opbrengs van daardie beskikking.

---

<sup>21</sup> Sien paragraaf 13(1)(b).

<sup>22</sup> Sien paragraaf 35(1).

<sup>23</sup> Paragraaf 35(4).

<sup>24</sup> Paragraaf 35(3).

## 2.4 Basiskoste

### 2.4.1 Basiskoste van 'n skuldbrief

Die basiskoste van 'n skuldbrief verkry deur 'n persoon is die som van onder meer:<sup>25</sup>

- die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die koste van verkryging van die skuldbrief;
- die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die waardasie van die skuldbrief vir doeleindes van die vasstelling van 'n kapitaalwins of kapitaalverlies ten opsigte van die skuldbrief; en
- die bedrae werklik aangegaan as onkoste wat direk verband hou met die verkryging van of beskikking oor daardie skuldbrief, byvoorbeeld makelaarskoste.

Die basiskoste van die skuldbrief moet verminder word met onder meer enige bedrag wat:<sup>26</sup>

- as 'n aftrekking toelaatbaar is of was by die vasstelling van die belasbare inkomste van daardie persoon voor die insluiting van enige belasbare kapitaalwins;
- vir enige rede verhaal is of verhaalbaar geword het van enige ander persoon (hetsy voor of na die aangaan van die onkoste waarmee dit verband hou); en
- nie betaal is nie; en nie in 'n jaar van aanslag verskuldig en betaalbaar is nie.

---

<sup>25</sup> Sien paragraaf 20.

<sup>26</sup> Paragraaf 20(3).



## 2.4.2 Basiskoste van identiese bates

Skuldbriewe is identiese bates vir doeleindes van kapitaalwinstbelasting. Identiese bates is 'n groep van soortgelyke bates wat

- indien daar oor een van hulle beskik is, dieselfde bedrag sou realiseer ongeag watter een van hulle oor beskik is; en
- nie individueel onderskei kan word nie buiten enige identifiserende nommers wat hulle mag dra.<sup>27</sup>

Die basiskoste van skuldbriewe kan vasgestel word deur een van die volgende metodes te gebruik.<sup>28</sup>

- spesifieke identifikasie;
- eerste in eerste uit; of
- geweegde gemiddelde metode.

By die toepassing van die geweegde gemiddelde-metode, word die gemiddelde koste van skuldbriewe bereken na elke verkryging van 'n skuldbrief deur die koste van die nuutverkrygte skuldbriewe te tel by die basiskoste van die skuldbriewe op hande en daardie bedrag deur die nuwe totale aantal skuldbriewe te deel.<sup>29</sup>

Sodra 'n persoon een van die metodes aangeneem het, moet daardie metode gebruik word totdat daar oor al daardie identiese bates beskik is.<sup>30</sup>

---

<sup>27</sup> Sien paragraaf 32(2).

<sup>28</sup> Paragraaf 32(3).

<sup>29</sup> Sien paragraaf 32(4).

<sup>30</sup> Paragraaf 32(5).

### 2.4.3 Vasstelling van basiskoste van voor-waardasiedatumskuldbriewe

Die basiskoste van 'n skuldbrief wat voor die waardasiedatum<sup>31</sup> verkry is, is die som van die *waardasiedatumwaarde* en die onkoste<sup>32</sup> wat na die waardasiedatum ten opsigte van daardie skuldbrief aangegaan is.<sup>33</sup>

Die *waardasiedatumwaarde* van 'n skuldbrief, synde 'n instrument soos in artikel 24J omskryf, is:<sup>34</sup>

- die aangepaste aanvangsbedrag soos kragtens artikel 24J op 1 Oktober 2001 vasgestel; of
- die *markwaarde*<sup>35</sup> van daardie instrument.

Die *markwaarde* van 'n skuldbrief wat op 'n erkende beurs genoteer is en waarvoor daar 'n prys op daardie beurs gekwoteer is, is die gemiddeld van die aankoop- en verkooppryse ten opsigte van daardie skuldbrief by die afsluiting van besigheid op 30 September 2001.<sup>36</sup>

Die *markwaarde* van enige ander skuldbrief is die prys wat verkry sou kon word met die verkoop van die skuldbrief tussen 'n gewillige koper en gewillige verkoper wat onder uiterste voorwaardes in 'n ope mark beding is.<sup>37</sup>

Indien die basiskoste van 'n skuldbrief met verwysing na die aangepaste aanvangsbedrag op 1 Oktober 2001 bereken word, mag die basiskoste van die skuldbrief moontlik 'n bedrag van opgelope rente insluit wat andersins nie by die basiskoste van 'n skuldbrief wat na 1 Oktober 2001 verkry is, ingesluit sou word nie.

---

<sup>31</sup> Die waardasiedatum is 1 Oktober 2001.

<sup>32</sup> Die onkoste kragtens paragraaf 20 toelaatbaar.

<sup>33</sup> Paragraaf 25.

<sup>34</sup> Paragraaf 28.

<sup>35</sup> Soos kragtens paragraaf 31 vasgestel.

<sup>36</sup> Sien paragraaf 31(1)(a).

<sup>37</sup> Paragraaf 31(1)(g).

Die belastingpligtige het 'n keuse van waardasiemetode. Indien die rentekoerse in die mark byvoorbeeld afgeneem het sedert die datum waarop die belastingpligtige die skuldbrief verkry het, mag die markwaarde op 1 Oktober 2001 moontlik meer as die aangepaste aanvangsbedrag op daardie datum wees. Dit sal dus meer voordelig vir die belastingpligtige wees om die markwaarde as waardasiemetode te kies.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat die bepalings ten opsigte van die waardasiemetodes van voor-waardasiedatumbates indien die opbrengs van die beskikking

- die onkoste voor en na die waardasiedatum te bowe gaan;<sup>38</sup>
- nie die markwaarde oorskry nie waar die markwaarde as die waardasiedatumwaarde aangeneem is;<sup>39</sup> en
- nie die onkoste voor en na die waardasiedatum oorskry nie;<sup>40</sup>

nie op 'n artikel 24J-instrument van toepassing is nie. Dit blyk gevolglik moontlik te wees om kapitaalverliese te skep omrede die basiskoste opgelope rente insluit, wat nie die geval sou wees waar die skuldbrief ná 1 Oktober 2001 verkry is nie.

### **3 VERGELYKING TUSSEN ARTIKEL 24J EN DIE AGTSTE BYLAE**

#### **3.1 Die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae**

Die Agtste Bylae bereken die kapitaalwins en -verlies met verwysing na die opbrengs met die beskikking van 'n skuldbrief en die basiskoste daarvan.

Die vraag ontstaan nou of die opbrengs en basiskoste van die skuldbrief vir die doeleindes van kapitaalwinsbelasting aangepas word met:

- die bedrae wat reeds ingevolge artikel 24J toegeval het; en

---

<sup>38</sup> Sien paragraaf 26(1).

<sup>39</sup> Sien paragraaf 26(3).

- die aangepaste verlies met oordrag of aflossing van die skuldbrief.

Bogenoemde vrae word ondersoek deur eers die bepalings van artikel 24J en die Agtste Bylae te vergelyk, waarna die wisselwerking aan die hand van praktiese voorbeelde toegelig word.

### 3.2 Beskikkings

'n Oordrag of aflossing van 'n skuldbrief vir die doeleindes van artikel 24J sal 'n beskikking vir die doeleindes van die Agtste Bylae wees.<sup>41</sup>

Soos reeds aangetoon, is die tydstip van die beskikking as gevolg van die verandering in eienaarskap van een persoon aan 'n ander die datum waarop daardie ooreenkoms gesluit is. Die tydstip van beskikking as gevolg van die uitwissing van die skuldbrief is die datum waarop die skuldbrief afgelos word.<sup>42</sup>

Die aangepaste wins word geag toe te geval het gedurende die jaar van aanslag waartydens die instrument oorgedra of afgelos word.<sup>43</sup> Die aangepaste wins word bereken ten opsigte van die *toevallingstydperk* waartydens die instrument oorgedra of afgelos word.

Die tydstip van oordrag of aflossing vir doeleindes van artikel 24J behoort dus dieselfde as die tydstip van die beskikking ingevolge die Agtste Bylae te wees, naamlik die datum waarop die ooreenkoms gesluit is; of indien die ooreenkoms aan 'n opskortende voorwaarde onderhewig is, die datum waarop die voorwaarde nagekom word.

---

<sup>40</sup> Sien paragraaf 27.

<sup>41</sup> 'n Beskikking vir die doeleindes van die Agtste Bylae sluit spesifiek die verkoop en aflossing van bates in. 'n Oordrag en aflossing vir doeleindes van artikel 24J sluit ook die verkoop van 'n instrument in.

<sup>42</sup> Sien paragraaf 2.3.2 hierbo.

<sup>43</sup> Sien paragraaf 2.3 van hoofstuk 5 vir 'n bespreking van die aangepaste wins.

### 3.3 Opbrengs met beskikking

Soos reeds aangetoon, is die opbrengs vir doeleindes van die Agtste Bylae gelyk aan die bedrag ontvang deur of toegeval aan die skuldbriefhouer as gevolg van daardie beskikking. Die opbrengs word verminder met enige bedrag wat by bruto inkomste ingesluit moet word, of in ag geneem moet word by die vasstelling van die belasbare inkomste van die skuldbriefhouer.<sup>44</sup>

Indien die skuldbrief byvoorbeeld *cum rente* verkoop word, sluit die opbrengs 'n bedrag in wat reeds by die belastingpligtige se bruto inkomste ingesluit is, naamlik die rente wat ingevolge artikel 24J toegeval het, maar nog nie ontvang is nie.

Indien die aangepaste verlies 'n toevallingsbedrag insluit wat by die houer se inkomste ingesluit is, word die toevallingsbedrag as 'n aftrekking toegelaat en dus by die vasstelling van die belasbare inkomste van die skuldbriefhouer in ag geneem.<sup>45</sup>

Dit word aan die hand gedoen dat die opbrengs vir die doeleindes van die Agtste Bylae verminder moet word met die rente wat toegeval het, maar nog nie ontvang is nie, na aftrekking van die aangepaste verlies wat as 'n aftrekking toegelaat is.<sup>46</sup>

### 3.4 Basiskoste van 'n skuldbrief

Soos reeds aangetoon, is die basiskoste van 'n skuldbrief onder meer die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die verkryging daarvan. Die basiskoste word verminder met enige bedrag wat as 'n aftrekking toelaatbaar is by die vasstelling van die belasbare inkomste van die skuldbriefhouer.<sup>47</sup> Indien die skuldbrief teen 'n premie verkry is, sal die basiskoste 'n bedrag insluit wat effektiewelik oor die termyn van die skuldbrief teen die belastingpligtige se

---

<sup>44</sup> Sien paragraaf 2.5.

<sup>45</sup> Sien paragraaf 2.3 van hoofstuk 5 vir 'n bespreking van die aangepaste verlies met oordrag of aflossing van 'n instrument.

<sup>46</sup> Sien voorbeeld 1 in *Bylae A* ter illustrasie hiervan.

<sup>47</sup> Sien paragraaf 2.4.1.

belasbare inkomste as 'n vermindering/afrekkings toegelaat is.<sup>48</sup> Dit word aan die hand gedoen dat die basiskoste met die bedrag van die geamortiseerde premie verminder moet word.<sup>49</sup>

#### 4 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die beginsels van die kapitaalwinstbelasting-wetgewing op die houer van 'n skuldbrief toe te pas asook die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae te oorweeg.

'n Beskikking vir die doeleindes van kapitaalwinstbelasting is 'n oordrag of aflossing vir doeleindes van artikel 24J. Die bepalinge van artikel 24J moet toegepas word voordat die kapitaalwinst of -verlies ingevolge die Agtste Bylae bereken word.

Die kapitaalwinst of -verlies met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief word bereken deur die basiskoste van die opbrengs af te trek.

Die opbrengs is die bedrag ontvang deur 'n persoon as gevolg van die beskikking en word verminder met enige bedrag wat by bruto inkomste ingesluit word of in ag geneem word by die vasstelling van die skuldbriefhouer se belasbare inkomste. Die opbrengs moet dus verminder word met die netto bedrag van die rente wat ingevolge artikel 24J toegeval, het maar nog nie ontvang is nie, *ná* afrekkings van die aangepaste verlies.

Die basiskoste is die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die verkryging van die skuldbrief. Die basiskoste van 'n skuldbrief wat teen 'n premie verkry is moet aangepas word met die bedrag van die premie wat reeds in ag geneem is om die belasbare inkomste van die houer van die skuldbrief te bepaal.

---

<sup>48</sup> Die opbrengs tot op vervaldatum neem die premie in ag. Die somtotaal van die rente werklik ontvang na afrekkings van die bedrag van die premie is gelykstaande aan die toevallingsbedrae ingevolge die opbrengs tot vervaldatum-grondslag vasgestel.

<sup>49</sup> Sien voorbeeld 2 in *Bylae A* ter illustrasie hiervan.

## HOOFSTUK 7

### OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie studie is die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto ondersoek. Die doel van hierdie studie was om te bepaal of die opbrengs met die aflossing en verkoop van sodanige skuldbrief van 'n inkomste- of kapitale aard is.

Alvorens die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto ondersoek kon word, moes die eienskappe van 'n skuldbrief kortliks vanuit 'n ekonomiese- en regs oogpunt oorweeg. Die faktore wat die waarde van die diskonto van 'n skuldbrief beïnvloed, is vanuit 'n ekonomiese oogpunt oorweeg. Die rede hiervoor is dat die werklike aard van 'n ooreenkoms asook die ekonomiese aard van die ontvangstes wat daaruit voortvloei, faktore is wat die houe in ag neem om die inkomste- of kapitale aard van 'n toevalling te bepaal.

'n Skuldbrief is 'n sertifikaat deur 'n maatskappy uitgereik wat die bestaan van 'n skuld van 'n bepaalde bedrag erken. Die regs aard van die verbintenis tussen die partye tot die skuldbrief is dié van 'n verbruikslening. Uit 'n ekonomiese oogpunt is 'n skuldbrief se waarde die huidige verdiskonteerde waarde van die toekomstige kontantvloei daarvan. Kontantvloei word teen die belegger se verlangde opbrengskoers verdiskonteer. Die verlangde opbrengs sluit 'n vergoeding vir die gebruik van geld asook vir die neem van risiko in. Een van hierdie risiko's is 'n kapitaalrisiko, naamlik die risiko dat 'n belegger se kapitaal nie terugbetaal word nie.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat 'n diskonto, synde die verskil tussen die sigwaarde van 'n skuldbrief en die uitreikings- of oordragprys, uit 'n ekonomiese oogpunt vergoeding vir die gebruik van geld en die neem van kapitaalrisiko is.

Alvorens die inkomste- of kapitale aard van 'n diskonto vasgestel kon word, was dit verder nodig om die riglyne wat algemeen ter sprake is by die bepaling van

die aard van 'n toevalling te ondersoek. Die wetgewer het in die konteks van die bruto inkomste omskrywing nie die frase "van 'n kapitale aard" omskryf nie. Die riglyne wat die geregshowe in Suid-Afrika geformuleer het om tussen toevallings van 'n inkomste- en kapitale aard te onderskei, is kortliks geïdentifiseer.

Inkomste is bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend. Bedrae word deur kapitaal voortgebring wanneer dit van die kapitaal geskei word en in eie reg bestaan. Slegs gerealiseerde of werklike bedrae word belas. Kapitaal word produktief aangewend wanneer die gebruik daarvan aan 'n ander persoon geleen word. Bedrae vanuit beleggings ontvang, byvoorbeeld rente, is ingevolge hierdie algemene riglyn van 'n inkomste aard. Rente word outomaties beskou as bedrae voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend sonder dat die belastingpligtige se doel vasgestel moet word. Rente is vanuit 'n ekonomiese oogpunt ook van 'n inkomste aard. Wanneer 'n bate gerealiseer word, is die toepaslike riglyn om te oorweeg of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Waar die belastingpligtige 'n enkele transaksie aangegaan het, verwys die howe daarna as die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Waar 'n reeks transaksies aangegaan is, verwys die howe daarna as die beoefening van 'n besigheid. Die toepassing van hierdie riglyne vereis dat die belastingpligtige se doel met betrekking tot die aankoop van die bate ten tye van die verkryging asook die verkoop van die bate vasgestel moet word.

Die algemene riglyne is vervolgens op die opbrengs met aflossing en oordrag van 'n skuldbrief toegepas. Die betekenis van rente is eerstens ondersoek om te bepaal of 'n diskonto rente van aard is en dus outomaties inkomste sal wees. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die begrip "rente" in die *Inkomstebelastingwet*, naamlik vergoeding vir die gebruik van geleende geld wat bereken word met verwysing na vaste persentasie van 'n hoofskuld en die tydperk waarvoor die hoofskuld uitstaande is, nie 'n diskonto insluit nie. 'n Diskonto is egter vanuit 'n ekonomiese oogpunt vergoeding vir die gebruik van geld en dus rente van aard. Die skrywer is verder van mening dat 'n



vergoeding vir kapitaalrisiko nie noodwendig beteken dat 'n toevalling van 'n kapitale aard is nie.

Ten einde die aard van 'n diskonto vas te stel, is 'n onderskeid tussen die oordrag en aflossing van 'n skuldbrief getref. Die skrywer is van mening dat die Suid-Afrikaanse howe moontlik die objektiewe riglyn sal toepas om die opbrengs met die aflossing van 'n skuldbrief in die hande van 'n belegger te bepaal. 'n Diskonto wat tydens die aflossing van 'n skuldbrief realiseer is uit 'n ekonomiese oogpunt beskou 'n bedrag voortgebring deur kapitaal produktief aan te wend en dus van 'n inkomste aard. Die belastingpligtige se doel sal nie deurslaggewend wees nie.

Die skrywer is van mening dat, indien 'n skuldbrief voor aflossing oorgedra word, die toepaslike riglyn is om te bepaal of die wins verkry is uit die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Die toepassing van hierdie riglyn vereis dat die belastingpligtige se doel met betrekking tot die skuldbrief vasgestel word. Indien die belastingpligtige se doel tydens die aankoop en verkoop van die skuldbrief was om dit teen 'n wins te realiseer, sal die opbrengs met die oordrag van die skuldbrief inkomste van aard wees. Indien die belastingpligtige die skuldbrief aangekoop het met die doel om 'n bron van toekomstige rente inkomste te skep, en die doel nie verander het nie, behoort die opbrengs met die oordrag van die skuldbrief van 'n kapitale aard te wees.

Die invloed van die bepalinge van artikel 24J op die houer van 'n skuldbrief is vervolgens ondersoek. Die algemene beginsels om die aard van 'n toevalling te bepaal is in samehang met artikel 24J toegepas en daar is oorweeg of artikel 24J die toepassing van die algemene beginsels beïnvloed. Artikel 24J ag dat die diskonto op die opbrengs tot op vervaldatum-grondslag toeval. Die toevallingstydperk neem reeds 'n aanvang op die datum wat die skuldbrief aan die houer oorgedra of uitgereik word. Op hierdie stadium is dit nie seker of die belastingpligtige die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou nie. Die *opbrengs tot op vervaldatum* neem alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar vanaf die uitreiking of oordrag tot op die datum van aflossing van die instrument in ag. Die Wetgewer ag dus vir die doeleindes van die berekening van die

toevallingsbedrag dat die skuldbriefhouer die skuldbrief tot op die aflosdatum gaan hou.

Die skrywer het tot die gevolgtrekking gekom dat die objektiewe riglyn toegepas moet word om die aard van die toevallingsbedrag, wat 'n proporsionele gedeelte van die diskonto insluit, vas te stel. Die objektiewe riglyn moet toegepas word ongeag of die skuldbrief tot op die aflosdatum gehou word of voor die datum oorgedra word. Die diskonto realiseer ingevolge artikel 24J voordat die skuldbrief afgelos word.

Die opbrengs met die oordrag van 'n skuldbrief voor aflosdatum kan ingevolge die algemene beginsels moontlik van 'n kapitale aard wees. Die diskonto wat reeds ingevolge artikel 24J voor die datum van oordrag toeval is van 'n inkomste aard ingevolge die objektiewe riglyn. Dit was nie noodwendig die geval voor die toepassing van artikel 24J waar die skuldbrief voor die aflosdatum oorgedra is en die totale opbrengs van 'n kapitale aard was nie.

Die aard van die aangepaste wins met oordrag moet aan die hand van die algemene belastingbeginsels bepaal word. Die hof sal oorweeg of die skuldbrief oorgedra is in die loop van die beoefening van 'n besigheidshandeling in die uitvoering van 'n skema van winsbejag om te bepaal of die aangepaste wins van 'n inkomste aard is. Indien 'n skuldbrief verkry is met die doel om dit as 'n langtermyn belegging te hou, en die belastingpligtige het nie die instrument in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkoop nie, behoort die aangepaste wins van 'n kapitale aard te wees.

Die beginsels van die kapitaalwinsbelasting-wetgewing is vervolgens op die houer van 'n skuldbrief toegepas. Die wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae is ook oorweeg. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat 'n beskikking vir die doeleindes van kapitaalwinsbelasting ook 'n oordrag of aflossing vir doeleindes van artikel 24J is. Die bepalinge van artikel 24J moet toegepas word voordat die kapitaalwins of –verlies ingevolge die Agtste Bylae bereken word.

Die kapitaalwins of –verlies met die oordrag of aflossing van 'n skuldbrief word bereken deur die basiskoste van die opbrengs af te trek. Die opbrengs is die

bedrag ontvang deur 'n persoon as gevolg van die beskikking en word verminder met enige bedrag wat by bruto inkomste ingesluit word of in ag geneem word by die vasstelling van die skuldbriefhouer se belasbare inkomste. Die opbrengs moet dus verminder word met die netto bedrag van die rente wat ingevolge artikel 24J toeval maar nog nie ontvang is nie, *ná* aftrekking van die aangepaste verlies.

Die basiskoste is die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die verkryging van die skuldbrief. Die basiskoste van 'n skuldbrief wat teen 'n premie verkry is moet aangepas word met die bedrag van die premie wat reeds in ag geneem is om die belasbare inkomste van die houer van die skuldbrief te bepaal.

## BYLAE A

### WISSELWERKING TUSSEN ARTIKEL 24J EN AGTSTE BYLAE

#### Inleiding

Die onderstaande voorbeelde verduidelik die toepassing van en wisselwerking tussen artikel 24J en die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet*.

'n Onderskeid word getref tussen:

- 'n skuldbrief wat teen 'n diskonto en premie uitgereik word;
- die oordrag en aflossing van 'n skuldbrief; en
- die oordrag teen 'n wins en verlies.

**Voorbeeld 1****Inligting:**

'n Belastingpligtige verkry 'n skuldbrief met 'n termyn van twee jaar teen 'n diskonto van R1 200 000 op 31 Desember 2002. Rente is sesmaandeliks ontvangbaar, bereken teen 3% van die sigwaarde van die instrument. Die vervaldatum van die instrument is 31 Desember 2004, wanneer die belastingpligtige R10 000 000 sal ontvang. Die belastingpligtige se finansiële jaar eindig op 30 Junie. Die belastingpligtige dryf nie handel in skuldbriewe nie en het nie die skuldbrief in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkry of oorgedra nie.

Die volgende word veronderstel:

- 1.1 Die belastingpligtige hou die skuldbrief tot op die aflossingsdatum.
- 1.2 Die skuldbrief word op 1 Januarie 2004 teen R9 200 000 verkoop.
- 1.3 Die skuldbrief word op 1 Januarie 2004 teen R9 400 000 verkoop.

Die toevallingsbedrae, aangepaste wins of verlies met oordrag of aflossing, asook die kapitaalwins of –verlies word vervolgens bereken.

**Berekeninge:**

<b>KONTANTVLOEIE</b>	
<b>Maand</b>	<b>R</b>
31 Desember 2002	(8 800 000)
30 Junie 2003	300 000
31 Desember 2003	300 000
30 Junie 2004	300 000
31 Desember 2004	10 300 000
Netto kontantvloei	2 400 000

Die opbrengs tot op die vervaldatum veronderstel 'n sesmaandelikse toevallingstydperk, en is derhalwe 6,50308% per toevallingstydperk.

- Die toevallingsbedrae en aangepaste aanvangsbedrae indien die skuldbrief tot die aflossingsdatum gehou word, word soos volg bereken:

Toevallingstydperk	Geagte toevalling (R)	Aangepaste aanvangsbedrag aan die einde van die tydperk (R)
1/1/03 tot 30/6/03	572 271 <sup>(1)</sup>	9 072 271 <sup>(2)</sup>
1/7/03 tot 31/12/03	589 977 <sup>(3)</sup>	9 362 248 <sup>(4)</sup>
1/1/04 tot 30/6/04	608 834 <sup>(5)</sup>	9 671 082 <sup>(5)</sup>
1/7/04 tot 31/12/04	628 918 <sup>(7)</sup>	0 <sup>(8)</sup>
	2 400 000	

### 1.1 Die skuldbrief word afgelos

- Die aangepaste wins word soos volg bereken:

Som van: <sup>(a)</sup>	R10 000 000 + R300 000	R10 300 000
Som van: <sup>(b)</sup>	R9 671 082 + R628 918 <sup>(7)</sup>	R10 300 000
		R nil

Nota:

- (a) Die som van die aflossingsbetaling en enige betalings ontvang.
- (b) Die som van die aangepaste aanvangsbedrag, toevallingsbedrag en betalings gemaak.

- Die kapitaalwins word soos volg bereken:

Opbrengs <sup>(c)</sup>	R10 000 000 – R1 200 000	R8 800 000
Basiskoste		R8 800 000
		R nil

Nota:

(c) Die opbrengs met aflossing ten bedrae van R10 000 000 sluit die diskonto van R1 200 000 in. Die diskonto is oor die termyn van die skuldbrief by die belastingpligtige se belasbare inkomste ingesluit en gevolglik word die opbrengs met die bedrag van die diskonto ingevolge paragraaf 35(3)(a) van die Agtste Bylae verminder.

## 1.2 Die skuldbrief word oorgedra teen R9 200 000

- Die aangepaste verlies word soos volg bereken:

Som van <sup>(d)</sup> :	R9 200 000 + 0	R9 200 000
Som van <sup>(e)</sup> :	R9 362 248 <sup>(4)</sup> + 0	R9 362 248
		(R162 248)

Nota:

(d) Die som van die oordragprys en enige betalings ontvang.

(e) Die som van die aangepaste aanvangsbedrag en enige betalings gemaak.

Die aangepaste verlies word ingevolge artikel 24J(4A) as 'n aftrekking van inkomste toegelaat.

- Die kapitaalverlies word soos volg bereken:

Opbrengs <sup>(f)</sup>	R9 200 000 - (R562 248 <sup>(9)</sup> - R162 248)	R8 800 000
Basiskoste		R8 800 000
		R nil

Nota:

(f) Die opbrengs sluit 'n bedrag in wat reeds by die belastingpligtige se bruto inkomste ingesluit is, naamlik die opgelope rente wat toegeval het maar nog nie ontvang is nie ten bedrae van R562 248<sup>(9)</sup>. Die aangepaste verlies van R162 248 is reeds as 'n aftrekking teen belasbare inkomste toegelaat. Gevolglik word dit aan die hand gedoen dat die opbrengs met die *netto* bedrag

wat by die belastingpligtige se inkomste ingesluit is, dit wil sê na inagneming van die aangepaste verlies, verminder moet word.

### 1.3 Die skuldbrief word oorgedra teen R9 400 000

- Die aangepaste wins word soos volg bereken:

Som van:	R9 400 000 + 0	R9 400 000
Som van:	R9 362 248 <sup>(4)</sup> + 0 + 0	R9 362 248
		R37 752

Die aangepaste wins is van 'n kapitale aard en word nie by bruto inkomste ingesluit nie.

- Die kapitaalwinst word soos volg bereken:

Opbrenge <sup>(9)</sup>	R9 400 000 - R562 248 <sup>(9)</sup>	R8 837 752
Basiskoste		R8 800 000
		R37 752

*Nota:*

<sup>(9)</sup> Die opbrengs sluit 'n bedrag in wat reeds by die belastingpligtige se bruto inkomste ingesluit is, naamlik die opgelope rente ten bedrae van R562 954<sup>(9)</sup> wat toegeval het, maar nog nie ontvang is nie.

Berekeninge:

<sup>(1)</sup>  $R8\ 800\ 000 \times 6,50308\%$

<sup>(2)</sup>  $R8\ 800\ 000 + R572\ 271 - R300\ 000$

<sup>(3)</sup>  $R9\ 072\ 271 \times 6,50308\%$

<sup>(4)</sup>  $R9\ 072\ 271 + R589\ 977 - R300\ 000$

<sup>(5)</sup>  $R9\ 362\ 248 \times 6,50308\%$

<sup>(6)</sup>  $R9\ 362\ 248 + R608\ 834 - R300\ 000$

<sup>(7)</sup>  $R9\ 671\ 082 \times 6,50308\%$

<sup>(8)</sup>  $R9\ 671\ 082 + R628\ 918 - R300\ 000 - R10\ 000\ 000$

<sup>(9)</sup>  $R572\ 977^{(1)} + R589\ 977^{(2)} - R300\ 000 - R300\ 000$



## Voorbeeld 2

### Inligting:

'n Belastingpligtige verkry 'n skuldbrief met 'n termyn van twee jaar teen 'n premie van R1 200 000 op 31 Desember 2002. Rente is sesmaandeliks ontvangbaar, bereken teen 10% van die sigwaarde van die instrument. Die vervaldatum van die instrument is 31 Desember 2004, wanneer die belastingpligtige R10 000 000 sal ontvang. Die belastingpligtige se finansiële jaar eindig op 30 Junie. Die belastingpligtige dryf nie handel in skuldbriewe nie en het nie die skuldbrief in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkry of oorgedra nie.

Veronderstel die volgende:

- 1.1 Die belastingpligtige hou die skuldbrief tot op die aflossingsdatum.
- 1.2 Die skuldbrief word op 1 Januarie 2004 teen R10 500 000 verkoop.
- 1.3 Die skuldbrief word op 1 Januarie 2004 teen R10 700 000 verkoop.

Die toevallingsbedrae, aangepaste wins of verlies met oordrag of aflossing asook die kapitaalwins of –verlies word vervolgens bereken.

### Berekening:

<b>KONTANTVLOEIE</b>	
<b>Maand</b>	<b>R</b>
31 Desember 2002	(11 200 000)
30 Junie 2003	1 000 000
31 Desember 2003	1 000 000
30 Junie 2004	1 000 000
31 Desember 2004	11 000 000
Netto kontantvloei	2 800 000

Die opbrengs tot op die vervaldatum veronderstel 'n sesmaandelikse toevallingstydperk, en is derhalwe 6,49738% per toevallingstydperk.

- Die toevallingsbedrae en aangepaste aanvangsbedrae indien die skuldbrief tot die aflossingsdatum gehou word, word soos volg bereken:

Toevallingstydperk	Geagte toevalling (R)	Aangepaste aanvangsbedrag aan die einde van die tydperk (R)
1/1/03 tot 30/6/03	727 706 <sup>(1)</sup>	10 927 706 <sup>(2)</sup>
1/7/03 tot 31/12/03	710 014 <sup>(3)</sup>	10 637 720 <sup>(4)</sup>
1/1/04 tot 30/6/04	691 173 <sup>(5)</sup>	10 328 893 <sup>(6)</sup>
1/7/04 tot 31/12/04	671 107 <sup>(7)</sup>	0 <sup>(8)</sup>
	2 800 000	

### 1.1 Die skuldbrief word afgelos

- Die aangepaste wins word soos volg bereken:

Som van:	R10 000 000 + R1 000 000	R11 000 000
Som van:	R10 328 893 + R671 107 <sup>(7)</sup>	R11 000 000
		R nil

- Die kapitaalwins word soos volg bereken:

Opbrengs		R10 000 000
Basiskoste <sup>(a)</sup>	R11 200 000 – R1 200 000	R10 000 000
		R nil

*Nota:*

<sup>(a)</sup> Die basiskoste sluit 'n premie van R1 200 000 in. Die premie is oor die termyn van die skuldbrief by die belastingpligtige se belasbare inkomste effektiewelik as aftrekking toegelaat en gevolglik word die basiskoste met die

bedrag van die premie ingevolge paragraaf 20(3)(a) van die Agtste Bylae verminder.

## 1.2 Die skuldbrief word oorgedra teen R10 500 000

- Die aangepaste verlies word soos volg bereken:

Som van:	R10 500 000 + 0	R10 500 000
Som van:	R10 637 720 <sup>(4)</sup> + 0 + 0	R10 637 720
		(R137 720)

Die aangepaste verlies word ingevolge artikel 24J(4A) as 'n aftrekking van inkomste toegelaat.

- Die kapitaalverlies word soos volg bereken:

Opbrengs		R10 500 000
Basiskoste <sup>(b)</sup>	R11 200 000 – R562 280 <sup>(9)</sup> – R137 720	R10 500 000
		R nil

*Nota:*

<sup>(b)</sup> Die basiskoste sluit 'n bedrag in wat effektiewelik reeds by die belastingpligtige se bruto inkomste afgetrek is, naamlik die verskil tussen die rente werklik ontvang en die geamortiseerde premie; 'n verskil van R562 280<sup>(9)</sup>. Die aangepaste verlies van R137 720 is reeds as 'n aftrekking teen belasbare inkomste toegelaat. Gevolglik word dit aan die hand gedoen dat die basiskoste met R562 280 en die aangepaste verlies verminder moet word.

### 1.3 Die skuldbrief word oorgedra teen R10 700 000

- Die aangepaste wins word soos volg bereken:

Som van:	R10 700 000 + 0	R10 700 000
Som van:	R10 637 720 <sup>(4)</sup> + 0 – 0	R10 637 720
		R62 280

Die aangepaste wins is van 'n kapitale aard en word nie by die belastingpligtige se bruto inkomste ingesluit nie.

- Die kapitaalwinst word soos volg bereken:

Opbrengs		R10 700 000
Basiskoste <sup>(c)</sup>	R11 200 000 – R562 280 <sup>(9)</sup>	R10 637 720
		R62 280

*Nota:*

<sup>(c)</sup> Die basiskoste sluit 'n bedrag in wat effektiewelik reeds by die belastingpligtige se bruto inkomste afgetrek is, naamlik die verskil tussen die rente werklik ontvang en die geamortiseerde premie; 'n verskil van R562 280<sup>(9)</sup>. Gevolglik word dit aan die hand gedoen dat die basiskoste met die verskil van R562 280 en die aangepaste verlies verminder moet word.

Berekeninge:

<sup>(1)</sup>  $R11\,200\,000 \times 6,49738\%$

<sup>(2)</sup>  $R11\,200\,000 + R727\,796 - 1\,000\,000$

<sup>(3)</sup>  $R10\,927\,706 \times 6,49738\%$

<sup>(4)</sup>  $R10\,927\,706 + 710\,014 - 1\,000\,000$

<sup>(5)</sup>  $R10\,637\,720 \times 6,49738\%$

<sup>(6)</sup>  $R10\,637\,720 + R691\,173 - R1\,000\,000$

<sup>(7)</sup>  $R10\,328\,893 \times 6,49738\%$

<sup>(8)</sup>  $R10\,328\,893 + R671\,107 - R1\,000\,000 - R10\,000\,000$

<sup>(9)</sup>  $R727\,706^{(1)} + R710\,014^{(2)} - R1\,000\,000 - R1\,000\,000$

**BRONNELYS****LYS VAN BOEKE**

Broomberg, E.B. & Kruger, D. 1998. *Tax Strategy* Third edition. Durban: Butterworths. ("Broomberg *Tax Strategy*")

Cilliers, H.S., Benade, M.L., Henning, J.J. & Du Plessies, J.J. 1992. *Korporatiewe Reg.* Tweede uitgawe. Durban: Butterwoths. ("*Korporatiewe Reg*")

Cronje, M. & Stack, E.M. 2000. *Die belasting van individue en maatskappye.* 14de uitgawe. Durban: Butterworths. ("Cronje en Stack *Belasting*")

Correia, C., Flynn, D., Uliana, E. & Wormald, M. 1993. *Financial Management.* Third edition. Cape Town: Juta & Co, Ltd. ("Correia *Financial Management*")

Divaris, C. & Stein, M.L. 2000 *Silke on South African Income Tax Volume 1 and 2.* 18th edition. Kenwyn: Juta & Co, Ltd. ("Divaris en Stein *Silke*")

Edgar, T. 2000. *The Income Tax Treatment of Financial Instruments: Theory and Practice.* Toronto: Canadian Tax Foundation. ("Edgar *Financial Instruments*")

Huxham, K. & Haupt, P. 2000. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting.* 19de uitgawe. Kaapstad: H & H Publications. ("Huxham en Haupt *Aantekeninge*")

Joubert, W.A. & Faris, J.A. (eds). 2000. *The Law of South Africa.* [CD-ROM] Volume 15. Durban: Butterworths. ("*LAWSA*")

Meyerowitz, D. en Spiro, E. 2000. *Meyerowitz and Spiro on Income Tax* 1999-2000 edition. Cape Town: The Taxpayer CC. ("Meyerowitz *Income Tax*")

Odendal, F.F. (eds.) 1988. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Tweede Uitgawe. Johannesburg: Perskor. ("*HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*")

Parsons, R.W. 1985. *Income Taxation in Australia: Principles of Income, Deductibility and Tax Accounting*. The Law Book Company Limited. ("Parsons *Income Taxation*")

Sims, B.J. (eds.) 1994. *Simon's Taxes*. Third edition. London: Butterworths. ("Sims *Simon's Taxes*")

Tiley, J. (eds.) 1994. *Butterworths UK Tax Guide 1994-95*. 13th edition. London: Butterworths. ("Tiley *UK Tax Guide*")

Waincymer, J. 1993. *Australian Income Tax Principles and Policy*. Second edition. Adelaide: Butterworths. ("Waincymer *Income Tax Principles*")

*Webster's New Dictionary and Thesaurus Concise Edition*. 1990. New Lanark: Geddes & Grosset Ltd. (*Webster's New Dictionary and Thesaurus*)

Williams, R.C. 1994. *Income Tax in South Africa: Law and Practice*. Cape Town: Juta & Co Ltd. ("Williams *Income Tax*")

## LYS VAN ARTIKELS EN JOERNALE

Broomberg, E.B. 1972. The Basis of Income Taxation in South Africa. *The South African Law Journal* 89: 179. ("Broomberg *Basis of Taxation*")

Broomberg, E.B. 1972. The Taxation of Profits on Property Transactions. *The South African Law Journal* 89: 445. ("Broomberg *Taxation of Profits on Property Transactions*")

Broomberg, E.B. 1998. Capital v Revenue Intention, motive and contemplation. *Tax Planning Corporate & Personal* 12: 69. ("Broomberg *Capital v Revenue*")

Edgar, T. 1996. The Concept of Interest Under the Income Tax Act. *Canadian Law Journal* 44(2): 277. ("Edgar *Concept of Interest*")

*Financial Mail*. 1992. Zero sum. June 26. ("*Financial Mail Zero sum*")

Holland, K. 1997. Interest of a capital nature. *Tax Planning* 11:90. ("Holland *Interest of a capital nature*")

Meyerowitz, D. (eds.) 1999. Taxation of Financial Instruments in the hands of non-dealers. *The Taxpayer* 48(3): 47. ("Meyerowitz *Taxation of Financial Instruments*")

## **LYS VAN ONGEPUBLISEERDE MENINGS EN TEGNIESE VERSLAE**

Ferreira, P. 1997. *Taxability of discounts and premiums on financial instruments*. Coopers & Lybrand. ("Ferreira *Taxability of discounts*")

Golden, M. 1986. *An examination of the capital or revenue nature of proceeds derived from the redemption and sale of gilts*. B.Com (Hons)-technical report. University of Cape Town. ("Golden *Redemption and sale of gilts*")

## **MEDELINGS AAN SKRYWER**

Swanepoel, L. 2001. Persoonlike mededeling aan skrywer, 1 Maart. PricewaterhouseCoopers, Bellville. ("Swanepoel")

## **LYS VAN WETGEWING**

### **Republiek van Suid-Afrika**

Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

Maatskappywet 61 van 1973.

### **Buiteland**

Income Tax Assessment Act 1936 (Australië).

## **LYS VAN STAATSPUBLIKASIES**

Verklarende Memorandum oor die Inkomstebelastingwetsontwerp, 1995.

**LYS VAN HOFBESLISSINGS****Republiek van Suid-Afrika**

*Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* 1999 1 All SA 345(A), 61 SATC 43.

*CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 1996 SA 264(T), 59 SATC 1.

*CIR v General Motors SA (Pty) Ltd* 1982 (1) SA 196 (T), 43 SATC 249.

*CIR v George Forest Timber Company Limited* 1924 AD 516, 1 SATC 20.

*CIR v King* 1947 SA 196 (A), 14 SATC 184.

*CIR v Lever Brothers & Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1.

*CIR v Lunnon* 1924 AD 94, 1 SATC 7.

*CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 (4) SA 39 (A), 54 SATC 271.

*CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253.

*CIR v Visser* 1937 TPD 77, 8 SATC 271.

*Coetzee v Rand Sporting Club* 1918 WLD 74.

*Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133.

*COT v Booyens Estates, Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10.

*Flemming v KBI* 1995 (1) SA 574 (A), 57 SATC 73.

*John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415(A), 38 SATC 87.

*Modderfontein B Gold Mining Co, Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202.

*Natal Estates Ltd v SIR* 1975 (4) SA 177(A), 37 SATC 193.

*Overseas Trust Corporation Limited v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71.



*Pyott Ltd v CIR* 1945 AD 128, 13 SATC 121.

*Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54.

*ITC 416* 1938, 10 SATC 261.

*ITC 1071* 1963, 27 SATC 185.

*ITC 1578* 1993, 56 SATC 254.

*ITC 1634* 1997, 60 SATC 235.

### **In die buiteland**

*Commissioners of Inland Revenue v Thomas Nelson & Sons, Ltd.* 1938  
22 TC 175.

*COT v Orica* 1998 HCA 33.

*Davies v Premier Investment Co., Ltd.* 1945 2 All ER 681.

*Federal Commissioner of Taxation v Hurley Holdings (N.S.W.) Pty Limited* 1989  
20 ATR 1293.

*Federal Commissioner of Taxation v Meyer Emporium Limited* 1987 163 CLR  
199.

*Lomax (H.M. Inspector of Taxes) v Peter Dixon & Co., Ltd.* 1943 2 All ER 255.

*National Provident Institution v Brown* 1921 8 TC 57.

*Reference re Saskatchewan Farm Security Act* 1947 3 DLR 689.

*Riches v Westminster Bank Ltd* 1947 1 All ER 469.